# Kort Studies vir Klein Groepe



Danie Nell



**In ons land vind ek Leiers van Kleingroepe/Selgroepe wat altyd op soek is na Studie Materiaal wat hulle kan gebruik om hul mense toe te rus uit die Woord van die Here. Hierdie Notas wat ek saamgestel het mag moontlik help in hierdie behoefte. Elke leier is welkom om soos ons dit in Engels sal stel: "They can put their own flavour to it"**

**Bestel van:**
Danie Nell
Jeffreysbaai
Danie.nell1937@gmail.com

# KORT STUDIES VIR KLEIN GROEPE

## Voorwoord

**Hierdie boekie is nie saamgestel om van voorraf deurgewerk te word nie.**

**Elke leier en groep (asook persoon) kan besluit watter onderwerp studeer moet word. Dit was vir my 'n vreugde om dit saam te stel en ek bid dat dit 'n seën vir elkeen sal wees.**

**Mag dit 'n inspirasie wees om nog meer die Here se Woord te bestudeer. Daar is soveel waarhede in ons Bybel wat nog ontdek moet word!**

**Danie Nell**
**Jeffreysbaai**
**November 2019**

# INHOUD

Waarom Bybelstudie doen? (5)
Stres, en hoe om dit te oorwin? (17)
Hoe is ons as mens saamgestel? (20)
Kan ek volkome Vergifnis bekom? (25)
Wat sal vir my vervulling gee? (29)
Hoe moet ek Versoeking verstaan? (34)
Hoe belangrik is my woorde? (42)
Kan ons praat oor Geld? (47)
Genesing,en mag ek vir siekes bid? (58)
Lofprysing en Aanbidding (61)
Wat dit is om te glo? (71)
Woordstudie in Joh.14,15,16 (78)
Heerlikheid (83)
Reuse kan verslaan word (85)
Hoe aktiveer ek my geloof? (86)
Wil jy diensbaar wees vir God? (88)
Wat leer die Bybel oor Vrees? (89)
Skrifte oor Gebed (90)
Gesindheid (92)
Om in Besit te Neem (94)

| | |
|---|---|
| Jou Identiteit in Christus | (96) |
| God ontmoet jou volgens jou Verwagting | (98) |
| 2 Petrus 1:3-10 | (99) |
| Die Krag van Saamstem | (100) |
| Galasiërs 5:22 | (102) |
| Jou Posisie in Christus | (104) |
| Gee alles oor aan Hom | (106) |
| Psalm 92 | (108) |
| Word vernuwe in jou "denke" | (110) |
| Geestelike Groei | (112) |
| Wat jy "Gee" wys dat jy Groei" | (113) |
| Wat is 'n Voorbidder? | (114) |
| Bitterheid | (116) |
| Vroue in die Bybel | (117) |
| Waarhede in 'n Neutedop | (119) |
| Die Sonde teen die Heilige Gees | (123) |
| Egskeiding | (127) |
| Die Huwelik rus op 4 Pilare | (129) |
| Die Koninkryk breek vir homself 'n pad oop | (131) |
| Granaatjies en Klokkies | (133) |
| Die vyfpunt plan tot Leierskap | (136) |

| | |
|---|---|
| "Geen Veroordeling" | (138) |
| God se "kairos" tyd | (140) |
| God se Pad | (142) |
| Kan God ons weer roep? | (144) |
| "Herstel ons, o God" | (146) |
| Hoop – die bloudruk van Geloof | (147) |
| Ons het God se ingryping nodig | (151) |
| "Neem die Land in Besit" | (153) |
| Wakker die Gawes aan | (155) |
| Wat bring geluk? | (157) |
| Wat het Efese laat groei? | (160) |
| Wat verseker God se heerlikheid? | (162) |
| Wil jy 'n ware Leier wees? | (166) |
| Die Gemeente en Bedieninge | (167) |
| "So sê die Here aan Sy Gesalfde" | (169) |
| Strek jou uit na wat voor is | (171) |
| "God het my laat vergeet" | (174) |
| God het 'n plan vir jou lewe | (175) |
| Die Salwing met die Heilige Gees | (176) |
| Die doping met die Heilige Gees | (184) |
| Wees entoesiasties! | (186) |
| Dit is Volbring (deur:Alan Platt) | (188) |

## WAAROM BYBELSTUDIE DOEN?

Die Bybel gaan jou handboek wees deur jou hele lewe! En onthou dat die Bybel soos 'n goudmyn is, maar jy sal moet delf om die goud te ontdek!

**Maak 'n studie van 2 Tim.2:15 en 2 Tim.3:16,17**

1**. Bybelstudie is belangrik: Dit veroorsaak groei.**

**1 Pet.2:2** "Verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die Woord dat julle daardeur kan opgroei."

God se Woord is voorwaar voedsel.

**Matt.4:4** "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."

**Ps.119:1**05 "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad"

2. **Metodes van Bybelstudie.**

Die beste metode is om daagliks die Bybel te lees. Lees die Bybel totdat dit met jou in jou gees praat. Studeer onderwerpe soos: Bekering; Die Heilige Gees.

Wat het jy nodig?

(a) Verskillende Bybels met goeie verwysings.

(b) Slaan ook woorde na wat verwant hou met jou onderwerp.
Bv. Gebed. Kyk dan ook na Voorbidding; Toewyding ens.

(c) Bou jou notas op tekse wat duidelik is oor jou onderwerp.
Vermy tekse wat jy nie verstaan nie, totdat jy meer weet.

Lees 'n Hoofstuk teks vir teks

Ons noem dit die Analitiese metode. Vra vrae soos:

(a) Waar het dit plaasgevind?
(b) Wie was die rolspelers?
(c) Wat is die vernaamste WAARHEID in die gedeelte?
(d) Wat is die SLEUTEL VERS in die deel?
(e) Wat vertel die gedeelte aan my wat ek behoort te doen?
Maak altyd 'n toepassing eers op jouself voordat jy dit aan ander oordra. Wees ook 'n dader van die Woord (Jak. 1:22-25)
(f) 'n Hele boek: Soos JAKOBUS.
Vra jouself gedurig die volgende vrae terwyl jy lees:
Wie was die skrywer? Jak.1:1 (Jesus se broer – Gal.1 :9)
Aan wie het hy geskryf? Jak.1 :1 ;2:1
Wat was die skrywer se hoof doelwit?
Hy leer oor geloof.
Watter sleutelwoord gebruik die skrywer?

KARAKTER STUDIES

God het baie voorbeelde in Sy woord vir ons gelaat van manne en vroue wat oorwinnings, neerlae, stryd, depressie, en versoekings ondervind het. Alles was om ons Sy genade te wys en ons te help om geestelik te oorwin.

Hoe doen jy 'n karakter studie in die Bybel?

Besluit op 'n karakter
Maak 'n lys van Skrifte wat oor die persoon praat.
Lees dit alles met aandag deur, terwyl jy notas maak.
Gebruik verskillende vertalings van die Bybel.
Wat beteken die persoon se naam?
Uit watter familie kom die persoon ?
In watter tyd het die persoon geleef?
Wat het die persoon bereik en watter negatiewe asook positiewe dinge het met hom/haar gebeur?
Wat kan ek leer uit die lewe van hierdie persoon?

## 3. Wat jou sal help wanneer jy Bybelstudie doen.

Verskillende vertalings. Soms help 'n ander vertaling jou om die Skrifgedeelte beter te verstaan.
Hou altyd 'n notaboek by jou Bybel. Wanneer die Here met jou praat deur die Bybel moet jy 'n nota daarvan maak.
Nuwe Christene moet altyd eers die Nuwe Testament lees.
Die vier Evangelies vertel ons van Jesus se leefwyse.
Handelinge vertel ons hoe die Heilige Gees gewerk het in die tyd nadat Jesus weer teruggegaan het na Sy Vader.
Die Sendbriewe (vanaf Romeine) leer ons hoe ons moet leef as God se kinders.

## 4. Gelykenisse, Tipes en Simboliek

**'n Gelykenis** is wanneer die Bybel ons 'n waarheid wil leer op 'n alledaagse manier. Die woord in Engels is "Parable" en kom van die Griekse woord "paraballo" wat beteken iets langs iets anders te plaas. Dink aan die gelykenis van die Saaier in Matt.13

**Tipes** is 'n Profetiese verwysing. M.a.w. 'n Tipe in die Ou Tes. Kan profeties verwys na iets wat sou plaasvind in die Nuwe Tes.
Daar is pragtige Tipes in die Bybel.

Soos in Gen.24:

- Abraham (tipe van God)
- Eliëser (tipe van die Heilige Gees)
- Isak (tipe van Jesus)
- Rebekka (tipe van die bruid van Christus)
- Eliëser moes Isak se bruid gaan haal.
- Dit is die Heilige Gees wat ons as bruid vir Christus gaan haal het.
- Rebekka het Eliëser ontmoet by 'n fontein. Dank God vir die fontein van lewende water waar ons met Sy Gees ontmoet het.
- Sy was gevra om bruid te word van 'n onbekende man.

**Simbole** is iets wat staan vir 'n ander mening as wat oorspronklik voorgehou word. Die boek Openbaring is vol daarvan.

## ONS BYBEL

Die BYBEL bevat die wil van God, die toestand van die mens, die weg van saligheid, die oordeel oor sondaars, en die geluk van die gelowiges. Sy leerstellings is heilig, sy bevele bindend, sy geskiedenis waar en sy uitsprake onveranderlik. Lees dit om verstandig te wees, en beoefen dit om heilig te wees. Dit bevat lig om u te lei, voedsel om u te versterk, en troos om u te bemoedig. Dit is die reisiger se landkaart, die pelgrim se staf, die loods se kompas, die soldaat se swaard, en die Christen se handves. Hier is die Paradys herstel, die hemel geopen en die poorte van die hel geopenbaar. CHRISTUS is die grootste onderwerp daarvan, ons welsyn die opset, en die eer van God die doel daarvan. Dit moet die geheue vul, die hart regeer, en die voete rig. Lees dit stadig, dikwels, en biddend. Dit is 'n myn van rykdom, 'n paradys van heerlikheid, en 'n rivier van genot. Dit word aan u gegee in hierdie lewe, sal oopgemaak word by die oordeel en onthou word tot in ewigheid. Dit bring die hoogste verantwoordelikheid mee, sal die hardste arbeid beloon, en sal almal veroordeel wat met die heilige inhoud daarvan speel.

## OPSOMMING VAN DIE OU TESTAMENTIESE BOEKE

1. <u>Die eerste vyf boeke noem ons PENTATEUG</u>
   GENESIS - Begin of oorsprong
   EXODUS - Uittog of vertrek
   LEVITIKUS - Hulle wat kerklike diens moes verrig
   NUMERI - "Boek van getalle" telling van Israel
   DEUTRONOMIUM - Die tweede bekendmaking van die wet

2. <u>Die Geskiedenisboeke:</u> (van Josua tot Job)
Die dertien boeke wat op die Pentateug volg, is almal geskiedenis boeke. Dit bevat geskiedenis van die Israelietiese volk vanaf die vestiging in hulle land. Die geskiedenisboeke word afgesluit met die aanvang van die herstel en opbou van die Heilige Land. Alhoewel hulle bykans geheel en al geskiedkundig van aard is, is daar wel talle geestelike lesse in die geskrifte vervat. Hierdie boeke dek 'n tydperk van ongeveer 1 000 jaar na die dood van Moses.

**<u>Afsonderlik beskou, bevat die boeke die volgende inligting:</u>**

**JOSUA:** Die finalisering van die bevryding uit Egipte, die opvolging van Moses deur Josua, die oorname van Kanaän en die verdeling van die land tussen die twaalf stamme van Israel. Josua, na wie die boek vernoem is, is die hoofkarakter en waarskynlik ook die skrywer.

**RIGTERS:** Beskryf die geskiedenis en die vroeër jare van die volk.

Dit word gekenmerk deur hulle periodieke afval van God en die daaropvolgende invalle deur vyande as straf. Gedurende hierdie tydperk is die volk geregeer deur rigters wat in tye van krisis deur God aangewys is. Hierdie boek meld die name van dertien rigters waaronder een 'n vrou was.

**RUT:** Staan bekend as die mooiste verhaal in die wêreld.

Hierdie boek werp meer lig op die familielede in die dae van die rigters. Ons kry 'n insig in die Joodse gebruike van daardie dae van die rigters. Die hoë geestelike voorbeelde daarin vervat moet deur ons nagestreef word.

**BOEKE VAN SAMUEL:** Die glorieryke tydperk van Israel se bestaan word deur Samuel, die vyftiende en finale rigter, hierin opgeteken. Verder vertel hy van die instelling van die konings waarvan Saul die eerste was. Die jong Dawid is prominent in hierdie verslag en hy word ook later koning oor die Joodse volk. Jerusalem word verower en dien as die geestelike en maatskaplike hoofstad.

**BOEKE VAN KONINGS:** Behandel die laaste dae van Dawid se heerskappy en sy opvolging deur Salomo. Onder laasgenoemdes se koningskap vind die grootste uitbouing van Israel plaas. Verder leer ons van die twee koninkryke waarin Israel verdeel is na die dood van Salomo - Israel en Juda - en die vyandskap tussen die twee koninkryke. Die verskillende konings van die twee koninkryke word gemeld totdat die volk verslaan en in ballingskap weggevoer is. Ons leer ook van die magtige bediening van die grootse profeet in die Ou Testament, Elia en sy opvolger Elisa.

**DIE BOEKE VAN KRONIEKE:** Vermoedelik geskrywe deur Esra en is 'n herhaling van die geskiedenis opgeteken in 2 Sam. 1 en 1 & 2 Konings. Hierdie boeke begin met die kroning van Dawid, sy opvolging deur Salomo, eindig met die neerlaag van Juda en sy voortbestaan.

**ESRA:** Hierdie is 'n verhaal van 'n groep Jode wat na Jerusalem teruggegaan het, om die tempel te herbou. Kores, die Persiese koning, speel 'n groot rol in die herbou van die tempel in Jerusalem.
**NEHEMIA:** Nehemia gee sterk leiding in die herbou van Jerusalem se mure onder baie vervolging. Gelukkig voltooi hy sy taak.
**ESTER:** Die verhaal van Ester ontvou in Persië terwyl Esra en Nehemia in Jerusalem was. Gelyk aan die boek Rut, is dit 'n opwindende verhaal uit die lewe van die Jode. God se getroue wag oor en sorg vir sy volk, word duidelik in hierdie boek geopenbaar.
**JOB:** Hierdie boek is geskiedenis van 'n sekere man in Israel wat ten spyte van baie teleurstellings op God bly vertrou het; iemand wat onder moeilike omstandighede nog kon uitroep: "EK WEET MY VERLOSSER LEEF"

3. <u>4 Boeke van Poësie</u>: Psalms tot by die Hooglied van Salomo
4. <u>17 Profetiese boeke</u>: Jesaja tot Maleagi

**<u>DIE NUWE TESTAMENTIESE BOEKE:</u>**

1. Die 4 Evangelies: Mattheus, Markus, Lukas en Johannes.
2. Die Handelinge van die Apostels
3. Die Sendbriewe: Romeine tot Judas
4. Die Openbaring van Johannes (Eintlik van Jesus Christus – Open. 1:1)

**DANK GOD VIR DIE BYBEL IN ONS EIE TAAL:**

Daar is tienduisende van boeke op aarde, maar die meeste is net vir 'n tyd; net so sterflik soos die mens! Baie boeke sterf reeds in die hande van drukkers, MAAR DAAR IS 'N BOEK WAT NOOIT SAL STERF NIE, EN DIT IS ONS BYBEL!!! Dink maar aan die vervolgings wat die Bybel moes deurmaak en tog kon die duiwel die boek nie uitgeroei het nie. Saam met die Psalmdigter roep ons uit: "U Woord is deur - en deur – gelouter en u kneg het dit lief" (**Ps. 119:140)**

**ONS GLO DAT DIE BYBEL GOD SE WOORD IS, WEL OM DIE VOLGENDE REDES:**

1. **2 Tim. 3:16** "Die hele skrif is deur God ingegee"
   **2 Pet. 1:21** "Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe het die heilige mense van God gespreek" **1 Pet. 1:25**
2. 'n Tweede bewys dat die Bybel God se Woord is, is die eenheid daarvan:
   Die Bybel bevat:
   **66 boeke (39 in Ou Tes. en 27 in Nuwe Tes.)**
   **1180 hoofstukke**
   **773 692 woorde**
   **3 566 940 letters**
   Dit is geskrywe deur 35 mense (Hulle was skaapherders, vissermanne en selfs konings) Dit is geskryf in verskillende lande, oor 'n tydperk van ongeveer 1 600 jaar…en tog vorm dit as geheel 'n wonderlike eenheid!!

MEER NOG: Die een Testament bewys die ander. Dink maar net aan die leiding en dood van Jesus. Wat in die Ou Testament voorspel is, het letterlik in die Nuwe Testament gebeur. Lees Jesaja 53, dan sal jy dink dat dit nà Jesus se kruisdood geskryf was. Tog is dit ongeveer 800 jaar vòòr Christus se kruisiging geskryf!!

3. Nog 'n rede waarom ek glo dat die Bybel God se Woord is, is omdat die Wetenskap dit bewys:
   Vrae soos: Was daar 'n sondvloed?
   Was daar stede soos Sodom en Gomorra?
   Was daar 'n stad Ninevè; en kon 'n vis Jona ingesluk het?
   AL hierdie vrae en nog meer word deur Wetenskap vandag bewys, deur die opgrawings en ontdekkings wat hul gemaak het.
   Selfs die ontdekking van Habbakuk en die 66 hoofstukke van Jesaja wat naby die Dooie See in sekere grotte ontdek was, het talle kritici se monde gestop.
4. 'n Verdere bewys is die persoonlike ondervindings van mense:
   Baie lewens is verander deur hierdie Boek en talle het genesing hierdeur ontvang.

**<u>GOD SE WOORD IS:</u>**

1. **<u>'N SWAARD:</u>**
   **Heb. 4:12** "Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard" **(Ef. 6:17)**
2. **<u>VOEDSEL</u>**:
   **1 Pet. 2:2** "En verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei"
   **Matt. 4:4** "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan"
3. **<u>SAAD:</u>**
   **1 Pet. 1:23** "Want julle is wedergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike deur die lewende Woord van God, wat tot in ewigheid bly" (Sien ook Markus 4:3;14)
4. **<u>'N REDDENDE KRAG:</u>**
   **Rom. 1:16** "Want ek skaam my nie oor die Evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo"
5. **<u>GOD SE WOORD IS SOOS 'N HAMER</u>**
   **Jer. 23:29** "Is my woord nie sò, soos 'n vuur, spreek die Here, en soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie?" ELKE ROTS van siekte, sonde of probleme kan verbruisel word deur diè hamer, nl. God se Woord.

**<u>WAT BETEKEN DIE WOORD VAN GOD VIR MY?</u>**

1. **<u>DIT BEWAAR MY TEEN SONDE:</u>**
   **Ps. 119:11** "Ek het u woord in my hart gebêre dat ek teen u nie sal sondig nie"
2. **<u>DIT VERLIG MY PAD:</u>**
   **Ps. 119:105** "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad"
3. **<u>DIT REINIG ONS LEWENS:</u>**
   **Ps. 119:9** "Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na U woord."
   **(Lees ook: Joh. 15:3 en Joh. 17:17)**
4. **<u>DIT GEE BLYDSKAP:</u>**
   **Jer. 15:16** "Toe u woorde gevind is het ek hulle opgeëet, en U Woord was vir my 'n vreugde en vrolikheid vir my hart, want U Naam is oor my uitgeroep, HERE, God van die Leërskare."

## STRES, EN HOE OM DIT TE OORWIN?

Collins English Dictionary, beskryf "stres" soos volg: *"If you are stressed, you feel tense and anxious because of difficulties in your life."*

Twee duisend jaar gelede het Jesus die beste raad aan ons gegee hoe om stres te oorkom, en dit is om Hom ten volle te vertrou vir alles wat ons nodig het. Lees gerus weer met aandag **Matt. 6:25-34**

Deur nie bekommernis en stres toe te laat om hom te oorheers nie, kon Paulus 'n lewe van sukses leef. Derhalwe kon hy uitroep in **Hand. 20:24:** *"...ek bekommer my glad nie en ek ag my lewe vir myself nie dierbaar nie, sodat ek met blydskap my loopbaan kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het, om kragtig te getuig vir die evangelie van die genade van God."*
Indien jy sukses wil bereik sal jy moet weet hoe om stres te oorwin.

Ek kan jou sekerlik iets leer oor stres, want in 2006 het stres my hartare laat plafval. Die hartspesialis het gesê dat my probleem nie cholesterol was nie maar stres. Soveel so dat drie are 93% toe was en die hoofaar 99%. As gevolg daarvan moes ek 'n vyf hartomlynings-operasie ondergaan het. Alles as gevolg van stres!
Ai, as ons maar net wil luister na Jesus se raad oor stres en bekommernis in Matt. 6:25-34.

Op Vrydag 26ste Maart 2006 het ek vyf hartomleinings gehad.

Vir 'n paar dae het ek net 'n drukking op my bors gehad. Geen pyne nie, net 'n aanhoudende drukking.
Na 'n mediese ondersoek is ek verwys na 'n hart spesialis. Wat my getref het was toe die kardioloog my laat verstaan het dat die vier hoofare na my hart "platgeval" het. Drie are was 93% toe en die hoofaar 99%.
Dit was nie as gevolg van cholestrol nie maar stres wat ek die laaste tien jaar beleef het. Toe ek daaroor nadink kon ek met hom saamstem.

Nou die vraag: Hoe kan 'n mens stres oorwin? Die antwoord rakende hierdie vraag het soos volg na my gekom.

(1) Doen introspeksie en wees eerlik met jouself sodat jy sal weet watter dinge stres in jou lewe veroorsaak.

(2) Nadat jy dit wat spanning veroorsaak identifiseer het, en dit 'n naam gegee het, moet jy dit aanspreek dit aan uit die Woord van die Here.
Jy kan alleenlik iets wat 'n naam het onder jou voete sit. Ef. 1:22,23.
(As jy iets "onder jou voete sit" meen dit dat jy oor dit heers.)

(3) Soek iemand met wie jy kan praat oor hierdie dinge. Iemand wat jy kan vertrou. Daar is mos krag in saamstem (Matt. 18:19)

(4) Luister gereeld na goeie musiek. Dit hoef nie altyd net geestelike musiek te wees nie, maar dit moet musiek wees wat strelend is.

(5) Wees versigtig waarna jy kyk op TV. Veral voordat jy gaan slaap moet jy seker maak dat dit waarna jy gekyk het nie spanning in jou sal veroorsaak nie.

(6) Leer om weer te lag.
Dit is uitstekende "medisyne" om gereeld te kan lag. Lag hier van diep uit jou hart en jou maag uit.

<u>Ons vind 'n treffende teks in Spreuke 17:22</u>
*"Vreugde en geluk is goed vir jou gesondheid. Depressie kan jou knak." (Die Boodskap)*
*"'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog."*
*(Ou Vertaling)*
*"A happy heart is a good medicine, and a cheerful mind works healing, but a broken spirit dries the bones." (Amplified Bible)*

<u>Stres beteken:</u> "<u>**S**</u>erious <u>**T**</u>ension <u>**R**</u>esulting in <u>**E**</u>xcessive <u>**S**</u>elfdestruction"

## HOE IS ONS AS MENS SAAMGESTEL?

'n Goeie teks in die Bybel om te wys dat die mens 'n "drie eenheid" is vind ons in **I Thes.5:23** "En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle Gees en Siel en Liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die Wederkoms van onse Here Jesus Christus."

Volgens bogenoemde teks moet "volkome heiligmaking" dus plaasvind in al drie hierdie areas van die mens, naamlik gees, siel en liggaam.
In Markus 12:30 sê Jesus dat ons God soos volg moet liefhê: "en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart (dit is jou gees) en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag (dit is jou liggaam)"

Wedergeboorte (dit is wanneer Christus jou red uit jou sondige toestand en jou God se kind maak) vind plaas in ons gees. Jy en ek moet self werk aan ons siel (m.a.w. Ons denke; emosies en wil) asook ons liggaam.

Toe God die mens gemaak het, het Hy ons gemaak uit 'n "stoflike" en uit 'n "geestelike" deel. Die "stoflike" is ons liggaam en die "geestelike" is ons gees en siel. (Gen. 2:7)

Die Bybel praat ook van die "uiterlike mens" asook die "innerlike mens" soos wat ons lees in **2 Kor. 4:16**
*"Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe."*

**1 Pet. 3:3,4** verwys weer na die *"uiterlike"* asook *"die verborge mens van die hart"*

God se Gees maak kontak met ons gees.
In **Rom. 8:16** staan geskrywe: *"Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is."*

*"Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die Mens wat in hom is ?"* **1 Kor. 2:11**

**JY EN EK IS DUS TEN EERSTE "GEES"**
En ons "gees" bestaan uit:
**Ons GEWETE** (wat ons vertel wat reg en verkeerd is)
**INTUISIE** (dit is hier waar ons "ingewings" kry)
ENGELS WOORDEBOEK:: "Impartation"
AFRIKAANSE WOORDEBOEK:
"Ingewing is 'n gewaarwording wat deur bonatuurlike of 'n innerlike mag in 'n mens tot stand kom.

**MAAR DAN BESTAAN ONS OOK UIT 'N SIEL**
Dit is nie maklik om die GEES en SIEL van mekaar te skei nie. Tog vertel die Bybel ons dat daar 'n verskil is tussen die twee. Derhalwe kan hulle geskei word volgens **Heb.4:12** wat soos volg lees:
*"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees."*

**‘N DEFINISIE VIR DIE SIEL IS: ONS DENKE; EMOSIES en WIL**
Ons denke: **Spr.23:7** vertel ons dat soos 'n mens dink so is hy.

DIE WAARHEID IS DAT ONS DIE SOMTOTAAL IS VAN WAT ONS TOT HIERTOE GEDINK HET!
*Lees gerus ook **Spr. 4:23** in Die Lewende Bybel* *"'n mens se hele lewe word deur jou gedagtes beheer."*

Die meeste siektes in die liggaam ontstaan in die siel van die mens. Daarom moet ons ons denke verander en dink soos God wil hê ons moet dink, soos wat ons lees in:
**Rom. 12:2** *"word verander deur die vernuwing van julle gemoed."*
**Fil. 4:8** *"alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit."*
**Kol. 3:2** *"Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie."*

**ONS EMOSIES**:
Ons emosies is die volgende: Liefde en haat; woede en kalmte;
entoesiasme en teleurstellings; vreugde en bedruktheid. Geen wonder dat ons self gedurig aan hierdie emosies moet werk nie. Daarom moet ons gedurig werk aan ons siel, wat bogenoemde insluit.

**ONS WIL:**
Jy en ek is nie soos 'n robot gemaak nie, en kan dus self besluite neem. Ons dink hier aan die keuse wat Moses die volk gegee het in die woestyn.
Ons lees in Deut. 30:19 die volgende woorde, naamlik:
*"Kies dan die lewe,*
*dat jy kan lewe."*
So gee God ons die wil om self besluite te neem.

**Wat beinvloed my siel?**
M.a.w. Wat beinvloed my **DENKE**, **EMOSIES** en **WIL?**

**Ten eerste dit wat ons "sien"**
Jesus het die volgende verklaring gemaak oor ons oë in
**Matt. 6:22,23**
*"Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees. Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie!"*

Dit kom hierop neer dat indien ons sondige dinge toelaat om deur middel van ons oë in ons harte in te kom sal die uitwerking wees dat ons hele lewe "donker" word, of dan "sondig" word.

**Ook dit wat ons "praat" beinvloed ons siel**
***Spr. 18:21*** *sê "Dood en lewe is in die mag van die tong."*
Wat jy en ek praat beinvloed nie net ander mense positief of negatief nie, maar ook onsself. Vra dus God om 'n wag voor jou mond te sit.

***Spr. 13:3*** *"Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy mond nie kan hou nie gaan sy ondergang tegemoed."*
***Spr. 15:1*** *"'n Sagte antwoord laat woede bedaar, maar 'n woord wat seer maak laat die toorn opkom."*
***Spr. 17:24*** *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel 'n genesing vir die gebeente."*

Wanneer die Bybel verwys na die siel (of bloed) van `n dier, dan verwys dit na die LEWE van die dier. Ons lees bv. hiervan in **Gen.9:4 en Lev.17:11.**
Die Hebreeuse woord wat hier as "siel" gebruik word is "nephesh" wat "lewe" beteken. Die dier het beslis nie 'n siel (denke; emosies en wil) soos die mens nie.

**DIE MENS BESTAAN OOK UIT 'N LIGGAAM.**
Ons LIGGAME is baie belangrik vir God.
In **Rom.12:1** lees ons: *"Ek vermaan julle dan…dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens."*

As God sê dat dit ons "redelike godsdiens" is, meen dit dat dit nie iets "onredelik" is wat God van ons verwag nie.

En in **1 Kor. 6:19,20** lees ons: *"Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie ? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God <u>dan in julle liggaam</u> en <u>in julle gees</u> wat aan God behoort."*
Ons is die meesterstuk van God se skepping. Ek en jy is uniek geskep. Lees gerus met aandag **Psalm 139**

# <u>KAN EK VOLKOME VERGIFNIS BEKOM?</u>

## <u>Vergifnis vind plaas op drie vlakke:</u>

**<u>Ten eerste kry jy vergifnis kry by die Here.</u>**
<u>Iemand vra</u>: Hoe kan ek vergifnis kry van my sonde?
Vra Jesus om jou te vergewe en te reinig met Sy bloed.
**In 1 Joh.1:7 en 9 staan geskrywe:** *"die bloed van Jesus Christus…reinig ons van alle sonde….. As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.*

As die bloed in ons liggame nie `n sekere liggaamsdeel bereik nie, sal daardie deel sterf. As Jesus se bloed nie u lewe deurvloei nie, sal u geestelik doodgaan. Daarom is dit noodsaaklik om 'n mens se sonde voor God te bely sodat die bloed van Christus die reinigingswerk in ons lewens kan doen.

**<u>Ten Tweede: Vergewe JOUSELF</u>**
Soos wat die duiwel Josua, die hoëpriester voor God aangekla het (Sag.3:1-5) só kla hy ons ook voor die Here aan. (Op.12:10) Moenie die duiwel help in sy vuil werk deur ander asook jouself voor God aan te kla nie.

<u>Alle sondes wat van harte bely is, is vergeefde en vergete sondes</u>

**Kyk wat het God met jou sondes gedoen wat Hy vergewe het:**
**Kol.2:14** (Die Lewende Bybel) "Hy het `n streep getrek deur die rekening van ons skuld, die lys van al die wette wat ons oortree het. Dit het alles teen ons getel, maar God het hierdie rekening tot niet gemaak toe Hy dit teen die kruis vasgespyker het."

**Ps.103:12;** God verwyder ons sondes so vêr as die Ooste is van die Weste
**Waar is Oos en waar is Wes?** Niemand kan `n spesifieke plek bepaal nie. Hy verwyder ons sondes so vêr van ons dat ons dit nooit weer kry nie.

**Jes.44:22** "Ek delg jou oortredinge uit soos `n newel en jou sondes soos `n wolk; keer terug na my, want Ek het jou verlos".
`n Newel is mis wat naby die grond is, en veroorsaak dat jy nie mooi jou pad kan sien nie. Wanneer God vergewe het, dan neem Hy hierdie 'mis' op ons pad weg sodat ons weer God se pad kan sien en daarop kan wandel.

**Miga 7:19** "Hy sal Hom weer oor ons ontferm. Ons ongeregtigheid vertree, ja, U sal hulle sondes in die dieptes van die see werp."
Letterlik beteken dit dat God ons jammer kry, en ons sondes onder Sy voete vertrap en hul dan almal diep in die see gooi. **Jer.31:34** "Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie."
As God nie daaraan dink nie, moet jy en ek ook nie daaraan dink nie.

**<u>Wat doen ek as die ou verkeerde gedagtes wil terugkom?</u>**

**Kol.3:1,2** "As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is … bedink die dinge wat daarbo is …"

VRAAG: Wat gebeur as ek weer sou sondig?

As kind van God moet ons nie sondig nie, maar indien ons wel sou sondig sal Jesus ons Middelaar wees tussen ons en God om in te tree vir ons sondes. **1 Joh. 2:1,2**

**DIT BRING ONS BY DIE DERDE SAAK t.o.v VOLKOME VERGIFNIS, NAAMLIK: VERGEWE JOU MEDEMENS**

Om volkome vergifnis deelagtig te word is dit nodig om vergifnis by God te kry, jouself ook te vergewe, maar is dit beslis ook nodig om ander te vergewe

In die "Onse Vader" gebed het Jesus ons soos volg geleer:
**Luk.11:4** "Vergeef ons ons sondes, WANT ons vergewe ook elkeen wat aan ons skuldig is."

Het jy geweet dat baie nie "berge" van probleme kan verskuif nie omdat hul nie kan vergewe nie? Mark.11:23,24 is twee wonderlike tekse. Maar om net te "GLO" en met jou berg "TE PRAAT" is nie genoeg nie.

<u>Daar is ook `n 25ste en 26ste vers. Lees dit ook.</u>

**Die Lewende Bybel vers 25:** "Elke keer as julle bid, moet julle julle afvra of daar iets is wat julle teen iemand het. Dan moet julle eers vergewe, sodat julle Vader in die Hemel ook kan vergewe wat julle verkeerd gedoen het."

**Wat gebeur as ek vergewe?** Ek ontsluit die geestelike deur vir dié persoon wat ek vergewe, maar ek maak myself ook geestelik vry van enige bindinge.

**En as ek nie vergewe nie?**
Word ek beslis oorgegee aan die "pynigers" volgens: (Matt.18: 15-35)
Die "pynigers" kan verskillende dinge beteken soos siekte; finansieële druk en baie ander kroniese probleme.

Die HOOFREDE waarom ek ander vryspreek is nie omdat hulle dit verdien nie, maar omdat ék vry wil wees. **Luk.6:37** *"Spreek vry, en julle sal vrygespreek word."*

Pasop vir bitterheid! Heb.12:15 *"pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie."* 'n Wortel kan nie gesien word nie, maar voed die plant.

**Die Griekse woord vir bitterheid is "pikros".**
Dit beteken om te "steek" of om te "sny". Iemand wat "steek en sny" (met hul mond) het bitterheid in hul lewe.
Bitterheid kan jou siek en selfs dood maak. Hand.12:20-24

**Hoeveel keer moet ek vergewe?**
Volgens Matt.18:21,22 is dit 70 x 7 keer en volgens Luk.17:3,4 is dit tot 7 maal per dag
**Weet een ding:** As jy nog aan iemand of iets dink wat jou benadeel het, en dit maak nog seer, dan het jy nog nie ten volle vergewe nie.

# WAT SAL MY VERVULLING GEE?

## Die Kerk is vol "onvervulde" Christene

Dieselfde vind ons in die daaglikse lewe

*'n Bankbestuurder wou 'n boer gewees het wat koeie melk. 'n Onderwyser wou 'n motorwerktuigkundige gewees het.*

Soos wat baie mense daagliks na hul werk gaan en frustreerd is omdat hulle die verkeerde werk doen; net so is gelowiges frustreerd in die kerk omdat hulle besig is met dinge wat die Here nie gesê het hulle moet doen nie.

Paulus skryf aan Timotheus en gee hom raad wat hy alles in die gemeente moet doen maar stel dit duidelik dat 'n mens net werklik vervulling kry in dit waarvoor die Here jou geroep het, en daarom moedig hy hom aan met die volgende woorde: *"verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; <u>vervul jou bediening</u>."* *(2 Tim. 4:2,5)*

Die woorde "vervul jou bediening" meen letterlik dat jy moet doen wat jy in jou hart voel om te doen, want dit sal versekering vervulling en geluk bring.

**<u>Indien ons ‘n studie maak van Efesiërs 4:11-16, is daar DRIE vrae om te vra:</u>**

- **Waarom het God leiers in Sy kerk gegee?**
  God het leiers soos: apostel; profeet; evangelis; herder en leraar gegee om lidmate toe te rus vir hulle werk wat hulle moet doen. (**Ef. 4:11,12**)

- **Wat is die rede dat ek diensbaar vir die Here moet wees?**
  Enige iets wat jy vir die Here doen sal jou geestelik laat groei. **Ef. 4:13 -15** *"...totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus." (Lees verder verse 14,15)*

  Dit wat ek vir die Here doen moet my dus help om Jesus beter te leer te leer ken en te groei na geestelike volwassenheid. Indien bogenoemde nie gebeur nie, moet ek seker maak of ek die regte dinge doen.
  Bv. Indien ek deel is van die aanbiddingspan in my kerk en ek groei nie geestelik nie, mag dit wees dat dit nie die regte ding vir my is om te doen nie. (Ja, daar kan ook ander redes wees indien ek nie groei nie)

- **Wat moet die gemeente baat deur my betrokkenheid?**
  Die bydrae wat ek lewer moet help dat daar **eenheid, liefde** asook **groei** in my gemeente sal wees. **Ef. 4:16**
  Regoor die wêreld groei gemeentes waar hul mense betrokke is.

**Wil jy groei, eenheid en liefde in jou gemeente sien? Verstaan dan Efesiërs 4:16**

Kom ons lees dit in verskillende vertalings:
**Ou Vertaling**: "Uit wie die hele liggaam - goed saamgevoeg en saam verbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate - die **groei** van die liggaam bevorder vir sy eie **opbouding** in **liefde**"

Volgens hierdie skrif word 'n gemeente aanmekaar verbind deur die ondersteuning van die lidmate, as elkeen hul funksie vervul waarvoor die Here hulle geroep het.

**Nuwe Vertaling**: "Die verskillende liggaamsdele pas bymekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde"

**Die Lewende Bybel**: "Die kerk is Sy liggaam en die hele liggaam is van Hom afhanklik. Die dele van die liggaam is aan mekaar verbind en vorm 'n eenheid omdat elke liggaamsdeel sy werk doen en die ander liggaamsdele help. So groei die liggaam deur die medewerker van al die liggaamsdele, en daar is liefde onder mekaar."

**The Living Bible**: "Under His direction the whole body is fitted together perfectly, and each part in its own special way helps the other parts so that the whole body is healthy and growing and full of love."

**Amplified Bible**: "For because of Him the whole body (the church, in all its various parts closely) joined and firmly knit together by the joints and ligaments with which it is supplied, when each part (with power adapted to its need) is working properly (in all its functions), grows to full maturety, building itself up in love".

***In al bogenoemde tekse is dit duidelik dat indien ons <u>eenheid</u>, <u>groei</u> en <u>liefde</u> in ons gemeente wil sien, sal elkeen sy deel moet bydra waarvoor die Here hom of haar geroep het om te doen.***

**<u>ALGEMENE OPMERKINGS:</u>**

- Indien jy frustreerd is in wat jy vir die Here doen - los dit.
- Dit kan ook wees dat die Here jou iets nuuts wil gee om te doen.

ELKEEN IN DIE GEMEENTE MOET BESEF DAT HUL VIR GOD BELANGRIK IS. DAAROM MOET ONS WAAK TEEN VERWERPING.

**1 Kor. 12:15-17** *"As die voet sou sê: Omdat ek nie die hand is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie – behoort hy daarom nie aan die liggaam nie ? En as die oor sou sê: Omdat ek nie die oog is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie – behoort hy daarom nie aan die liggaam nie. As die hele liggaam oog was, waar sou die gehoor wees ? As dit geheel en al gehoor was, waar sou die reuk wees ?"*

Daar is "voete" in die gemeente wat die evangelie uitdra.

Daar is "hande"- Mense wat met hul hande werk vir God.
Daar is "ore" - Hulle wat kan luister na ander se nood.

**1 Kor. 12:21-26** Watter deel van jou liggaam het jy nie nodig nie? Miskien sal jy dink dat jou kleintoontjie nie belangrik is nie? Dan wil ek jou reghelp deur daarop te wys dat jy sonder hierdie toontjie die balans in jou voet sal verloor.

***'The Living Bible' is so treffend rakende wat ons vir God doen.***
***Ons lees die volgende in Rom. 12:6-8***

*"God has given each of us the ability to do certain things well. So if God has given you the ability to Prophesy, then Prophesy whenever you can - as often as your faith is strong enough to receive a message from God. If your gift is that of serving others, serve them well. If you are a teacher, do a good job of teaching. If you are a preacher, see to it that your sermons are strong and helpful. If God has given you money, be generous in helping others with it. If God has given you administrative ability and put you in charge of the work of others, take the responsibility seriously. Those who offer comfort to the sorrowfully should do so with Christian cheer"*

EN NOU: WAT WIL DIE HERE Hê MOET JY VIR HOM DOEN?

## HOE MOET EK VERSOEKING VERSTAAN?

Baie is onder die indruk dat die duiwel jou adres verloor het wanneer jy jou lewe aan Christus gee! O nee, hoe nader jy aan die Here leef, hoe meer sal jy vind dat die duiwel sy pyle op jou sal afskiet. Gelukkig het ons die volle wapenrusting van God ontvang om te oorwin teen die duiwel

**Ef. 6:10-17:** "EINDELIK, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van Gees – dit is die woord van God – ".

### Ons lees in Luk. 4:1-13 van die versoeking van Jesus.

En as die duiwel kans gesien het om Jesus te versoek, sal hy kans sien ook vir jou. (Lees ook: 1 Kor. 10:12)

Gelukkig kan ons die duiwel teëstaan.
**1 Pet. 5:7-9:** "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. Wees nugter en waaksam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof..."

**Kom ons kyk in watter tyd was Jesus versoek?**
Dit was net nadat Jesus gedoop was en die Gees op Hom neergedaal het in die Jordaanrivier. Is dit nie ook ons ondervinding nie? Die oomblik nadat ons aan God gehoorsaam word kom die Versoeker met sy aanvalle!

**Daar is drie tipe versoekings**

**Luk. 4:13:** "En toe die duiwel elke versoeking geëindig het, het hy 'n tyd lank van Hom gewyk." Die duiwel het drie soorte versoekings gebruik teen Jesus en toe 'n tyd lank van Hom gewyk. Hierdie woorde "'n tyd lank" vertel aan ons dat die duiwel nie geheel en al pad gegee het om nooit weer met sy versoekings te kom nie.

**Die duiwel versoek eerste die swakste plek in jou lewe.**

**Luk.2:2-4:** "Jesus was veertig dae lank deur die duiwel versoek is; en Hy het niks geëet in diè dae nie; en toe hulle verby was, het Hy naderhand honger geword. Toe sê die duiwel vir Hom: As U die Seun van God is, sê vir hierdie klip dat dit brood moet word. Maar Jesus antwoord en sê vir hom: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God."

Jesus was na 40 dae honger daarom kom die duiwel met die versoeking dat Jesus van die klippe brood moes maak. Normaalweg sou dit 'n groot wonder gewees het. Maar indien Jesus in opdrag van die duiwel hierdie wonder gedoen het, sou Hy voor die duiwel gebuig het.
Om vleeslike drange te hê is geen sonde nie, maar indien hierdie drange op die verkeerde manier bevredig word, kan dit sondig wees! Ons dink hier aan Esau. Dit was nie verkeerd om honger te word vir lensiesop nie, maar om sy geboortereg daarvoor te verkoop, was verkeerd.

**Die duiwel versoek ook deur dit wat ons sien.**
**Luk. 4:5-8:** "Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd. En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort. En Jesus antwoord en sê vir hom: Gaan weg agter My, Satan, want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."

Jesus word versoek deur dit wat Hy gesien het. Om te sien is geen sonde nie, maar om te begeer wat ons sien, as dit nie God se wil vir ons is nie, dit is 'n sonde.

**In v. 9-12 gebruik die duiwel die Bybel om Jesus te versoek.**
Moenie dink die duiwel ken nie die Bybel nie! Leer egter die les by Jesus om die duiwel te oorwin deur te kan sê: " Daar is ook geskrywe", ken dus God se Woord sodat u die duiwel kan antwoord.

In **1 Joh. 2:16** gee Johannes 'n opsomming oor hoe versoeking tot die mens kom "Want alles wat in die wêreld is…die begeerlikheid van die vlees (Jesus was vesoek toe Hy honger was) en die begeerlikheid van die oë (kyk wat het die duiwel vir Jesus gewys) en die grootsheid van die lewe … is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld".

**Die vraag is: Hoe kan ek oorwin oor versoeking?**

- **Wees vol van die Heilige Gees.** Kyk weer mooi na Luk. 4:1 en 14: "En Jesus het vol van die Heilige Gees teruggekeer van die Jordaan af, en is deur die Gees in die woestyn gelei." Vers 14 "en Jesus het in die krag van die Gees na Galilea teruggekeer, en daar het 'n gerug aangaande Hom deur die hele omtrek uitgegaan;"

Jesus se krag was daarin dat Hy vol was van die Heilige Gees.

Geen wonder dat Paulus dit soos volg aan ons stel: "Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie" **Gal. 5:16**

- **Maak seker dat jy jouself bevind op die plek waar God se Gees jou gelei het. (vers 1.)**
  " When you are out of God's will, you are in total darkness"

- **Ken God se Woord sodat jy dit kan gebruik teen die duiwel.**
  Sorg dat jy genoeg bybelverse ken wat jy kan gebruik.

- **Moenie net hier voor jou vaskyk nie, maar plaas jou oë op 'n doel verder as dit.** Dink hier aan Moses **Heb. 11:24-26:** "Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê, .........en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning."

  Dink ook aan Josef. Al moes hy wegvlug van Potifar se vrou en Selfs onskuldig in die tronk beland (Gen. 39:40) Hou altyd jou oë op hoër dinge as die tydelike!

  **Een ding moet ons duidelik verstaan, en dit is:**
  Ek het nog nie gesondig as ek net versoek was nie.

As versoeking sonde was, dan het Jesus gesondig. Hy was egter versoek net soos enige van ons maar het nie toegegee aan die versoeking nie en het dus toe nie gesondig nie.

**Heb.4:15:** "Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek was net soos ons, maar sonder sonde".

Die ou mense het altyd gesê: "Jy kan nie help as 'n kraai oor jou kop vlieg nie, maar jy kan help dat hy nie in jou hare nes maak nie".

God versoek geen mens nie, en Hy sal ook nie toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie. **1 Kor, 10:13:** "Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra".

**As jy die vraag sou vra: "En as ek versoek word, wat dan?" word baie duidelik beantwoord deur Jakobus.**

**Kyk mooi na Jak. 1:2-4:** "Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof leidsaamheid bewerk. Maar die leidsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kort kom nie."

Dit is dus duidelik dat Jakobus ons wil leer om nie moedeloos te word as versoeking kom nie, maar juis dit as louter vreugde te ag.

**Jak. 1:12-15:** "Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet. Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word.
Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort."

**Hieruit leer ons die volgende lesse:**
Daar wag 'n kroon vir elke oorwinnaar oor versoeking! (v.12).
God versoek niemand nie (v.13).
Volgens verse 14,15 probeer versoeking jou wegsleep of weglok. As jy dus nie bereid is om weggesleep of weggelok te word nie, het jy nog nie gesondig nie.
<u>Agan het eers gesondig toe hy begeer en geneem het</u>
**Jos.7:20,21:** "Toe het Agan Josua geantwoord en gesê: Waarlik, ek het gesondig teen die HERE, die God van Israel, en so en so het ek gedoen. Ek het naamlik een mooi mantel uit Sinear by die buitgoed gesien en twee honderd sikkels silwer en een goud staaf van vyftig sikkels in gewig, en ek het dit begeer en dit geneem; en kyk, daar lê dit begrawe in die grond binne-in my tent en die silwer daaronder."

**Nou verstaan ons Jak. 1:15 beter wat sê:** "Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort".

**<u>Ander tekse oor versoeking</u>:**

**Matt.26:41:** "Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak."
**Luk. 22:40:** "En toe Hy op die plek kom, sê Hy vir hulle: Bid dat julle nie in versoeking kom nie."
**Gal. 6:1:** "broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reg help met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie."
**2 Pet.2:9**: "die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word;"

## <u>HOE BELANGRIK IS MY WOORDE?</u>

<u>Daar is baie  krag in ons woorde.  Positief of negatief</u>

**Spr. 13:3** *"Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy mond nie kan hou nie gaan sy ondergang te gemoed."*
**Spr. 15:1** *"'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af (laat die woede bedaar) maar 'n krenkende woord ('n woord wat seer maak) laat die toorn opkom."*
**Spr. 16:24** *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente."*
**Spr. 17:27** *"Wie sy woorde inhou, besit kennis; en hy wat kalm is van gees, is 'n man van verstand."*

<u>**'n Treffende teks bly Spr. 18:21:**</u> *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."*

<u>**Lees Jak.3:2-9 dan sal jy sien die geweldige krag die tong besit**</u>

**ONS MOET LET OP ONS  WOORDE, WANT ONS PRAAT VERKEERD.**
"<u>Ek is bevrees, so en so gaan gebeur</u>"
 Hoekom gebruik  ons die woord "vrees" so baie ?
"<u>Hoe gaan dit met JOU siekte?</u>"
 Ons praat of ons die siekte besit.
"<u>Dit is mos 'n familiekwaal - want die Here besoek 'n mens mos aan die 3de en 4de geslag</u>".

In Ex.20:5 lees ons hiervan maar let op die woorde ***"van die wat My haat"*** Indien jy nie die Here haat nie, kan dit mos nie van toepassing wees op jou nie.
"<u>Ek voel die griep kom aan"</u>
Moenie siekte na jou of jou huis "roep" nie.
"<u>Ag, ek is maar swak.</u>"
Hoe kan jy ooit dit sê terwyl Sy krag in ons swakheid volbring word.

En so kan ons aanvul op hierdie lys van die negatiewe dinge wat ons sê

**<u>DANK DIE HERE DAAR IS OOK POSITIEWE KRAG IN ONS WOORDE,EN DAAROM KAN ONS SELFS DIE DUIWEL OORWIN DEUR ONS TONG</u>**

**<u>Op. 12:11</u>** "En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis."

Hoor hoe praat Dawid met Goliat. **1 Sam. 17:45-47**
In vers 26 spreek Dawid vir Goliat soos volg aan: "Jou onbesnedene" met ander woorde "Goliat, jy het geen verbond met God nie - maar neem kennis, ek wel."

Dawid het Goliat oorwin nog voordat die klip sy voorhoof binnegedring het.

Lees weer van die Griekse vrou in **Mark. 7:28,29**
"En sy antwoord en sê vir Hom; Ja, Here, maar die hondjies eet darem onder die tafel van die kinders se krummels, en Hy sê vir haar, terwille van HIERDIE WOORDE kan jy gaan; die duiwel het uit jou dogter uitgevaar."

**IN JOU MOND HET JY SKEPPINGSKRAG**
**2 Kor.4:13;** "En omdat ons *dieselfde Gees van die geloof het* - soos geskrywe is; Ek het geglo, daarom het ek gespreek - glo ons ook, daarom spreek ons ook."

**Geloof is in ons mond en moet uitgespreek word.**
**Rom. 10:8-10** *"Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."*

**Ek het altyd oorwinning oor my seuns gespreek toe hul tieners was. Selfs in die nag wanneer hulle geslaap het, het ek in hul kamer gaan staan en woorde van oorwinning oor hulle uitgespreek. Ek doen dit nog steeds oor my vrou, deur haar te neem en seën hoorbaar oor haar uit te spreek!**

**Mark. 11:23,24** *Volgens hierdie skrif kan ons berge van probleme verskuif met ons mond!*

**<u>ONTHOU DIE VOLGENDE WANNEER JY MET JOU "BERG" VAN PROBLEME PRAAT:</u>**
Maak seker dat jy vanuit 'n posisie van gesag praat! Moenie voel jou "berg" is te groot vir jou nie. Onthou: By God is alle dinge moontlik. Maak net seker dat jy die regte woorde gebruik teen "jou berg."

**<u>HOE SAL JY PRAAT MET DIE VOLGENDE BERGE?</u>**
**<u>Finansiële berg ?</u>** *"Omdat ek volop saai, sal ek volop maai."* ***<u>2 Kor.9:6</u>***
*EK GLO DIE BELOFTE IN* ***<u>Mal.3:10</u>***

**<u>Siekte?</u>** "Deur Sy wonde is ek genees" ***<u>1 Pet.2:24</u>***
*ONTHOU: GOD HET DIE LAASTE WOORD OOR JOU LEWE*

*Daar was 'n blinde man vir wie gebid was in dienste. Daarna het hy teenoor almal bely dat hy genees is deur die wonde van Jesus. Terwyl hy in 'n haarkapper salon sit vra die haarkapper hom uit oor die gebed wat vir hom gedoen is en wat die gevolg daarvan was. Weer het hy getuig: "En deur Sy wonde is ek genees"*
*Die volgende oomblik sien hy homself in die spieël van die haarkapper, spring uit die stoel en hardloop daaruit terwyl hy juigend uitroep: "Ek kan sien, ek kan sien !"*

**<u>Jou Gesin?</u>** 'n Treffende teks wat ons kan bely indien daar 'n aanval teen ons gesin sou kom is: ***Jes.54:17***
*"ELKE WAPEN WAT TEEN JOU GESMEE WORD, SAL NIKS UITRIG NIE; EN ELKE TONG WAT TEEN JOU OPSTAAN IN DIE GEREG, SAL JY WEERLê."*

**<u>Kom die aanvalle van die duiwel in jou DENKE?</u>**
<u>Bely dan</u>:
***<u>1 Joh. 4:4</u>*** *Hy wat in my is, is groter as hy wat in die wêreld is!*
***<u>2 Kor.5:17</u>*** *Omdat ek in Christus is, is ek 'n nuwe skepsel!*
***<u>2 Tim.1:7</u>*** *God het aan my nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing.!*
***<u>Rom.8:</u>*****<u>1</u>** *Ek het geen veroordeling nie want ek in in Christus!*

# KAN ONS PRAAT OOR GELD?

Daar is meer as 2350 tekse in die Bybel oor geld en besittings, terwyl daar ongeveer 500 tekse is oor gebed en minder as 500 oor geloof. Jesus het baie geleer oor geld en besittings.
Dink maar daaraan hoeveel tyd spandeer ons om geld te maak, uit te gee, en selfs daaroor te bid.

**Alles, selfs geld en besittings, kom van die Here.**
In 1 Kronieke 29:12 het Dawid gesê: *"En die rykdom en die eer kom van U, en U heers oor alles; en in U hand is krag en mag, en in U hand is dit om alles groot en sterk te maak."* Lees ook: Deut. 10:14; Psalm 24:1; 1 Kor. 10:26

**God het belowe om vir ons te voorsien.**
Psalm 34:9,10; Matt. 6:31-33; Filippense 4:19

**God verwag dat ons regverdige rentmeester moet wees**
Die woord "rentmeester kom van die Griekse woord naamlik "oikonomos" wat vertaal word in die Bybel as "bestuurder, opsiener en toesighouer"
Die rentmeester tree op namens die "Meester"
Die verhaal in Lukas 16:1-13 onderstreep dat ons regverdig moet wees in alles.

**Skuld**
Spreuke 22:7 sê: *"'n Ryk man het mag oor arm mense, en as 'n mens geld leen, word jy die slaaf van die een by wie jy geleen het." (Die Lewende Bybel)*

Die omvang van mense wat in finasiële skuld is, is geweldig hoog. Dit is bevind dat 56% van alle egskeidings plaasgevind het as gevolg van finansiële druk.

Volgens die Woordeboek word skuld beskryf as: *"Geld of eiendom wat een persoon verplig is om aan 'n ander te betaal"*
Skuld is: Kredietrekeninge; banklenings; lenings by familielede; oortrokke bankrekeninge; agterstallige mediese rekeninge; en klere rekeninge.
Wat is nie skuld nie?: Water en ligte (wat betyds betaal word)
Die fisiese koste van skuld: Dit vermeerder stres, en beskadig verhoudinge.

Wat sê die Bybel oor skuld? **Rom. 13:8**
"*Wees aan niemand iets skuldig nie" (Ou vertaling)*
*"Moet nooit by iemand in die skuld wees nie – betaal alles" (L/Bybel)*
*"Betaal jou skuld! Moet niks aan ander mense skuld nie..." (Die Boodskap)*

Skuld word as 'n vloek beskou. (Deut. 28:15,43,44)
Skuld neem aan daar sal 'n môre wees, en dit is gevaarlik. (Jak. 4:13-15)

**Moenie borg teken nie!**
Spreuke 6:1-5; Spreuke17:18; Spreuke 22:26,27

**<u>9 Stappe hoe om skuldvry te word:</u>**

1. Stel 'n geskrewe Begroting op
2. Maak 'n lys van al jou bates (alles wat jy besit)
3. Maak 'n lys van al jou laste (alles wat jy skuld)
4. Bepaal hoe jy jou skuld gaan afbetaal, Betaal jou "kleiner skuld" eerste
5. Oorweeg dit om ekstra inkomste te verdien
6. Beperk die gebruik van kredietkaarte
7. Leer om vergenoeg te wees met wat jy het
8. Verander jou lewenstyl. Kry 'n goedkoper motor
9. Doen jou bes om 'n sekere bedrag per maand op belegging te plaas, al "leen" jy geld vir jouself om dit te doen. Jy sal jaarliks verbaas wees om te sien hoe sal hierdie belegging wat jy gemaak het help om bv. 'n oortrokke bankrekening te vereffen.

**Waar kan ek raad kry?**

Die beste raad kry jy in die Bybel.
(Ps. 119:24,105; 2 Tim. 3:16,17)

<u>Maar kry ook raad by ander</u>

Luister na goeie raad. (Spr. 3:5,6; Spr. 12:15; Spr. 15:22; Spr. 132:10;)

Ons moet nie hoogmoedig wees om raad te vra nie. Toe Israel nie God se raad gevra het nie, het hulle duur betaal (Ps. 106:13-15)

Kry soveel raadgewers as moontlik (Spr. 11:14)

**<u>Wie moet onder my raadgewers wees?</u>**
My moeder en vader (Spreuke 1:8,9)
Verseker my lewensmaat ook! Matt. 18:19 sê *"Waar twee van julle saamstem...sal die Here gee wat ons vra..."*
Die twee wat behoort saam te stem is man en vrou!!
(Lees ook: Prediker 4:9-11)
Enige toegewyde gelowige is iemand wat jy raad kan vra.

**<u>Doen hierdie gebed:</u>** *"Here, help my om skuldvry te wees, sodat ek genoeg kan hê vir myself en dat ek volop sal hê om vir ander wat in nood is ook te kan gee, soos wat ek leer in 2 Kor. 9:8"*

**Wees altyd eerlik**
Spreuke 4:24-26; Spreuke 6:16,17; Spreuke 12:22; Spreuke 20:23
Moses moes ook net leiers aanstel wat opreg en eerlik was. (Exodus 18:21)

**Dit is beter om te gee as om te ontvang**
Handelinge 20:35 *"Dit is beter om te gee as om te ontvang."*
**Maak 'n studie van 2 Kor. 9:6-11 dan vind ons:**
(1) Dat ons moet ek altyd gee met blydskap.
(2) Ons moet nie te min gee nie.
(3) Vir hom wat gee sal die Here genoeg gee weg te kan gee.

Gee aan jou kerk; gee aan armes en behoeftiges (Matt. 25:34-45) en moenie ophou gee nie

**Wat van spaar en beleggings?**
Dit is belangrik om nie al jou geld uit te leef nie, maar om te spaar.
Lees Spreuke 21:5,20; Spreuke 24:27; Spreuke 27:23,24; Spreuke 30:24,25; Prediker 3:1; Prediker 11:2 asook Jesaja 48:17,18

Jy moet nie spaar omdat jy geldgierig is nie. (1 Tim. 6:10) Geld is nie sondig nie, maar geldgierigheid wel. Dit is nie verkeerd om besittings te hê nie, maar dit is verkeerd as die besittings my "besit"

Dit was die fout van die ryk dwaas. Hy het God buite rekening gelaat in sy hele beplanning rakende sy besittings. Om te besit was nie sy probleem nie, maar sy goed het hom besit. (Lukas 12:16-21)

**Wat van 'n begroting?**
Dit is baie belangrik dat ons 'n duidelike maandelikse begroting sal hê, en dat ons daarvolgens sal lewe. Indien jy nie weet hoe om 'n begroting op te stel nie moet jy verseker goeie raad kry hoe om dit te doen.

**Is daar 'n sekere persentasie van my inkomste wat ek aan die Here moet gee?**

<u>Israel was skuldig deur nie hul tiendes aan die Here te gee nie.</u>

**Ons lees die volgende in Mal. 3:8-10**: "Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof my en julle sê: Waarin het ons u beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle my, julle, die hele nasie! Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef my tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie".

As ek nie tiende gee nie, beroof ek die Here!

Die teenoorgestelde is dus ook waar. As ek my tiende gee beloof die Here dat Hy 'n oorvloedige seën oor my sal uitstort.

**Tiendes – gee? Wat beteken dit?** Tiende is 10% van my inkomste, of anders gestel beteken dit om aan die Here een rand uit elke tien rand te gee.

**Waarvandaan kom die gee van tiende?**
Baie sê dat die gee van tiende onder die wet is, en dat dit dus nie nodig is vir die kind van God om 'n tiende van sy/haar inkomste aan God se werk te gee nie.

**Maar wat leer die Bybel?**
Abraham het tiende gegee aan Melgisedek, 'n priester van God. Gen. 14:18-20. En dit moet onthou word dat dit plaasgevind het 700 jaar voordat die wet gekom het.
Dit was dus God wat dit in Abraham se hart geplaas het om tiendes te gee. **Heb.7:1-4.**

Jakob het ook tiendes aan God gegee. Dit was meer as 400 jaar voor die wet gekom het. Gen. 28:20-22.
Selfs Jesus verwys na tiendes in die Nuwe Testament in **Matt. 23:23.**

**'n Eerlike vraag: Waarvoor word die tiendes gebruik?**

**Mal. 3:10:** "Sodat daar spys in My huis kan wees …" Hierdie "spys" verwys daarna dat dit goed sal gaan in alle opsigte met God se gemeente. Jy wil tog immers sien dat daar nie 'n tekort is in die bedehuis nie, en dat die sang en aanbidding sal wees tot eer van die Here. Daarby verlang jy dat daar altyd 'n prediker sal wees wat jou die nodige "spys" uit God se woord sal gee.

Volgens die bybel was die tiendes gebring om die Leviete en Priesters te onderhou in hul diens aan die Here. **(Num.18.)**
Die argument dat die herder van 'n gemeente geen vergoeding mag ontvang nie, het dus geen waarde nie. Paulus stel dit duidelik in **1 Kor. 9:13,14:** "Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie, en dat die wat by die altaar besig is , met die altaar deel nie? So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe". Geen wonder dat Nehemia ontsteld was toe hy uitgevind het dat die Leviete nie meer hul tiendes gekry het nie.**(Neh. 12:10-12.)**

**Die "tiendes" moet gaan aan hulle wat in diens van die Here staan.**
Numeri 18:8-10,24; Galasiërs 6:6; 1 Timotheus 5:17,18

**'n Oproep tot elke kind van die Here!**
"Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom". **Mark. 12:17.**

**Wanneer jy aan God gee, gee altyd met blymoedigheid.**
**2 Kor. 9:7** *"Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief."*
**Deut.16:17** *"ooreenkomstig die seën van die Here jou God wat Hy vir jou gegee het."*
**Ex. 25:2** *"Sê aan die kinders van Israel dat hulle aan My 'n offergawe moet bring; <u>van elkeen wie se hart hom aandrywe</u>, moet julle My offergawe bring."*

**Kyk gerus weer met nuwe aandag na 2 Kor.9:6-11.**
Watter magtige deurbraak op finansiële gebied sal net nie in die Kerk plaasvind as mense kan leer om te gee nie. Ek wil meer as dit sê: Ja, as hul die "agterstallige" tiendes sal bring na God se huis. Ons sal "hope" tiendes sien soos **2 Kron. 31:6-8.**

**Kom ek vertel jou 'n besondere storie in 2 Kronieke 31 en 32.**

**<u>Ek noem my storie: "HOPE TIENDES"</u>**

My storie gaan oor finansies en besittings. Ek lees hierdie woorde *"En Hiskia het die afdelings van die priesters en die Leviete vasgestel volgens hulle afdelings, elkeen volgens sy diens – as priesters of as Leviete **vir die brandoffers en dankoffers**."* (2 Kron. 31:2) Dit word nie gesê dat die priesters en die Leviete hier aangestel was om net tot diens te wees nie, maar spesifiek het dit gegaan *"vir die brandoffers en dankoffers"* M.a.w. om die volk te help om skoon te kom van hul sondes (daarvoor was die brandoffers) en dat hulle tempel toe sou bring, wat aan God behoort.

Koning Hiskia, het 'n voorbeeld gestel en 'n duisend bulle en seweduisend stuks kleinvee gebring vir die brandoffers. (2 Kron. 30:23,24) Praat van 'n voorbeeld wat leiers behoort te stel!
Hiskia het bevel gegee dat Israel hul tiendes sou bring, sodat die priesters en Leviete hul aandag en krag sou gee in God se Woord. (2 Kron. 31:4)
**En toe gebeur die wonder van die hope tiendes!**
Van oral kom Israel en bring hulle tiendes (selfs agterstallige tiendes) na die Here en plaas dit op hope. In hulle geval was dit nie soseer geld nie, maar beeste, kleinvee en materiële dinge wat hul kon bring.
Dink daaraan – hope tiendes! En dit oor 'n tydperk van vier maande gebeur. Hiskia was baie bly toe hy die hope tiendes sien. (vers 8)

Maar dit is nie al nie. Daar was so baie tiendes gebring dat die hoëpriester Asarja uitgeroep het in 2 Kron. 31:10 *"Vandat hulle die offergawe na die huis van die Here begin bring het, eet ons tot versadiging en hou nog oorvloedig oor; want die Here het sy volk geseên, sodat ons hierdie menigte oorgehou het."*
Ja, God gee altyd meer as genoeg. Hy wil hê dat jy en ek genoeg moet hê vir onsself asook genoeg om vir ander te kan gee. (2 Kor. 9:8)

Nou wat doen ons wanneer die Here ons finansieël seën? Dan tree "accountability" of sal ek sê "toerekenbaarheid" in. Daarom stel Hiskia dadelik in totaal 18 persone aan wat toesig moes hou en verslag moes gee van al hierdie tiendes en offergawes.
Dit vertel my dat hoe meer die Here ons seën in ons finansies, hoe meer moet ons "accountable" wees. Daar moet nooit in enige persoon se hart twyfel ontstaan hoe gewerk word met die gemeente finansies nie.

Die eerste deel van hierdie storie vertel ons dat Hiskia en die hele volk God tevrede gestel het in wat hulle gedoen het en dat hulle voorspoed beleef het. (verse 20,21)

**Maar wees gewaarsku!**
In **2 Kron. 32:1** lees ons *"Na hierdie dinge en hierdie bewys van getrouheid het Sanherib, die koning van Asirië, gekom en Juda binnegedring en die vaste stede beleër en bedoel om hulle vir hom te verower."* Wees gereed hiervoor, want ons vyand sal presies dieselfde doen as God ons met finansies en besittings seën.

Die storie word mooier en beter ten spyte van die dreigemente van koning Sanherib, want nadat Hiskia met sy leiers vergader het, het hy dadelik die die water toevoer wat buitekant die stad was toegestop. Almal het hierin saamgewerk. (vers 3,4)
Nou het almal moed geskep (2 Kron. 32:4) en die stukkende mure om Jerusalem herbou en 'n menigte wapens gemaak (vers 5) Hulle was nou gereed vir enige aanval van die vyand. Ek hou van die woorde in vers 7 waar Hiskia dit uitroep: *"Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik vanweë die koning van Assirië of vanweë die hele menigte wat saam met hom is nie; want by ons is meer as by hom." Wonderlik! Volgens 1 Joh. 4:4 is Hy wat in ons is baie groter as hy wat in hierdie wêreld is."* Waarom sal ons dan bang wees?

Sanherib het toe met 'n sielkundige oorlog gekom en sy soldate gebruik om God te verkleineer met woorde wat hulle uitgeroep het vanaf die buitekant van die mure. Lees gerus verse 8 tot 19, om dit beter te verstaan.

Hiskia roep die profeet Jesaja om saam te bid en God stuur net een engel om die hele vyand te vernietig. Sanherib was so skaam wat gebeur het, dat hy huistoe gevlug het. Daar het hy in die tempel van sy afgod gaan bid en sy eie seuns het hom daar met die swaard doodgemaak. (vers 21)
***Soos alle goeie stories behoort te eindig, het hierdie een ook 'n mooi einde, en dit is dat God vir Sy mense vrede gebring het!! (vers 22)***

## GENESING, EN MAG EK VIR SIEKES BID?

1. DIT IS GOD SE WIL OM TE GENEES:
Reg voor in die Bybel het God Homself soos volg geopenbaar:
**Ex. 15:26 "Ek is die Here wat jou gesond maak"**
Dit was een van die eerste beloftes wat God aan Israel gegee het nadat Hy hulle verlos het uit slawediens vir 430 jaar in Egipte. In Psalm 105:37 lees ons: "Toe het Hy (God) hulle laat uitgaan met silwer en goud, en onder sy stamme (Israel) was daar niemand wat struikel nie."
The Living Bible vertaal dit: "There were no sick and feeble folk among them."

Daar moes 'n groot wonderwerk plaasgevind het in een nag, want na al hierdie jare van slawediens moes daar baie siekte onder hulle gewees het. Nou trek hulle uit na die wildernes as gesonde mense!

God maak nie **siek** en dan weer **gesond** nie! `n Koninkryk wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie. **Luk.11:17,18**

Dit is God se **wil** dat jy gesond moet wees.
**In 3 Joh. vers 2 lees ons:** *"Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan."*
Genesing vorm ook `n deel van Christus se versoeningswerk op Gólgota
**Jes.53:4,5 1 Pet.2:24 Matt.8:17**

2. JESUS SE HELE BEDIENING WAS GENESING EN BEVRYDING
**(Matt.4:23-25) (Matt.8:16,17) (Matt.9:35-38) (Matt.14:14-36) (Luk.7:21)**

3. DIE GENESINGSBEDIENING IS VOORTGESIT DEUR DIE EERSTE KERK
**(Hand.3:1-9; (Hand.5:12-16) (Hand.8:5-8) (Hand.9:32-35) (Hand.14:8-10) (Hand.19:11,12)**

Deur genesings en wonders het die eerste Kerk gegroei.

4. WIE MAG BID VIR SIEKES?
Is dit net voltydse werkers en ouderlinge? Enige persoon met geloof! Lees gerus die volgende: **Mark. 16:17,18 Joh. 14:12,13**

5. HOE VIND GENESING PLAAS?
    a) Ons moet bid in die **Naam van Jesus** (Joh.14:3; Hand.3:6,16).
    b) Deur die **oplegging** van die hande (Mark.6:5; Mark.8:23;
    Luk.4:40; Luk.13:13; Mark.16:18).
    c) Deur te **salf met olie** (Mark.6 :13 ; Jak.5 :14).
    d) Oplegging van **doeke of sakdoeke**
    (Hand.19:11,12)

6. DIE TYDSDUUR VAN DIE GENESING:

a) Party genesings is **onmiddelik**.
Sommige vind eers **later** plaas (Dink aan die 10 melaatse manne, wat eers op pad na die priester gesond geword het – Luk.17:14)

7. WAAROM PARTY MENSE NIE GENESING ONTVANG NIE?

a) Gebrek aan geloof – Matt.13:58.
b) Verkeerde opvattinge, soos:
    - siekte is deur God as kruis op my gelê
    - siekte sal my geestelik verdiep
    - siekte hou my nederig
c) Sonde kan moontlik die oorsaak wees – Jes. 59:1,2; Joh.5:14. ONTHOU: Sonde is nie ALTYD die oorsaak nie – Joh.9:1-3

8. HOE KAN `N MENS SY GENESING BEHOU?

a) Eer die Here vir jou genesing. (Ps.50:15; Ps.103:1,2)
b) Getuig teenoor ander daarvan. (Joh.9:24,25; Hand.4:29,30)
c) Moenie twyfel toelaat nie. (Matt.14:31)
d) Moenie moedswillig verder sondig nie. (Joh.5:14)
e) Wy jou liggaam aan die diens van die Here toe. (Rom.6:13)
f) En natuurlik, skuil by die Here! (Ps.91)

**SLOTWOORD:**
**Jesus is die groot Geneesheer en het nog nooit verander nie. Hy wil vir jou en my gebruik om vir mense te bid sodat hul gesond kan word. KOM ONS DOEN DIT !**

## LOFPRYSING EN AANBIDDING

**Aanbidding moet by ons 'n lewensstyl wees indien ons ware groei in die Kerk wil sien**

**Lees Ps. 103:1-12 en antwoord ons die vrae:**

**Waarom moet God geloof word ?**

1. **Omdat Hy ons sondes vergewe het.**
**Ps. 103:2, 3 en 12** *"Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie! Wat al jou ongeregtighede vergewe, wat al jou krankhede genees,….So vêr as die ooste verwyderd is van die weste, so vêr verwyder Hy ons oortredinge van ons."*

*Dank jy nog God dat Hy jou sondes vergewe het? Jy moet nooit jou dank teenoor God hiervoor verloor nie.*

*Wees ook dankbaar vir Sy genesingskrag. Hy het sekerlik vir jou en jou gesin wonders gedoen. Loof Hom daarvoor en moet dit nooit vanselfsprekend aanvaar nie.*

*2.* **Wat ons verlos het uit die mag van die bose . Ps. 103:4**
*"...wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheiden en barmhartighede."*
Verstaan jy Kol. 1:13? *"Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van Sy liefde "*

**3. Omdat dit net Hy is wat ons siel kan versadig. Ps. 103:5**

*"wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut sal word soos die van 'n arend."*

**4. Lees Ps. 103:6,8,9 in "The Living Bible"**

*"He gives justice to all who are treated unfearly"*

*"He is merciful and tender towards those who don't deserve it. He is slow to get angry and full of kindness and love – He never bears a grudge, nor remains angry forever"*

**Die Boodskap vertaal dit:** *"Die Here help almal wat onderdruk word. Hy is goed. Hy sorg dat reg aan hulle gedoen word…..Die Here se hart is baie sag. Hy gee graag goeie dinge aan ons. Hy is geduldig. Hy het sy kinders baie lief. Die Here sal jou nie aanhou straf vir die verkeerde dinge wat jy gedoen het nie. Ook bly Hy nie vir altyd kwaad oor iets nie."*

*Is hierdie nie genoeg rede om gedurig God te loof nie?*

**<u>PSALM 150 ANTWOORD 4 VRAE:</u>**

***WAAR*** moet God geloof word? (Vers 1)

***WAAROM*** moet God geloof word? (Vers 2)

***WAARMEE*** kan God geloof word? (Verse 3-5)

***WIE*** moet God loof? (Vers 6)

WAT BETEKEN LOFPRYSING AAN GOD?

*"Lofprysing is om die voortreflikhede van God uit te spreek. Om die hoedanighede van God op te hemel en te prys!"*

## ***ONS HOOFDOEL VIR ONS BESTAAN IS OM GOD TE AANBID***

Geen bediening of *funksie* wat ek in Sy kerk doen, moet belangriker wees as dat ek God moet *aanbid* nie.
Baie gaan kerktoe en neem deel aan 'n ritueel. *Maar God soek ware aanbidders wat Hom in Gees en in Waarheid sal aanbid!* ***(Joh. 4:23, 24)***

Die woord "***Aanbidder***" beteken: "***hartstogtelike vereerder***"

***Joh. 4:24*** In die Lewende Bybel: "God is Gees, en die wat Hom wil aanbid, moet gelei word deur die Heilige Gees en met 'n eerlike hart bid. "

***Nuwe Vertaling***: "God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet deur die Gees en in waarheid aanbid."

Aanbidding is wanneer alles wat ons is, reageer op alles wat Hy is. Aanbidding is ons reaksie op die teenwoordigheid van God, sodra ons bewus word daarvan.

## DIE 7 HEBREEUSE WOORDE VIR LOFPRYSING

In die Bybel is daar 7 Hebreeuse woorde vir Lofprysing. Israel het dus presies geweet wat van hul verwag was as hulle die woorde Lof en Prys gelees en gehoor het .

**Ons verstaan aanbidding soos wat ons grootgeword het om dit te verstaan !!**

**Kom ons kyk na die volgende woorde:**

***1. HALLAL***

Hierdie woord kom ongeveer 100 keer voor in die Ou Testament. Een-derde vind ons in die Psalms.

***Hallal beteken:*** Om te roem; op te hemel; te spog; groot te praat; te vier; te herdenk; om uitbundig verspot te wees.

***Die woord Halleluja kom hiervan.*** Die woord *"halleluja"* het geen taalgrense nie en word in al die tale op dieselfde manier gebruik.

***Halleluja is die spontane uitroep van 'n persoon wat opgewonde is voor en oor God !***

***2. YADAH "Om met uitgestrekte hande God te aanbid"***

***Waarom hande ophef ?*** *(Het jy dit al gedoen?)*

- Iemand steek hande op as hy oorgee. Maak soos Jeremia in Jer. 20:7,9
- Iemand se hande word opgelig as hy wen. Dink aan 'n boksgeveg.

Ons is mos meer as oorwinnaars en het rede om ons hande op te hef na God wat ons die oorwinning gee.

***3. TODAH "Uitgebreide hande in bewondering"***

Wat sê die Bybel van ***opheffing van hande ?***

***Ps. 63:5*** "So sal ek U prys my lewe lank, in U Naam my hande ophef."

***Ps. 134:2*** "Hef julle hande op na die heiligdom, en loof die Here."

***Ps. 141:2*** "Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aand-offer."

**<u>Lees gerus: Neh. 8:6,7</u>**

***4. BARAK "Om God te verklaar as die oorsprong van alles"***

Een van die treffendste gedeeltes in die Bybel waar Barak lofoffers aan God gebring was, vind ons in 1 Kron. 29. 'n "Barak" lofoffer raak gewoonlik ons besittings."

**Luister:** Jy kan nie net lof aan God bring met leë hande nie. Kom ons kyk mooi na 1 Kron. 29 en sien wat gegee was aan God as deel van aanbidding.

**Maak 'n studie van 1 Kron. 29**

Kyk na Dawid se voorbeeld. Die Nuwe vertaling vertel ons wat Dawid bereid was om te gee as sy "Barak lofoffer" aan God.

**Dawid het gegee:**
*"Honderd-en-drie ton goud, van Ofir se goud, en 240 ton gesuiwerde silwer."* (Teen vandag se pryse het Dawid R700 miljoen se goud gegee.)

Om jou te help om die waarde van die goud en silwer uit te werk gee ons die volgende inligting: <u>1 Talent is gelyk aan 125 pond</u>
***<u>Onthou:</u>*** Daar is 14 onse in ***<u>een pond goud</u>***

**The Living Bible** noem syfers soos:

- 85 miljoen Dollars se goud
- 145 miljoen Dollars se silwer

<u>Die Leiers gee 171 ton goud asook 342 ton silwer (vers 6,7)</u>

Geen leier kan God se volk lei as hy nie bereid is om die voorbeeld te stel deur te gee vir God se werk nie. Laat dit wat jy gee aan God 'n lofprysing wees uit jou hart.
*<u>Bogenoemde is redes wat my oortuig dat 'n gemeente nie kan groei indien aanbidding aan God nie 'n ernstige saak vir hulle geword het nie.</u>*

***5. TEHILLAH <u>Dit beteken</u>: "Om met sang God te loof"***

***Ps. 22:4*** "Tog is U die Heilige wat woon onder die lofsange (Tehillah) van Israel" Gelowiges is mos singende mense!!

Israel het 4000 voltydse lofsangers gehad
***1 Kron. 23:3-5.***

Die sangers het hul dorpe om Jerusalem gebou, om naby die tempel te wees. ***Neh. 12:29.*** *"want die sangers het vir hulle dorpe rondom Jerusalem gebou."*

***<u>Ps. 100:4</u>*** *sal ons beter verstaan as ons na die oorspronklike Hebreeuse woorde kyk in die teks: "Gaan Sy poorte binne met <u>lof</u> (Todah = Uitgebreide hande in bewondering) Sy voorhowe met <u>lofgesang</u> (Tehillah = Met gesang) <u>Loof Hom</u> (Yadah = Opheffing van hande) <u>Prys Sy Naam</u> (Barak = Prys Hom met iets tasbaar omdat Hy die oorsprong van alles is!)*

## *6. ZAMAR "Om op snare van instrumente God te loof"*

M.a.w. om jou vreugde en dank teenoor God deur musiek uit te druk.

<u>Die volgende instrumente was gebruik om God te loof</u>:

Trompette Num. 10:10
In 2 Kron. 5:12-14 vind ons 120 wat God loof met trompette
Siters
Harpe
Tamboeryne
Bekkens (slaginstrumente)
Simbale

***2 Kron. 30:21*** Die Bybel verwys selfs na "kragtige instrumente" wat gebruik was om God te aanbid.

***2 Kron. 34:12*** praat van hulle wat "verstand gehad het van musiekinstrumente"

***1 Kron. 25:6,7*** praat van 288 "geoefende" persone wat "meesters" was in musiek.

## ***7. SHABACH "Luidkeels uit te roep"***

Dit is duidelik dat ons hoorbaar lof aan God moet bring. ***Heb. 13:15*** "Laat ons gedurig (beteken dag en nag) deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat Sy Naam bely".

***Ps. 34:2*** "Ek wil die Here altyd loof; Sy lof sal altyddeur in my mond wees."

***Ps. 126*** "Toe is ons mond gevul met gelag en ons tong met gejubel."

**Met die hart glo ons en met die mond bely ons. *Heb. 10:9,10***

**Daar is krag in "Shabach"**
So het Jerigo se mure geval. (***Jos. 6:20***)
Teen watter mure moet jy "Shabach"?
Dit was met lof aan God dat Josafat die oorwinning teen hul vyande behaal het. **2 Kron. 20:1-26**

***<u>Besluit om 'n Lofprysser en 'n Aanbidder te wees!</u>***

*Net soos die Tabernakel in die Ou Testament 'n woonplek van God was – so is ons as gelowiges die woonplek van die Heilige Gees.*

<u>Ons is God se Tempels</u>. ***2 Kor. 6:16***; "Want julle is die tempel van die lewende God soos God gespreek het: **Ek** sal **in** hulle woon en onder hulle wandel".

BAIE WIL AANBID TERWYL HULLE NOG MOET LEER OM TE BID!!

***<u>Indien jy nog nie 'n Aanbidder geword het nie, luister hierna</u>:***

*Joh. 4:23,24; " Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid moet in gees en waarheid aanbid."*

*<u>Meld asseblief aan, want God soek ware aanbidders !</u>*

## WAT SAL GEBEUR AS GOD GEPRYS WORD?

1. Die Here sal by die gemeente byvoeg die wat gered is. **(Hand. 2:47)**
   God het 3 000 bygevoeg op Pinksterdag en 'n paar dae later 5 000 **(Hand. 4:4)**

   Ware lofprysing sal nie mense wegjaag nie, maar eerder mense trek na ons dienste.

2. God se heerlikheid sal die kerk vul.
   **(2 Kron. 5:13,14)**
3. Jou probleme sal van jou ontslae raak.
   **(Jona 2:1-10)**
4. Ons vyande sal verneder word. **(2 Kron.20)**
5. Mense om jou sal ook bevry word as jy God prys **(Hand.16:25,26)**
   'n Ware Lofpryser ken nie selfbejammering nie.(Kyk hoe tree Paulus en Silas op)

   Selfs die deure van almal het oopgegaan. Die geregsdienaars het hul kom uitlei uit die stad, voor almal. (Hand. 16: verse 35-40)

**Jy sien, lofprysers is altyd in beheer!**

## **WAT DIT IS OM TE GLO?**

God het dit so belangrik geag om ons te leer wat GELOOF is dat daar 'n hele hoofstuk daaroor is in die Bybel, naamlik Hebreërs hoofstuk 11.
Dit word ook die "Geloofs-hoofstuk" in die Bybel genoem.
**Hebreërs 11:1 open met:** *"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."*

The Amplified Bible *"Now faith is the assurance (the confirmation, the title-deed) of the things (we) hope for, being the proof of things (we) do not see and conviction of their reality – faith perceiving as real fact what is not revealed to the senses."*
Die Boodskap *"Wat beteken dit om op God te vertrou? Geloof of vertroue in God beteken om nie een oomblik te twyfel nie dat Hy sy beloftes sal hou en om daarna uit te sien. Ons kan dit wel nie nou al sien nie, maar ons weet vir seker dat dit sal gebeur."*
Die Lewende Bybel *"Wat beteken dit om op God te vertrou? Dit beteken om seker te wees dat die dinge waarna ons uitsien, wel sal gebeur. Dit beteken ook om oortuig te wees dat die dinge wat ons nie kan sien nie, wel daar is."*
The Living Bible *"What is faith ? It is the confident assurance that something we want is going to happen. It is the certainty that what we hope for is waiting for us, even though we cannot see it ahead."*

Past. Reinhardt Bonnke het gesê dat as jy die Here vertrou vir 'n karavaan kan jy maar begin om die afdak te bou. Geloof is soos 'n getekende tjek.

Dr. Paul Yonggi Cho van Korea het so geglo vir sy eerste fiets en lessenaar.
Nadat hy die oggend in die diens die gemeente vertel het dat hy 'n fiets en 'n lessenaar het, het hul na die diens saam met hom gestap na sy woonstel om dit te sien. Toe hul daar opdaag was daar niks ! Saam met die groep was 'n swanger vroutjie. Hy vra haar toe of sy 'n baba het. Natuurlik was haar antwoord "ja" Hy het dadelik gereageer deur vir haar te sê dat hy geen baba kan SIEN nie. Haar antwoord was dat sy die baba gewaar binne haar. Dit is net waarvoor hy gewag het!
Hy verduidelik vir sy lidmate dat hy ook "swanger" was met die fiets en lessenaar. Hierdie boodskap het hul nooit vergeet nie.

**<u>'n Kort studie van Heb. 11</u>**
Vers 3: *"<u>Deur die geloof</u> verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit die sienlike dinge nie."* M.a.w. God het nie iets nodig gehad om te skep nie.
Wat geskep is het God geskep deur te spreek en dit was daar.
Lees self Genesis 1:3,6,9,11,14,20,24,26,29, *"En God het gesê..."*

Vers 4: *"<u>Deur die geloof het Abel</u> 'n beter offer aan God gebring as Kain..."*

Abel se offer was beter omdat hy 'n geslagte lam aan God geoffer het.
Deur die geloof het hy gesien dat God 'n offer van bloed gesoek het.

Vers 5: *"Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het."*
Die Boodskap vertaal dit: *"Henog het God ook so vertrou. Daarom is hy nie soos ander dood nie, maar God het hom kom haal en hemel toe gevat. Hulle het hom oral gesoek, maar kon hom nie kry nie, want God het hom weggevat. Voor dit egter gebeur het, het almal al daaroor gepraat dat God trots was op die manier waarop Henog geleef het."*
Henog was 365 jaar oud toe God hom lewend hemeltoe geneem het. (Genesis 5:21-24)

Vers 6: *"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."* Die Lewende Bybel: *"God kan nooit tevrede wees met iemand wat nie in Hom glo en op Hom vertrou nie."*

Vers 6: *"Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin..."*

Wat het Noag nog nie voorheen gesien nie? Hy het nog nooit voorheen reën gesien nie, want tot op sy tyd het God die aarde bevog met dou.
Toe die Here vir hom gesê het dat daar 'n groot reën gaan kom om die aarde te oordek het hy dit geglo en dadelik die ark begin bou.

Dit is treffend dat die Bybel sê Noag het die ark gebou om sy gesin te red! Vir God is die gesin lewensbelangrik. Wat ons ookal vandag doen in die kerk, mag ons nie ons gesin uitsluit nie.

DINK AAN MOSES !
Daar was 'n droom in sy hart. (Lees Heb. 11:24-27)
In vers 27 lees ons: *"...hy (Moses) het volgehou soos een wat die Onsienlike sien."*

Ek hoop daar is 'n "droom" in jou hart ?

**Geloof is wanneer jy met jou MOND te bely wat God gesê het.**

Maak 'n studie van Rom.10:8 en 2 Kor.4:13
Geloof word vrygelaat as ons dit wat ons in ons harte glo sal spreek.
Geen wonder dat Bartimeus al harder uitgeroep het nie. (Mark. 10:48)
Luister, niks moet jou keer om in God te glo nie.

<u>Voorbeelde</u>: Elia op Karmel (1 Kon.18:36)
Paulus op boot (Hand. 27:25)

(1) Praat met jou “BERG” Mark.11 :23,24
(2) Praat met jou siekte 1 Pet.2 :24
Ja, BID vir die sieke, maar spreek die SIEKTE aan in JESUS se naam.
(3) Praat met jou FINANSIES.
Bely hardop die volgende skrifte:
Mal.3 :10 Fil.4 :19

Bely God se BELOFTES oor jou lewe soos Maria dit gedoen het in Luk.1:37,38 “Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie. En Maria sê: Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens U Woord “

## 3. Geloof is om bereid te wees om te OFFER

Wys my wat jy bereid is om te offer dan sal ek weet dat jy waarlik glo
In Gen.22 leer ons dat GELOOF bereid is om te OFFER. Dit is waar Abraham sy seun Isak moes gaan offer op die berg Moria.

Lesse wat ons in dié hoofstuk leer is:

(1) Ons word almal getoets (verse 1,2)
(2) Abraham (noual 125 jaar oud) word gevra om Isak (25 jaar oud) as ‘n brandoffer te gaan offer. (Lev.1)
(3) Abraham moet dit wat God aan hom beloof het weer offer.

(4) Hoor hoe praat iemand wat geloof het: “Bly julle hier met die esel; ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid en dan na julle TERUGKOM.” (vers 5)
(5) Lees self Gen.22:6-11
(6) Die resultaat van gehoorsaamheid vind ons in v. 15-18.

**4. Geloof is om GEHOORSAAM te wees!**

As iemand waarlik glo sal hy gered word (Dink aan Num.21 Net hy wat geglo het, het gekyk en geleef)
Dieselfde geld vir GENESING.
As jy glo sal strome van lewende water uit jou binneste vloei. Joh.7:37-39

As jy glo sal jy soms dinge doen wat die gewone mens nie sal verstaan nie.
Noag bou bv. ‘n ark vêr van die see af terwyl dit ook nog nooit voorheen gereën het nie. Heb.11:7

Abraham trek weer weg toe God hom geroep het SONDER OM TE WEET waar hy sou kom. Heb.11:8 (God mag dit ook van jou vra)

Ons sê gewoonlik dat as God lei dan lei Hy duidelik. Tog het Israel nie die pad vorentoe in die woestyn altyd verstaan nie.
Want God sê hul moet optrek en net oor die bult wag die vyand om baie van hulle selfs dood te maak. Hoe verstaan ons dit ?

SOMTYDS NEEM GOD SELFS DIT WEG WAT ONS KAN SIEN SODAT ONS HOM TEN VOLLE SAL VERTROU.

Dink aan wat met die weduwee van Sarfat gebeur het in 1 Kon.17. Sy moes haar handvol meel en die bietjie olie weggee vir God se dienskneg, voordat dit meer kon word.

AS JY GLO, SAL JY DIE HEERLIKHEID VAN GOD SIEN. Joh.11:40

Die verhaal in 2 Sam.1:1-21 spreek altyd tot my van gelowiges wat hul GELOOFSKILD verloor het en soos koning Saul se skild wat op Gilboa in die son gelê en brand het, en nie meer met "Olie" gesalf was nie.

VERTROU DIE HERE OM WEER JOU "GELOOFSKILD" TE SALF MET SY WONDERLIKE HEILIGE GEES "OLIE"

***Mag jy vandag weer jou "skild van geloof" optel in die Naam van die Here!***

# WOORDSTUDIE in JOHANNES 14,15,16
# RAKENDE DIE HEILIGE GEES

## JOHANNES 14

**Joh. 14:16,17** *"En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle en in julle sal wees."*

DIE BOODSKAP: *"Ek sal met die Vader praat. Hy sal vir julle 'n spesiale Helper stuur. Hierdie Helper ken net een pad en dit is die pad van die waarheid. Ek praat natuurlik van die Heilige Gees. Die Gees sal julle nooit alleen los nie, maar oral by julle wees. Julle sal gou die Gees in julle lewe herken, want Hy sal heeltemal deel word van julle. Hy sal nie net by julle wees nie, maar ook in julle. Die sondige mense sal egter nie eens weet die Gees is daar nie en die Gees sal ook nie deel van hulle lewe word nie. Hulle sal ook glad nie op die golflengte van die Gees ingestel wees nie."*

Die Heilige Gees word in die Bybel genoem "Die Trooster" en die Griekse woord wat gebruik word is "Parakletos" en beteken: "Die een wat altyd by my is – wat my bystaan namens Jesus"

Ek hou van "The Amplified Bible" se weergawe van hierdie teks.
Die Heilige Gees is die een wat ons raad gee (Joh. 16:13)
Hy is ook ons advokaat (Matt. 10: 19,20)
Hy tree vir ons in (Rom. 8:26)
Hy versterk ons wanneer ons voel ons krag het baie min geword.

**Moet jy 'n besluit neem en soek jy dringend raad?**
Vertrou die Heilige Gees daarvoor.
Baie keer meen ons dat 'n goeie vakansie net die regte ding is om weer nuwe krag te kry – en dit kan help.
Maar die een wat gedurig jou wil versterk is God se Gees. In **Hand. 1:8** lees ons *"...maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom..."*

Die woord "krag" hier kom van die Griekse woord "dunamis" wat beteken "inwonende krag" Dit is nie krag wat net nou en dan in ons werk nie, maar dit is krag wat in ons bly.
Wanneer jy voel dat jou kragte en energie min geword het glo in Sy inwonende krag in jou en vertrou dat Hy jou sal vernuwe.

Volgens 1 Joh. 1:4 is Hy wat in jou is, groter as hy wat in die wêreld is. Moet nooit dink dat jy alleen is nie, want Sy Gees woon in jou.

**Joh. 14:25,26** *"Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."*

DIE LEWENDE BYBEL: *"Ek vertel julle hierdie dinge terwyl Ek nog by julle is. Maar dit is die Heilige Gees, die Helper wat die Vader in My plek sal stuur, wat julle alles sal leer en julle sal herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."*

## JOHANNES 15

**Joh. 15:26** *"Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig."*

AMPLIFIED: *"But when the Comforter (Counselor, Helper, Advocate, Intercessor, Strengthener, Standby) comes, Whom I will send to you from the Father, the Spirit of Truth Who comes (proceeds) from the Father, He [Himself] will testify regarding Me."*

'n Direkte vertaling uit "The Amplified Bible": *"Maar wanneer die Trooster (Berader, Helper, Advokaat, Voorbidder, Versterker, Bystand) kom, Wie Ek wil stuur na julle vanaf die Vader, die Gees van Waarheid, wat van die Vader sal kom, sal Hy getuig van My. Maar julle sal ook My getuie wees..."*

Die Heilige Gees is 'n Berader, Helper, Advokaat, Voorbidder, Versterker; Bystand. Dié eienskappe bewys dit is God se Gees.

Die rede waarom ons die Heilige Gees ontvang het is sodat ons dieselfde eienskappe sal besit wat in ons teks voorkom, naamlik om: Gesonde raad te kan gee; help waar ons kan; regverdig sal optree; intree in gebed wanneer iemand dit nodig het; mense versterk wat swak geword het en bystand te verleen in nood.

Toets jouself by al hierdie kwaliteite en jy sal weet of God se Gees waarlik in jou lewe teenwoordig is.

Die Heilige Gees is nie 'n versiering in ons lewe nie, maar is aan ons gegee sodat ons bruikbaar vir God kan wees in 'n wêreld waar daar so baie nood is.

Die Bybel sê tog in 1 Pet. 4:10 *"Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien..."* Dit wat God se Gees jou gegee het, gebruik dit om ander daarmee te dien.

## JOHANNES 16

**Joh. 16:7-11** *"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is."*

Die verskil tussen "oortuig" en "aankla"
"Convict" & "Accuse"
Wat beteken "Geregtigheid"?

DIE BOODSKAP: (v. 8-11) *"En wanneer Hy kom, sal Hy sorg dat die wêreld drie dinge waterpas in die oë moet kyk. Dit het te doen met hulle sonde en God se oordeel oor hulle. In die eerste plek sal hulle nie daarvan kan loskom dat hulle sonde gedoen het nie. Hulle wou mos nie in My glo nie. In die tweede plek sal hulle besef dat die reg aan My kant is. Ek gaan na my Vader toe. Julle sal My*

*nie meer met die blote oog kan sien nie. In die derde plek sal niemand die finale oordeel van God kan keer nie. Die duiwel, wat hier op aarde probeer baasspeel, het hom al klaar in God se straf vasgeloop."*

**Joh. 16:13,14** *"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig."*

DIE BOODSKAP: *"Maar as die Heilige Gees eers hier is, sal Hy julle hand vat en julle met die paaie van die waarheid langs lei...Verder sal Hy julle ook voorberei vir alles wat nog vir julle voorlê."*

Neem nooit 'n besluit in moedeloosheid nie, want gewoonlik is dit die verkeerde besluit. Voordat jy enige finale besluit neem moet jy seker maak dat jy vrede in jou hart het. Al sou daar geestelike storms om jou woed, moet jy net verseker wees dat daar in jou gemoed vrede is, voordat jy jou besluit neem.

In **Kol. 3:15** (Die Lewende Bybel) lees ons: *"Die vrede wat Christus ons gee, moet in julle harte die skeidsregter wees as julle oor iets twyfel..."*

As hierdie "skeidsregter" binne jou die "fluitjie blaas" moet jy weet iets is nie reg nie! Maar as daar vrede in jou hart is kan jy wel voortgaan met die besluit wat jy moet neem.

## HEERLIKHEID
## Exodus 33: 7-11

Moses se tent was genoem: "Die tent van samekoms"
Die Boodskap vertaal dit: "Die tent waar daar vir God raad gevra word."
Kyk veral na vers 11. Hoekom het Josua nie die tent verlaat nie?

In **Ex. 33:18** vind ons 'n gesprek tussen Moses en God:
*"Daarop vra hy (Moses): Laat my tog U heerlikheid sien."*
Kom ons kyk mooi na God se antwoord in **verse 19-23**.
NKJ (v.19): *"Then He said: I will make all My goodness pass before you, and I wil proclaim the name of the Lord before you."*

## Om heerlikheid te verstaan moet ons Die Tabernakel verstaan

**In Ex. 40 lees ons hoe die Tabernakel opgerig was.**

Die eerste wat daarin geplaas was, was die Verbondsark. Dit was geplaas net agter die Voorhangsel. Dit wat heilig is moet beskerm word.

- As jy God se heerlikheid begeer moet jy Sy verbond beskerm.
- Dan was daar ook: 'n Tafel met 12 toonbrode. (verse 22,23)
  Ons sal daagliks moet eet van Sy brood!
- Die Reukoffer Altaar. (Ex. 30:1-10) Vergelyk met Open. 5:8.
  Moenie heerlikheid verwag sonder gebed nie!

- Die Kandelaar met 7 lampe. (Die Manorah)
  Lig spreek van Waarheid. Waarheid sal ons help om God se heerlikheid en goedheid, elke dag, te ervaar.
- Die Brandoffer Altaar. (Ex. 29) Dit is waar sondes bely was.
  Sondebelydenis is ook vir ons. 1 Joh. 1:7-9 is geskryf vir gelowiges.
- Die Koper Waskom. (Ex. 30:17-22) Indien ons God se heerlikheid in die kerk soek sal die geestelike leiers hulself gedurig moet reinig.
- Die rol wat Salf gespeel het: Verse 9 tot 15.
  Vers 15 in Die Lewende Bybel: *"As daardie olie op hulle uitgegooi is om hulle in hul amp aan te stel, sal hulle vir altyd Priesters bly en hulle nageslag ook."* (Vergelyk hierdie gedeelte met Ps. 133:1,2)

**Wanneer het God se wolk van heerlikheid die Tabernakel oordek?**
**Ons antwoord vind ons in verse 33 tot 35.**

# REUSE KAN VERSLAAN WORD
# 2 Samuel 21:15-22

**V.15,16** Die Boodskap: *"Daar was weer oorlog tussen die Israeliete en die Filistyne. Dawid het saam met sy soldate gaan veg...Dawid het baie moeg geword in die geveg. 'n Filistyn het gedink hy kan Dawid doodmaak. Hy was 'n reus van 'n man. Sy spies se bronspunt het meer as drie kilogram geweeg. Hy wou Dawid met sy nuwe swaard doodsteek."*

Dawid het Goliat verslaan! (1 Sam. 17)
"Geestelike oorloë" gaan nooit verby nie!
Let op:"Daar was weer oorlog" (v.15/18/19/20)
Reuse het name! Sommige reuse se name weet ons nie!
Ek hou van vers 22!
Ons oorwinnings lê in 'n spanpoging! Veg nie alleen nie!

Neem kennis:

- Jy is as 'n wenner gemaak! **Lees Gen. 1:26**
- Moenie skrik vir jou reuse nie!
- Gebruik die swaard (jou Bybel) in jou hand!
- Maak soos Jesus gemaak het in Matt. 4.
- **Ken en gebruik Jes. 54:17** *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die Here en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die Here."*

**Laat jou groep Skrifgedeeltes in ander vertalings lees en bespreek die Woord van die Here.**

# HOE AKTIVEER EK MY GELOOF?

**Romeine 12:3** Die Lewende Bybel: *"...God het aan elkeen van ons geloof gegee saam met sekere bekwaanhede, en as ons aan onsself dink, moet ons onthou wat God ons gegee het."*

**Nota: Voeg in wat in die groep bespreek word**

- Niemand kan sê dat hy nie geloof het nie.

  ______________________________________

  ______________________________________

- Dit sal ons niks baat, indien ons wat ons ontvang het, nie gebruik nie.

  ______________________________________

  ______________________________________

- Kan ons bid vir geloof? Nee, jy bid nie vir geloof nie. Jy kan bid dat jou geloof vermeerder en versterk sal word.

  ______________________________________

  ______________________________________

- My verdere vraag is: Hoe aktiveer ek my geloof? In Rom. 10:8 staan: *"Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart."* (Waar is geloof?)

  ______________________________________

  ______________________________________

- ❖ Dit wat jy glo moet nie net in jou hart wees nie, maar jy aktiveer jou geloof deur te sê wat jy glo. Dit is baie belangrik!

  ______________________________________________

  ______________________________________________

- ❖ Verder aktiveer ons ons geloof deur hoe ons optree.

  ______________________________________________

  ______________________________________________

- ❖ Reinhard Bonnke, het eenmaal gesê: *"As jy die Here vertrou vir 'n woonwa kan jy maar die afdak begin bou."*

  ______________________________________________

  ______________________________________________

- ❖ Die Priesters moes eers hulle voete in die Jordaan gesteek het, voordat die waters gekloof was.

  ______________________________________________

  ______________________________________________

- ❖ <u>Is daar iets wat jy nog moet doen</u>?

  ______________________________________________

  ______________________________________________

## WIL JY DIENSBAAR WEES VIR GOD?
## Lees met aandag Eségiël 2 en 3

Eségiël was een van die duisende Jode wat as slawe weggevoer was na Babilon.
In Julie 593VC, toe hy maar 30 jaar was, het hy hierdie gesigte gesien wat hy neergeskryf het.

**Eség. 2:1,2** Staan op in jou gees!

**Hand. 1:8** *"Julle sal krag (Die Griekse woord is "dunamis" – en beteken inwonende krag) ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die wêreld." (Ons ontvang krag om te getuig!)*

**Eség. 3:1-3** Eet die Woord totdat dit word soos heuning!
Waar? In JOU MOND!
God se Woord is Voedsel.
God se Woord is 'n Swaard.
God se Woord bring genesing.

**Psalm 107:20** *"Hy het Sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red."*
**'King James' vertaling:** *"He sent His word and healed them. And delivered them from their destructions."*

**Eség. 3:7-9** God wil jou voorkop hard maak!
**Eség.3:15-17** God wil ons leer om te WAG!

## WAT LEER DIE BYBEL OOR VREES?

**Ten eerste: Ons moet God vrees**

Dit meen nie om bang te wees vir die Here nie, maar om vir God eerbied en ontsag te hê.
Ps. 111:10; Spr. 14:27; Spr. 19:23

**Ten tweede: Daar is 'n mensike vrees**

Daar is gewone vrees, soos wat ek sal ondervind as 'n groot vragmotor op my afstorm. Wanneer dit gebeur, spring ek uit sy pad uit. Dit is menslike vrees.
Maar daar is 'n vrees wat jy wil vasdruk, selfs in die nag, en hierdie vrees moet jy weerstaan in die Naam van die Here.

**Lees die volgende oor vrees – en leer daaruit**

Job. 3:25
Ps. 23:4
Ps. 27:1,3
Ps. 56:12
Ps. 112:7,8
Spr. 29:25
Jes. 41:10
Matt. 10:30,31
2 Tim. 1:7
1 Joh. 4:18

**Wanneer vrees aan jou deur klop – weerstaan dit met God se Woord!**

Jou vertroue moet totaal op God wees en jy moet weier om in te gee vir enige vrees!

# SKRIFTE OOR GEBED

**Matt. 6:6** *"Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde." (Gebed is iets privaats)*
Die Boodskap: *"As jy bid, gaan dan na 'n stil plek toe waar niemand jou kan sien nie. Trek die deur agter jou toe en praat daar eenkant met jou hemelse Vader. Hy sal sorg dat jy jou hemelse beloning kry."*

**Matt. 7:7** *"Bid en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop en vir julle sal oopgemaak word." (Dit wys hoe ernstig ons moet wees)*
Die Lewende Bybel: *"Vra, en God sal vir julle gee wat julle vra. Soek, en julle sal kry wat julle soek. Klop, en Hy sal vir julle die deur oopmaak."*

**Lukas 6:12** *"En Hy (Jesus) het in daardie dae uitgegaan na die berg om te bid en die nag in die gebed tot God deurgebring." (Daar kom dae dat ons meer tyd moet spandeer om te bid)*

**Lukas 18:1** *"En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie."*
*(Gebed keer dat ons nie moedeloos word nie)*

**Rom. 8:26** *"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge."*

*(Daar is 'n verskil om in die "vlees" te bid en in die "Gees" te bid)*

**Jak.5:13** *"Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid..." (In swaarkry moet ons vir onsself kan bid)*
Die Boodskap: *"Is een van julle dalk in die moeilikheid? Laat hy dan met God gaan praat."*

**1 Joh. 5:14,15** *"En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het." (Ons sal net weet dat ons weet!)*

***Voeg nog ander Skrifgedeeltes hierby wat gaan oor gebed, en bespreek dit in die groep!***

# GESINDHEID

*"As jy jou gesindheid kan verander dan kan jy jou toekoms verander."*
*"Your attitude determines your altitude."*

**Jou gesindheid is hoe jy dink en voel.**

**In Filippense 2:5 lees ons:**
*"Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was."*
Die Boodskap: *"Julle moet Christus Jesus se voorbeeld volg. Soos Hy oor dinge gedink en gevoel het, so moet julle ook daaroor dink en voel..."*
The Amplified Bible: *"Let this same attitude and purpose and humble mind be in you which was in Christ Jesus. – Let Him be your example in humility."*

**Die Bybel is 'n boek oor Gesindheid!**
**<u>Rom. 12:2,16,17 (NAV)</u>**

Vers 2: *"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle **denke** te vernuwe."*

Vers 16: *"Wees **eensgesind** onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie."*

Vers 17: *"Moenie kwaad vir kwaad vergeld nie. Wees **goedgesind** teenoor alle mense. As dit moontlik is, sovêr dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense."*

## Regte gesindheid - regte integriteit

- Integriteit is om te kies wat reg is
- Dit is wie jy is selfs as niemand jou dophou nie
- Dit is om te leef dat God en mens jou kan vertrou
- Dit is om God se beste na te jaag in elke area van jou lewe.

As jou gesindheid reg is sien jy jouself as 'n wenner en nie 'n verloorder nie.

Dan glo jy in die belofte wat God aan ons gegee het in **Gen. 1:28** naamlik om te heers.

**Begeer 'n Gesindheid soos dié van Kaleb**
**Josua 14:10-12**

# OM IN BESIT TE NEEM

**God het ons geroep om in besit te neem!**
Vind uit hoe het Israel hul land in besit geneem deur Deuteronómium en Josua te lees.

**Ons teks: Deut. 1:8,21** *"Kyk, Ek gee die land aan julle oor; gaan in en neem die land in besit...(dan herhaal God die opdrag) Kyk, die Here jou God het die land aan jou oorgegee; trek op, neem dit in besit soos die Here, die God van jou vaders, jou gesê het; wees nie bevrees en wees nie verskrik nie."*
Die Boodskap: *"Hierdie land gee Ek vir julle. Gaan vat dit vir julle."*

**Identifiseer die "Land" wat jy in besit moet neem!**
**(Kom ons praat daaroor)**

**God het ons gemaak met outoriteit sodat ons in besit kan neem! Gen. 1:26** *"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld...en laat hulle heers..."*

**Maak 'n lys wat julle as groep glo, moet in besit geneem word:**

1. ______________________________
2. ______________________________
3. ______________________________
4. ______________________________
5. ______________________________
6. ______________________________
7. ______________________________

**Maar voordat jy enigiets in besit kan neem, moet jy eers jouself oorwin!**

**Wees soos Dawid - sy gesindheid was reg.**
**Selfs teenoor sy ouer broer! 1 Sam 17:28**

**Neem net in besit wat God aan jou wil gee.**
Kom ons lees die volgende Skrifte:
**Deut. 2:3-6 Deut. 2:9 Deut. 2:26-29**
**Deut. 3:1-11 (Watter "reus" moet jy verslaan?)**
(Moenie gierig wees en later weer alles verloor nie!)

**Wanneer jy ontvang het, leer om te gee!**
**Deut. 3:12-17**
Die eerste Kerk in Jerusalem het geweet om te gee.
**Hand. 4:32-35 2 Kor. 9:6-8**
God wil ons genoeg gee, sodat ons genoeg kan weggee!
Neem kennis van **Deut. 8:18** *"Maar dink aan die Here jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe..."*

**Vrae:**
- ✓ Wat moet my gesindheid wees wanneer ek gee?
- ✓ Kan ek terug verwag wanneer ek gee?
- ✓ As God my seën, behoort ek ook ander te seën?

**Onthou: Ons is in 'n geestelike oorlog!**
- Fokus op dié dinge wat jy moet oorwin.
- Veg altyd onder beskerming.
- Veg net teen die regte vyand.

# JOU IDENTITEIT IN CHRISTUS

- **Identiteit is wie jy is!**
  As ek na jou ID nommer sou kyk sal ek dadelik weet wanneer jy gebore is. Ek sal dit kan sien op die eerste ses syfers op jou ID kaart. Want jou ID begin met jou jaar van geboorte, dan die maand, en daarna volg die dag. Die vier syfers daarna wat onder 5000 is, dui of dit vroulik is en syfers bó 5000 vertel ons dit is manlik. Die syfer daarna sê uit watter land kom die persoon. Indien uit Suid Afrika sal daar 'n "0" wees en as dit 'n "1" is, beteken dit buite ons land. Die tweede laaste syfer het die ras aangedui, maar nou het dit weggeval. Die laaste syfer verifieer die nommer.

- **Om dit geestelik toe te pas:** Die eerste wat almal moet kan sien as hulle met jou kontak maak, is dat jy uit God gebore is!
  (Joh. 3:3-5)

- **Baie Christene ken nie hul Identiteit in Christus nie.**
  **2 Kor. 5:17** *"Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*
  **The Amplified Bible:** *"Therefore if any person is (ingrafted) in Christ, the Messiah, he is (a new creature altogether) a new creation; the old (previous moral and spiritual condition) has passed away. Behold, the fresh and new has come."*

**The Living Bible**: *"When someone becomes a Christian he becomes a brand new person inside. He is not the same any more. A new life has begun"*

- In Grieks beteken "nuwe skepsel":
  "'N NUWE MENSLIKE SPESIE WAT NOG NIE VOORHEEN BESTAAN HET NIE" Daarom is jy uniek.

- WERK UIT WAT GOD REEDS INGEWERK HET
  **Fil. 2:12,13**
  Lewende Bybel: *"Hy gee julle die begeerte om te doen wat Hy graag wil hê en dan gee Hy julle ook nog die krag om dit te doen."*

- DINK REG Spr. 23:7; Fil. 4:8; Kol. 3:2

## GOD ONTMOET JOU VOLGENS JOU VERWAGTING

***Wat nodig is, is mense met 'n groter verwagting van die Here!***

**Genesing van 'n Melaatse man**
Matt. 8:1-4   Mark. 1:40-45   Luk. 5:12-14

**Die hoofman van Kapérnaüm**
Matt. 8:5-13   Luk. 7:1-10

**Die verlamde man in Kapérnaüm**
Matt. 9:1-8   Mark. 2:3-12   Luk. 5:18-26

**Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het**
Die dogtertjie van Jaïrus   Matt. 9:18-26
Mark. 5:22-43

**Twee blindes en 'n stomme**   Matt. 9:27-34

**Die Kananése vrou**   Matt. 15:21-28
Mark. 7:24-30

**Jesus betaal die tempelbelasting**
Matt. 17:24-27

**Die vrou met 'n albaste fles**
Matt. 26:6-13   Mark. 14:3-9   Luk. 7:36-50   Joh. 12:1-8

## 2 Petrus 1: 3-10

*(Vers 3) "Immers, Sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur Sy heerlikheid en deug... (Verse 5-7) En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle* ***geloof*** *voeg die* ***deug****, en by die deug die* ***kennis****, en by die kennis die* ***selfbeheersing****, en by die selfbeheersing die* ***lydsaamheid****, en by die lydsaamheid die* ***godsvrug****, en by die godsvrug die* ***broederlifde****, en by die broederliefde die* ***naasteliefde****. (Verse 8,9) Want as hierdie dinge by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse Here Jesus Christus nie; want hy by wie hierdie dinge ie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet. (Vers 10) Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie."*

**BESPREEK DIE VOLGENDE:**

**Deugsaamheid** Dit is iemand met goeie sedes
**Kennis** Kennis van **waarhede** sal jou sterker maak
**Selfbeheersing** Self Dissipline ("Control yourself")
**Volharding** Staan sterk; Geduld; Uithouvermoë Standvastig; Ferm; Beslis; Onwrikbaar
**Godsvrug** 'n Lewe wat God verheerlik (Godvresend)
**Liefde onder mekaar** Absolute lojaliteit; Broederliefde
**Liefde vir alle mense** "Naasteliefde" (Gee opreg om)

# DIE KRAG VAN SAAMSTEM

## Lees Matthéüs 18:19

**Amplified:** *"Again I tell you, if two of you on earth agree (harmonize together, together make a symphony) about – anything and everything – whatever they shall ask, it will come to pass and be done for them by My Father in heaven."*

Die woord "harmonize" laat jou dink aan 'n orkes wanneer hulle saam in harmonie is. Dit is dan dat ons die mooiste klanke hoor!

**The Message** vertaal dit: *"When two of you get together on anything at all on earth and make a prayer of it, My Father in heaven goes into action."*

As TWEE saamstem is daar 100% krag.
Wat gebeur as meer sou saamstem?

**Saamstem was die krag in die eerste Kerk**
**Hand. 2:1**
**Hand. 4:24,31**

**Neem ook kennis van:**
**Prediker 4:9,10**
**Lukas 10:1**

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## Hoekom bid ons en ontvang nie?

**Jak. 4:2,3** *"Julle wil dinge hê maar kry dit nie...Julle kry nie omdat julle nie bid nie. As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid."*

Ons meen ons kan net 'n "knoppie" aanskakel.

- ✓ Ons lewe mos in 'n "kits-wêreld"

Omdat sonde in ons lewens is. **Jes. 59:1**

- ✓ God hoor sondaars wanneer hulle bid vir redding en verlossing.

Omdat ons nie vergewe nie. **Mark. 11:23-26**

- ✓ Onvergifnis is soos gif wat iemand drink en dan dink hy iemand anders sal doodgaan.

Ons bid sonder geloof. **Heb. 11:6/Jak. 1:6-8**

- ✓ Wanneer jy tot God bid vat jy nie 'n kans nie, jy bid omdat jy glo God kan help.

Omdat ons nie vra volgens God se wil nie.
**1 Joh. 5:14,15**

Baie mans ontvang nie want hulle doen nie wat van hulle verwag word nie **1 Pet.3:7**

**Bid met vrymoedigheid volgens Heb. 4:16**
**Bid dus met verwagting**

**<u>Galásiërs 5:22 (Ou Vert.)</u>**

*"Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing."*

**Die vrug van die Gees bestaan uit 9 dele**

**<u>Liefde</u>. Vertaling in Die Boodskap**.
**1 Kor. 13:4-7** *"Om lief te hê, beteken om geduldig en vriendelik te wees. Dit beteken ook om goeie dinge vir ander mense te gun en nie te spog of hoogmoedig te wees nie. 'n Mens wat ander liefhet, is nie onmanierlik nie en dink nie net aan homself nie. Hy word nie gou kwaad nie en hou nie boek van die onreg wat ander mense teen hom doen nie. Oor verkeerde dinge kan hy nooit gelukkig wees nie. Dit is net die waarheid wat hom gelukkig maak. As 'n mens iemand liefhet, kan jy stilbly oor sy foute. Jy kan die beste dinge oor hom glo en die beste van hom verwag en nooit ophou om hom lief te hê nie."*

**<u>Bespreek elkeen</u>**

**<u>Blydskap</u>.** (<u>Nuwe Vert.:</u> Vreugde)
**Nehemia 8:11** *"Die blydskap in die Here – dit is julle beskutting."*

______________________________________________

**<u>Vrede</u>. Kol. 3:15** (L/B) *"Die vrede wat Christus ons gee, moet in julle harte die skeidregter wees as julle oor iets twyfel..."*

______________________________________________

______________________________________________

**<u>Lankmoedigheid</u>.** (<u>Nuwe Vert.:</u> Geduld)
Wat is dit? Dit is "moed" wat "lank" is!

---

**<u>Vriendelikheid</u>.**
Ai, hoe mis ons vriendelikheid. Dit kos niks.

---

**<u>Goedheid</u>.** (<u>Nuwe Vert.:</u> Goedhartigheid)
Die gelykenis van die Barmhatige Samaritaan is juis in die Bybel as voorbeeld vir ons.

---

**<u>Getrouheid</u>.**
Wanneer was 'n Leviet aangestel in die Tempel? **2 Kron. 31:18:** *"...volgens hulle getrouheid was hulle werksaam met die heilige dinge."*

---

**<u>Sagmoedigheid</u>.** (<u>Nuwe Vert.:</u> Nederigheid)
**Spr. 16:18** *"Trotsheid kom voor die verbreking, en hoogmoed voor die val."*

---

**<u>Selfbeheersing</u>.**
**Spreuke 16:32** *"Die lankmoedige is beter as 'n held; en hy wat sy gees beheers, as een wat 'n stad inneem."*

**Lukas 11:1** *"En toe Hy (Jesus) op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van Sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid..."*

# JOU POSISIE IN CHRISTUS (Efesiërs 1)

## Ef. 1:3 ONS IS GESEËNDES.

Die Heilige Gees gawes is ‘n seën.
Genesing is ‘n seën. Finansiële voorspoed is ‘n seën
Dank God vir die seën van Abraham in **Deut. 28:1-14.**
Deur Christus het dié seën myne geword **Gal. 3:13,14**

## Ef. 1:4 IN HOM IS ONS UITVERKIES 1 Pet.2:9

## Ef. 1:7 IN HOM HET ONS VERGIFNIS DEUR SY BLOED

Weet dat “Volkome Vergifnis” verkry word op drie vlakke:
Ek moet vergifnis by God kry. Die bloed van Jesus reinig my van al my sondes, maar dan moet ek dit bely. **Lees: 1 Joh. 1:7-9**

Ek moet myself kan vergewe. Kyk wat het God met jou sondes gedoen wat Hy vergewe het.
**Kol. 2:14; Ps. 103:12; Jes 44:22; Miga 1:19; Jer. 31:34**

Ek moet my medemens kan vergewe.
Lees: **Matt. 18:15-35; Matt. 5:23-26**
Hoekom vergewe ek ander? Sodat ekself volkome vry kan wees.

## Ef. 1:11  IN CHRISTUS IS ONS ERFGENAME

Wat beteken dit om te erf?  Dit beteken om besittings te ontvang waarvoor jy nie gewerk het nie.
Wanneer erf 'n mens?  Wanneer die Testamentmaker, wat my  bevoordeel het in sy/haar testament, sou sterf.
**Hebr. 9:17**.

## Ef. 1:13,14  IN HOM IS ONS VERSEëL MET DIE GEES

Dank God vir Sy Gees wat Hy aan ons gegee het.
**Hand. 1:8  2 Tim. 1:7**

## Ef. 1:20-22  IN HOM IS ONS VYAND ONDER ONS VOETE

Christus is Hoof van die gemeente, wat Sy liggaam is, soos wat ons lees in 1 Kor. 12:27 *"Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik."* (Sien ook 1 Kor. 12:18 en Kol. 1:18)
**Let Wel:** Iets wat nie 'n naam het nie kan jy nie aanspreek nie.
Gee jou probleem 'n naam en sit dit onder jou voete! Jy sal nie iets wat nie 'n naam het kan oorwin nie.
(Verse 21,22)

# GEE ALLES OOR AAN HOM

**Spreuke 16:3** *"Laat jou werke aan die Here oor, dan sal jou planne uitgevoer word."*

Om oor te gee is nie maklik nie, want ons is geneig om ons sake self te hanteer.
Vroeër het ons 'n liedjie in Engels gesing: *"Let go and let God have His wonderful way."* Dit is presies wat ons behoort te doen.
Ons bring ons sake na die Here in gebed, maar as ons van ons knieë opstaan, neem ons weer ons laste op ons skouers om dit self verder te dra.
Ek is van mening dat die meeste laste wat ons dra, is laste wat onsself op ons geplaas het.

Jesus se uitnodiging kom vandag weer vars en duidelik tot jou **Matt. 11:28:** *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."* Maak gebruik van hierdie uitnodiging – jy kan Hom ten volle vertrou met die diepste dele van jou hart.
Ons Skrifgedeelte sê as ons alles aan die Here sal oorlaat sal al ons planne uitgevoer kan word – natuurlik volgens Sy wil.
**The Amplified Bybel vertaal dit:** *"Roll your works upon the Lord – commit and trust them wholly to Him; [He will cause your thoughts to become agreeable to His will] and so shall your plans be established and succeed."*

**Hoe verstaan ons hierdie prakties?**
As jy alles aan die Here oorlaat sal Hy jou gedagtes verbind met Sy wil – dan word jou plan Sy plan wat uitgevoer word.

Moenie langer dit waarmee jy besig is, op jou eie hanteer nie.
Leer om alles aan die Here oor te gee om jou sake uit te werk.
Hy gee jou die begeerte asook die krag om dinge te doen. (Lees Fil. 2:13 in Die Lewende Bybel)

# PSALM 92:1-5 en 11-15

## Wat is "Die salwing van die Heilige Gees?"

(Ons kyk na die 1953 vertaling van Psalm 92:11)

**Die Bybel antwoord met:**
**Lukas 4:18** *"Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring."*
**Hand. 10:38** *"Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het..."*

**God het 'n heidense koning gesalf met Sy Gees!**
**Jesaja 45:1-3**

**Kyk na die volgende woorde in Vers 11:**
**"Ek"** = Dit verwys na my persoonlik
**"Is"** = Dit spreek nie van "was" of "van wat nog moet kom nie"
**"Vars olie"** = Dit leer ons dat die Heilige Gees altyd "vars" is!
**"Buffel"** = Dit spreek van "Outoriteit"

**WAT DOEN DIE "SALWING"?**
**Die salwing van die Heilige Gees het 'n effek op:**
**(Verse 12-15)**
**My oë**
**My ore** (Koning Saul kon hom doof hou) **1 Sam. 10:27**
**My geestelike groei**
**My standvastigheid**
**My ouderdom**

**Psalm 92:15** lees só in die Nuwe Vertaling: *"Selfs in hulle ouderdom sal hulle fris en lewenskragtig wees."*

**'Matthew Henry' se kommentaar oor ons teks is:**
"The last days of the saints are sometimes their best days, and their last work their best work." (Jou beste jare is voor jou!)

**Neem kennis: Niemand is te oud om deur God gebruik te word nie! Miriam was 92 toe sy voor die volk gedans het! (Ex. 15:21)**

**Hierdie stelling moet bespreek word!**
**Vul in wat bespreek was**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**WORD VERNUWE IN JOU "DENKE"**
**Ons Skrifgedeelte is Rom. 12:1,2 en 9-21**

**Ons Sleutelteks is Rom. 12:2**

**1983 Vert.:** *"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe..."*

**As jou denke vernuwe is sal jy leef soos wat geskrywe staan in Romeine 12 verse 9 tot 21**
Jy sal opreg liefhê en omgee vir ander
Jy sal aan mense respek en agting gee
Jy sal God in vurigheid dien
Jy sal hoop hê en volhard in gebed
Jy sal gasvry wees en uitreik na ander
Jy sal niemand beledig wat jou vervolg nie
Jy sal bly wees met hulle wat bly is
Jy sal treur met hulle wat hartseer is
Jy sal jouself nie groter ag as ander nie
Jy sal in vrede leef met alle mense
Jy sal die kwaad oorwin deur die goeie

**Die Boodskap vertaal Rom. 12:2**: *"Moenie tuis raak in hierdie wêreld met al sy boosheid nie. Nee, laat God julle van binne af nuutmaak. Laat Hy julle manier van dink verander sodat julle kan wees wat Hy van julle verwag..."*

**'New King James' vertaal dit**: *"And do not be conformed to this world, but be transformed by the renewing of your mind..."*

## Ons het transformasie nodig – maar dit is net God wat dit kan doen in ons lewens

The Collins Dictionary says: *"To transform someone means to change them completely so that they are much better."*

**Transformasie vind plaas soos volg:**
"Information leads to Application that leads to Transformation."

Eers moet jy Kennis kry van 'n Waarheid
Dan moet jy dit Toepas (doen)
Daarna sal Transformasie plaasvind! (Net God kan dit doen!)

*Verander jou denke dan verander jou toekoms*
*Joyce Meyer het gesê: "Where the mind goes, the man goes."*
**Spr. 23:7 sê:** *"Soos 'n mens dink so is hy."*

# GEESTELIKE GROEI

Die belangrikste deel van 'n boom is sy **wortels**
Pasop vir 'n "wortel" van bitterheid Heb. 12:15

**Geestelike Groei begin by "Vergifnis"**
1 Joh. 1:1-10

**Hoe ons vergewe is:**
Kol. 2:13,14
Psalm 103:12
Jesaja 44:22
Miga 7:19
Jeremia 31:34

**Hoekom ons ander moet vergewe?**
Lukas 11:4
Markus 11:23-25
Lukas 6:37
Matt. 18:15-35

**<u>WAT JY "GEE" SAL WYS DAT JY "GROEI</u>"**
**<u>Psalm 1:1-3</u>**
Kyk mooi na vers 3

**Kom ons lees ook <u>Jer. 17:7,8</u>**

'n Gesonde boom dra vrug
'n Boom word geken aan sy vrug
**<u>Matt. 12:33-37</u>**
'n Boom hou nie sy vrug vir homself nie
Hoe meer hy "weggee" hoe meer groei hy!

**<u>Wat is jou siening oor "GEE"?</u>**
**<u>In Luk. 6:38 staan daar:</u>** *"Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*

**<u>Was die beginsel van Tiende net vir Israel?</u>**
**<u>Deut. 14:22</u>** *"Jy moet noukeurig die hele opbrings van jou saad – wat jaar vir jaar uit die land uitspruit – <u>vertien</u>."*

**<u>Maleági 3:8-10</u>**

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________

# WAT IS 'N VOORBIDDER?

'n Voorbidder is iemand wat tussen God en mens staan in gebed. Lees **1 Tim. 2:1-8** met aandag.

**'n Voorbidder kan God se oordele keer!**
Abraham bid vir Sodom (Gen. 18:20-32)

**'n Voorbidder soek nie sy/haar eie belang nie!**
Lees Ex. 32:9-14 en Num. 12:1-15

**'n Voorbidder se lot word verander as hy bid vir ander!**
**Job. 42:10** "En die Here het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het."

**Kyk wat het gebeur toe 'n gemeente gebid het!**
**Hand. 12**
Omdat die gemeente voorbidding gedoen het:
1. Was Petrus bevry (ons mense het bevryding nodig)
2. Het God se oordele Herodus getref! (vers 21-23)
3. Het God se woord gegroei en toegeneem. (vers 24)

**Daar is krag in saamstem in gebed.**

Maak gerus 'n studie van **Matt. 18:19**
*"Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is."*

# DIE HEILIGE GEES HELP ONS OM TE BID.

**Rom. 8:26** *"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge."*

Ons kan met die verstand bid, maar ook met die Gees.
**1 Kor. 14:14,15. 1 Kor. 14:2.**

# BITTERHEID
# Skrifgedeelte Hand. 12:1-24

- Herodus het Jakobus vermoor en toe vir Petrus in die tronk gestop met wagte om hom te bewaak.
- Maar daar was 'n gemeente wat vir hom gebid het.
- Ons lees dat Herodus vol bitterheid was!
- Kyk wat was sy einde!

**Bitterheid sal jou, jou huwelik en jou gemeente verteer!**

**Luister wat sê die Bybel oor Bitterheid**
**Heb. 12:14,15**
**Job 21:23,25**
**Hand. 8:22,23**
Asseblief! Moet nooit God se Gawes misbruik nie!

**Die Griekse woord vir "Bitterheid" is "Pikros" en dit beteken:** Om te "steek of om te sny"
As mense gedurig besig is om ander "te steek en te sny" moet hy weet daar is bitterheid in hulle harte.

**Wat gebeur as ek iemand vergewe?**
Ek ontsluit hul tronk se deur en maak myself vry!
**Lukas 6:37**

**Wat gebeur as ek nie vergewe nie?**
Volgens **Matt. 18:15-35** word ek oorgegee aan die "Pynigers"
Wat dink jy beteken hierdie "Pynigers?" Gesels daaroor.

# VROUE IN DIE BYBEL

Die eerste vrou wat God gemaak het was Eva. God het Eva gemaak uit Adam se ribbebene. (Gen. 2:21-25.)

Iemand het dit eenmaal soos volg gestel: *"Sy is nie gemaak uit sy hoof om bo hom te wees nie. Sy is ook nie gemaak uit sy voete om deur hom vertrap te word nie. Maar sy is gemaak uit sy sy, om onder sy arm te wees en deur hom beskerm te word. Ook na aan sy hart om deur hom bemin te word."*

God het Eva as hulp gemaak vir haar man Adam. Die hele doel van man en vrou in die huwelik is om as hulp vir mekaar te wees. Die opdrag van die man was dat hy sy vader en moeder moes verlaat en sy vrou aankleef.
(Gen. 2:24)
Hierdie woord "aankleef" verwys daarna dat hulle soos "gom" aanmekaar vasgemaak moet word. God het nooit beplan dat man en vrou moes skei nie!

**Ons dink ook aan Sara, Abraham se vrou.** Toe sy 90 jaar oud was en Abraham 100, het sy geboorte gegee aan Isak. (Gen. 21)
Sara was geskok en het gelag. Dit is wat Isak se naam beteken.

Sara se lewe leer ons hierdie les: *"Wees gewillig om te wag op God se beloftes."*
Miskien wag jy al lank op sekere beloftes van die Here? Moenie moedeloos word nie want Jesaja 59:1 sê: *"Kyk, die hand van die Here is nie te kort om te help nie, en Sy oor is nie te swaar om te hoor nie."*
Ons lees in Heb. 11:11 *"Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het."*

**Jogebed, was Moses se moeder.** In Exodus lees ons dat Farao opdrag gegee het aan die vroedvrouens om by geboorte al die Joodse seuntjies dood te maak.
Jogebed het Moses drie maande lank in 'n mandjie, op die Nyl rivier, weggesteek.

Die res van die verhaal ken julle, naamlik hoe God gesorg het dat Farao se dogter hom groot gemaak het. God het 'n plan met Moses gehad. Hy moes Israel verlos van hul slawediens van meer as 400 jaar.

God wil jou ook as 'n Jogebed gebruik. Versorg jou kind na die beste wat jy kan, want God het 'n plan met jou kind. God gebruik eenvoudige vroue, soos jy, om groot dinge vir Hom te vermag! Dit maak nie saak waar jy vandaan kom nie!

# WAARHEDE IN 'N NEUTEDOP

## Waarom moet ons toegerus word?

In **Efesiërs 4:11,12** word ons vertel dat die Here bedieninge gegee het om die gelowiges toe te rus vir hul dienswerk. Die rede vir hierdie toerusting is die volgende:

- Dat ons sal groei na 'n geestelike volwassenheid (vers 13)
- Dat ons nie deur verkeerde lering ontwrig word nie (vers 14)
- Dat ons mekaar sal ondersteun in die gemeente (vers 16)

In "Die Boodskap" lees ons dat Jesus Sy twaalf dissipels geroep en toegerus het met die volgende doel:
**Matt. 10: 5** *"...Jesus het vir hulle die nodige toerusting gegee, naamlik die mag om bose geeste te verjaag wat mense se lewe deurmekaarkrap, om siekes gesond te maak, en om mense te help wat op die een of ander manier deur die lewe gekneus is."*

## Hoe om Skuldvry te wees

Jy kan nie net bid oor jou skuld nie. Jy mag daaroor bid. Maar bid alleen is nie genoeg nie.
Wat jy moet doen is: "Gee jouself uit jou skuld uit"
Die Bybel sê in Lukas 6:38 *"Gee, en vir julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*

Dan in 2 Korinthiërs 9:6 staan geskrywe: *"Wie volop saai (gee) sal ook volop maai (ontvang)"*
*<u>En in die Lewende Bybel is vers 8 soos volg vertaal:</u> "God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee." <u>En in vers 11</u> "God sal vir julle volop gee sodat julle ook volop kan weggee."*
<u>Ek het verder ontdek dat wanneer ek 'n naam gee aan "die saad wat ek saai" ek nog meer geseën word.</u>

Ek het ook ervaar dat die wet van "saai en maai" nie gekoppel is aan seisoene nie. Jy kan reg deur die jaar saai, en reg deur die jaar maai. Dit meen nie jou "oes" sal altyd onmiddelik wees nie.

## <u>Die krag van God se Woord</u>

Ons lees in <u>Heb. 4:12</u> hierdie woorde: *"Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge van die hart."*

Ek het ontdek dat God se Woord in die diepste dele van ons liggaam inwerk en genesing bewerk. God het immers genesing in ons ingebou.

## <u>Konneksies</u>

Natuurlik neem dit tyd om die regte konneksies in jou lewe te maak. Neem vroeg in jou lewe die besluit om alleenlik met suksesvolle mense te konnekteer.

## Het jy geweet? Elke mens het 'n "Vriend" nodig

Salomo het verskillende hoofamptenare gehad soos: Priesters; Skrywers; 'n Kanselier asook 'n dapper vegsman as hoof van sy leër; daarby was daar iemand wat hoof was oor al sy bestuurders in sy koninkryk.

Maar dan lees ons die volgende woorde in 1 Konings 4:5 *"en Sabud, die seun van Natan, 'n priester, was die **vriend** van die koning."*

- Salomo sal bekend staan as die mees wyse man op aarde
  (1 Kon. 4:29,30)
- Hy het 3000 spreuke uitgespreek en 1005 liedere geskryf.
  (1 Kon. 4:32)

Tog het hy 'n vriend nodig gehad!
Jy moet ook sorg dat jy 'n goeie vriend sal hê.

## Die krag van saamstem

Jesus het die volgende stelling gemaak in Matt. 18:19 *"As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is."*
Dit is wonderlik om te weet dat net twee nodig is wat saamstem oor 'n saak om hierdie belofte te laat werk. Natuurlik glo ek dat die twee wat eintlik moet saamstem man en vrou moet wees.

Moenie alleen "worstel" met jou probleem nie. Kry iemand om saam te stem in die Naam van die Here en ervaar hoedat die Here sal voorsien.

**Besluite**

'n Mens kan 'n slegte besluit of 'n goeie besluit neem, maar die ergste van alles is wanneer jy geen besluit geneem het nie.
Daagliks neem ons sekere besluite. Wat ek egter ontdek het in my lewe is dat die eerste gedagte wat na my gekom het oor 'n saak was gewoonlik die regte een.

**Vrees**

Maak 'n nota van die volgende:

- Dat die meeste dinge wat ons vrees, gebeur nooit!
- Dat daar iets is soos gewone vrees. Bv. dat jy uit die pad sal spring voor 'n aankomende vragmotor om jou lewe te red.
- Daar is 'n vrees wat jou benoud maak dat jy soms nie kan slaap nie – hierdie soort vrees is nie van God nie.
- Indien ek God vrees (Respek vir Hom het) sal Hy my beskerm volgens wat geskrywe staan in Psalm 34:8 naamlik: *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit."*

**God se Orde**

God se orde is: God eerste; dan my vrou (my man); daarna my kinders en eers na hulle die gemeente en publiek.
Indien ons verander aan God se orde sal ons vind dat dinge in duie sal stort. Predikers moenie sê die gemeente kom eerste nie – God moet vir jou eerste wees, dan jou vrou en kinders!

# DIE SONDE TEEN DIE HEILIGE GEES

Alle sonde kan vergewe word, behalwe wanneer iemand sondig teen die Heilige Gees. Die Bybel praat ook van die "sonde tot die dood" (1 Joh. 5:16)

**Lees Matt. 12:22-32**
Hierdie is 'n treffende verhaal waar Jesus 'n man wat stom en blind was as gevolg van demone, bevry het.
Ons moet weet dat alle siekte nie as gevolg van demone is nie. Daarom moet ons baie sensitief wees wanneer ons vir mense bid, sodat ons nie alles as "demonies" sou sien nie.

Jesus het die Fariseërs hier laat verstaan dat Hy die duiwel uitgedryf het deur die krag van die Heilige Gees. Die skare het egter geglo dat Jesus dit gedoen het deur die krag van die owerste van die demone, naamlik Beëlsebul. Dit is toe dat Jesus die stelling maak wat Hy gemaak het in **verse 31, 32** dat indien jy sou <u>spreek teen</u> (of laster teen) die Heilige Gees sal dit jou nooit vergewe word nie. M.a.w. as jy sondig teen die Heilige Gees sal jy nooit vergifnis kan kry nie en derhalwe verlore gaan.

**Waarskuwing!** Wanneer God se Gees iemand gebruik in enige Geestelike Gawes, moet jy versigtig wees om daarteen te spreek. Indien jy onseker is oor enige manifestasie van die Heilige Gees, swyg liewer!
Moetet nooit die Gees van God weerstaan nie, maar laat Hom toe om te werk soos Hy wil. Ons lees hierdie woorde in **1 Thes. 5:19** *"Blus die Gees nie uit nie..."*

## Ander plekke waar ons lees hoe 'n mens kan sondig teen die Heilige Gees

**Deur die Heilige Gees te weerstaan** **Hand. 7:51**
Dit sluit "ongehoorsaamheid" in (Lees:2 Tim. 3:8)
Dit kom hierop neer: Aanhoudende weerstand teen God en Sy Woord, kan jou op 'n plek bring waar Sy genadedeur vir jou toegaan. Ons dink hier aan Farao wat nie Israel wou laat trek uit Egipte nie en elke keer sy hart verhard het, totdat God self Farao se hart verhard het!

**Deur die Heilige Gees te bedroef** **Ef. 4:30**
Volgens Efesiërs 4:25-31 kan ons God se Gees bedroef deur die volgende te doen:

- Leuens te praat
- Deur te steel
- Deur vuil taal
- Deur bitterheid en woede
- Deur lastering (Dit meen om te spreek teen God se Gees)

**Dan is ons almal mos skuldig?** Nee jy sal alleenlik skuldig wees indien jy aanhou om bogenoemde sondes te doen. As jy egter bely en laat staan sal God jou vergewe!
**1 Joh. 1:7,9**

**Onthou die Heilige Gees is sensitief soos 'n duif. Moet Hom nie so bedroef dat hy "wegvlieg" uit jou lewe nie!**

**Deur vir die Heilige Gees te lieg  Hand. 5:3-4**
Die eerste Kerk in Jerusalem het besluit dat almal hul besittings sou verkoop en die inkomste te verdeel onder mekaar.
Ananias en Saffira het gelieg oor die prys wat hulle vir hul eiendom gekry het. Petrus het vir hulle gesê dat hulle nie vir 'n mens gelieg het nie maar vir God se Gees. Albei het gesterf!

## Hoe sal ons iemand beskryf wat gesondig het teen die Heilige Gees?

'n Uitstaande verhaal vind ons in **Lukas 23:8-12** waar Jesus voor Herodus staan, nadat Pilatus Hom gestuur het sodat Herodus eerder sal besluit wat met Jesus gedoen sou word, en nie hy nie.
Herodus het 'n teken van Jesus gevra omdat hy gehoor het van al die wonders wat Jesus al gedoen het. Maar treffend genoeg, Jesus het nie 'n woord gespreek nie! Hoekom nie? Omdat Herodus vir Johannes die doper onthoof het en daardeur "die stem wat roep in die woestyn" stilgemaak het...ook in sy eie lewe. Herodus het dus gesondig teen die Gees van God en Jesus kon hom nie weer 'n tweede kans gegee het nie.

**Hebreërs 6:4-6**
In hierdie gedeelte vind ons dat daar wel 'n toestand kan kom dat iemand so afvallig kan raak dat so hy nie weer herstel kan word in hul verhouding met God nie.
Die woorde wat hier gebruik word is dat dit "onmoontlik" sou wees vir so iemand om weer tot bekering te kom.

<u>Kom ons kyk met 'n vergrootglas na hierdie Skrifgedeelte.</u> Persoonlik meen ek dat iemand sou gesondig het teen die Heilige Gees as hy/sy deur die volgende stadiums gegaan het:

(1) As jy ***"verlig geword het"*** naamlik God se "Evangelie lig" in jou lewe toegelaat het en dit "doodmaak" deur sonde van "duisternis" soveel so dat jy die geestelike lig uit jou lewe verdryf.

(2) As jy ***"die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het"*** en daarna jou "smaak" vir God se Gees geheel verloor het.

(3) As jy ***"die goeie woord van God gesmaak het"*** M.a.w. God se Woord geniet het maar jou lus daarvoor verloor het.

(4) As jy ***"die kragte van die toekomstige wêreld"*** ervaar het, maar op 'n plek kom waar jy die wonders van God se krag bevraagteken.

As 'n persoon deur al hierdie stadiums beweeg het, sal dit nie weer moontlik wees om tot bekering te kom nie. Omdat hy/sy ***"ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak."***

<u>**Belangrike vraag: Hoe sal ek weet dat ek nie gesondig het teen die Heilige Gees nie?**</u>

<u>Die antwoord is eenvoudig:</u> As jy nog ondervind dat die Heilige Gees jou oortuig van sondes in jou lewe! Lees **Joh. 16:7,8**

# <u>EGSKEIDING</u>

## Matt. 19:1-12 is 'n gedeelte wat al baie misverstaan was.

Ek wil nie voorgee dat ek al die antwoorde het rakende skei nie. Vandag is daar só baie geskeides en ons vraag is: Wat is ons gesindheid teenoor hulle?

Die vraag wat die Fariseërs aan Jesus gevra het was: *"Is dit 'n man geoorloof om oor allerhande redes van sy vrou te skei?"* Jesus se antwoord was dat God in die begin man en vrou gemaak het om saam te wees. In verse 5,6 sê Jesus: *"Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; (dink hieroor) sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan <u>saamgevoeg</u> het, mag geen mens skei nie."*

Let op die woord wat hier gebruik word, naamlik "saamgevoeg" wat van die Griekse woord "prokolian" kom. Volgens Strongs #1347 meen dit: (en ek haal dit in Engels aan) *"To glue or cement together; stick to; join firmly. And this includes: faithfulness; loyalty and permanency in relationship."*

*<u>Dit beteken: Indien jy trou, behoort jy nie te skei nie!</u>*

Die Fariseërs verwys Jesus toe na die skeibrief wat Moses aan Israel gegee het. Jesus se antwoord hierop vind ons in vers 8: *"Omdat Moses weens die hardheid van jul harte*

*julle toegelaat het om van julle vroue te skei; maar van die begin af was dit nie so nie."*

Vers 9, is die een wat so maklik misverstaan word: *"Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en die wat die geskeide vrou trou, pleeg egbreek."*

Reeds in Mal. 2:16 het God gesê: *"Want Ek haat egskeiding, sê die Here, die God van Israel..."*

Maar een vraag wat so oud soos as die berge is: As enige persoon 'n geskeide persoon sou trou, word owerspel nie gepleeg nie? Ek is van mening dat daar net een sonde is wat nooit vergewe sal word nie en dit is die sonde teen die Heilige Gees, soos wat ons vind in Matt. 12:31,32. Alle ander sondes kan dus deur God vergewe word. Reg so? Dan geld dit ook vir mense wat geskei het. Dank God Hy is getrou en regverdig om al ons sondes te vergewe (1 Joh. 1:7,8) en dit sovêr as die Ooste van die Weste van ons te verwyder. (Ps. 103:12)

<u>*Egskeiding het duisende mense in ons land stukkend gebreek. Ons moet diegene nie verder vertrap nie, maar met die grootste liefde help optel. Dit is ook nie altyd maklik om te bepaal wie eintlik die skuldige een was aan die egskeiding nie.*</u>

## DIE HUWELIK RUS OP 4 PILARE
## Skrifgedeelte om te lees: Efesiërs 5:21-33

**Die 4 Pilare waarop die Huwelik rus is:**
**Onderdanigheid/Liefde/Eenheid/en Respekte**
Bespreek elkeen van hierdie belangrike eienskappe
Respekte beteken: Eerbied en ontsag.

**Die opskrif bo-aan Ef. 5:21-32 in "Die Boodskap" is: "Volledig man en vrou in die huwelik."**

*"Omdat julle soveel respek vir Christus het, moet die een nie dink hy is beter of belangriker as die ander nie. Elkeen moet bereid wees om dáár te wees vir die ander een. Laat ek eers met die vroue praat: Jy moet die leiding van jou man aanvaar soos ons die leiding van die Here aanvaar. Die man moet die leiding oor sy vrou neem soos Christus die leiding in Sy kerk neem. Hy het mos Sy kerk uit die kloue van die sonde gered. Soos die kerk dus die leiding van Christus aanvaar, so moet die die vrou ook haar man se leiding in alles aanvaar. Vir die man wil ek die volgende sê: Jy moet jou vrou liefhê; wees lojaal teenoor haar en kom jou verpligtinge teenoor haar na soos Christus dit teenoor die kerk doen. Hy het selfs Sy lewe ter wille van die kerk gegee toe dit nodig was. Die man behoort net so lief te wees vir sy vrou as wat hy vir homself is. Buitendien, die man wat sy vrou liefhet, het eintlik homself lief, want hulle is mos een in die huwelik. Ek het nog nie van iemand gehoor wat homself vurig haat nie. Nee, hy kyk liewer na homself en versorg homself mooi. Dit is wat Jesus met die kerk doen, want die kerk is vir Hom Sy eie liggaam. Die Skrif sê mos: 'n Man moet sy pa*

*en ma verlaat en met sy vrou saamleef. Die twee sal soos een mens wees...Elke man moet sy vrou net so liefhê as wat hy homself het, en die vrou moet haar man eerbiedig."*

**Belangrik: Bespreek 1 Petrus 3:1-7**

*Vul jou antwoorde hieronder in*

## <u>DIE KONINKRYK BREEK VIR HOMSELF 'N PAD OOP!</u>
## Matt. 11:1-12 (Ons sleutel vers is vers 12)

**Ou vertaling:** *"Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld."*
**Nuwe vertaling:** *"Sedert die dae van Johannes die doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit."*
**Die Boodskap:** *"Van die dag dat Johannes begin preek het tot nou toe het die onkeerbare krag van God se nuwe wêreld al keer op keer oor die mense gespoel. Mense wat op en wakker is, gryp elke geleentheid aan om deel te word daarvan."*
**The Amplified Bible:** *"...a share in the heavenly kingdom is sought for with most ardent zeal* ***(hartstogtelike ywer)*** *and intense exertion."*

**Wat beteken die "Koninkryk van God?"**
Die Griekse woord is "bassileia" en beteken God se Gebied; God se Wil; Sy teenwoordigheid!!
Die koninkryk was Jesus se prediking (Matt. 4:17) *"Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom."*

**Jesus stuur 'n boodskap na Johannes (v.2-5)**
Die koninkryk kan jy "hoor" en "sien" deur die verskil wat dit maak in mense se lewens! Die koninkryk kom altyd met wonders en tekens!

## Voorbeelde waar mense God se koninkryk in besit neem:

**(1) Matt. 8:1-3**
- Die verhaal is oor 'n melaatse man in Kapernaum.
- Melaatses moes buitekant die stad bly. Lev. 13:45,46
- Sonde verwyder jou ook van jou dierbares!
- Soos melaatsheid, maak sonde jou uiteindelik dood!
- Sien hom sy pad deurwerk tot by Jesus!

**(2) Matt. 8:28-34** (Mark. 5 beskrywe hierdie verhaal beter)
- Dit is oor die besetene van Gadara.
- Hy het in grafte gewoon en was met kettings gebind!
- Twee koninkryke ontmoet mekaar! WATTER EEN WEN?
- 2000 Varke verdrink hulself!
- Sien die besetene verlos en gekleed! Joh. 8:36

**(3) Matt 9:1-8** (Luk. 5:17-20)
- Dit vertel van die verlamde man en sy 4 vriende!
- Die moeite wat hul doen vir hul vriend!
- Is daar nie iemand wat jy moet help hierdie jaar nie?
- Dit moet geweld wees dat manne 'n dak oopbreek!

**(4) Matt. 9:20-22**
- Dit gaan oor die vrou wat aan bloedvloeiing gely het!
- Sy het die tyd van haar genesing bepaal! Mark. 5:33
- Mark. 5:33 Vertel ons dat sy voor Jesus neergeval het en Hom die hele waarheid vertel het!

### O! VIR GEWELD IN JOU GEES!

- Om verlos te word van enige binding in jou lewe!
- Om gesond te word! Hoe ernstig begeer jy genesing?
- Om jou huwelik te red!
- Om deur God gebruik te word!

## GRANAATJIES EN KLOKKIES
## Exodus 28:31-36

God se opdrag aan Moses was om 'n besondere kleed vir die Hoëpriester te maak. Volgens vers 3 moes hulle wat kunsvaardig was dit ontwerp. "Kunsvaardig" beteken om "bekwaam te wees" in wat jy doen. God wil jou gebruik, maar bekwaam jouself.

**Vers 4 Aan Die Hoëpriester se kleed was:**
'N BORSTAS Dit spreek van "geregtigheid"
"Geregtigheid" is om voor God te staan sonder skuld!
**(2 Kor. 5:17,21)** Lees 2 Kor. 5 vers 21 in Die Lewende Bybel.

'N SKOUERKLEED Dit spreek van "gesag"
Die rede waarom baie nie meer met krag kan bedien nie, is omdat hulle hul outoriteit in die Here verloor het.
**Heb. 10:35**

**Die hoëpriester se klere was gemaak van materiaal met die volgende kleure:**
**Goud en Pers — Purperrooi en Bloedrooi**
Goud en pers spreek van KONINKLIKE GESAG
Purperrooi en bloedrooi van VERSOENING

**Verse 9-12 Die twee stene wat die Hoëpriester gedra het op sy skouers was die 12 name van Israel se stamme**
HY WAS DUS 'N VERTEENWOORDIGER TUSSEN GOD EN ISRAEL

**<u>Lees Vers 30</u>** Die "Urim en die Tummim" was spesiale stene wat gebruik was in enige Besluitneming.
Num. 27:21; 1 Sam.23:9; 1 Sam. 30:7; Esra 2:63;
**<u>Dit was twee verskillende stene.</u>**
As God "Ja" gesê het, het die een steen gegloei.
En as God nee gesê het, het die ander steen gegloei!
**<u>Dan kom ons by die Granaatjies en die Klokkies</u>**
**(v.33-35)**
Die granaatjies en die klokkies stel 'n **BALANS** voor tussen die **VRUG** en **GAWES** van die Heilige Gees!
Die Heilige Gees het 'n PERFEKTE BALANS tussen GAWES en VRUG gebring in die Kerk!

**<u>Waarom die Klokkies?</u> Vers 35**
Die klokkies wat 'n geluid gemaak het, stel die **GAWES** voor en die granaatjie die **VRUG.** <u>Indien jy die **GAWES** soek, soek ook die **VRUG**</u>

DIE GELUID WAT DIE KLOKKIES GEMAAK HET, TERWYL DIE PRIESTER GEDURIG BEWEEG HET, WAS 'N AANDUIDING DAT HY NOG LEEF!
Hy het 'n tou om sy enkel gedra, sodat die Priesters hom onder die Voorhangsel kon deurtrek indien hy gesterf het – want hulle kon nie agter die Voorhangsel ingaan nie.

***Gemeentes waar die GAWES nie "hoorbaar" is nie, spreek tot ons van geestelike dood.***

Kom ons besluit om die LEWE terug te bring in die Kerk deur die GAWES aan te wakker soos wat ons lees in:
**<u>2 Tim. 1:6</u>**

**HOE SAL JY GOD SE GAWES AANWAKKER?**

- Bid oor jou gawe / Vermeerder jou kennis oor jou gawe
- Stel jou Gawes beskikbaar vir God

**DIE GAWES**(1 Kor. 12) teenoor **DIE VRUG**(Gal. 5:22)

**'n WOORD van WYSHEID en KENNIS**

"Liefde en Blydskap" is nodig vir dié Gawes.

**GELOOF**

Ware **Geloof** in jou sal **Vrede** bring.

**GENADEGAWES van GESONDMAKING**

Jy sal meer sukses verkry wanneer jy vir siekes bid as jy met groter **Lankmoedigheid** sou bid!

**WERKINGE van KRAGTE**

As hierdie Gawe deur jou werk, gebruik dit met die vrug van **Vriendelikheid**!

**PROFESIE** Teenoor **GOEDHEID**!

**1 Kor. 14:3** Profesie is om: "te stig, te troos en bemoedig"

**ONDERSKEIDING van GEESTE** teenoor "Getrouheid"

**ALLERHANDE TALE**

"Sagmoedigheid" word hieraan gekoppel.

**UITLEG van TALE**

"Selfbeheersing" word gekoppel aan hierdie gawe.

# DIE VYFPUNT PLAN TOT LEIERSKAP
# Ex.18:13-23

Ons Skrifgedeelte gaan oor Moses en Jetro. Moses was hier reeds 80 jaar oud. Jetro het hom 40 jaar tevore ontmoet en hom in sy huishouding opgeneem.
Moses het groot sukses gehad deur Israel (na tien plae) uit te lei uit Egipte. Selfs die magtige Farao en sy helde het omgekom deur die leierskap van Moses. Geen wonder almal het sy raad gesoek nie.

**Maar kyk hoe ernstig praat Jetro, die skoonvader van Moses in Ex. 18:13 met Moses**

JETRO GEE AAN MOSES DIE VYFPUNT PLAN TOT SUKSESVOLLE LEIERSKAP. (Dit was 4000 jaar gelede en werk nog vandag)

1. (v. 19) WEES 'N VOORBIDDER VIR JOU MENSE
   Ex. 32:7 (Volk dans voor kalf. God wou hulle uitwis, maar Moses tree in by God!)
2. (v. 20) LEER JOU MENSE (Doen wat geskrywe staan in Matt.28:19
3. (v. 20) WEES ALTYD 'N VOORBEELD
4. (v. 21) JY MOET KAN DELEGEER (Moenie alles self doen nie!)

   *Gee party meer verantwoordelikheid as ander!*
   Paulus het dieselfde geleer vir Timotheus 2 Tim.2:2
5. (v. 22) JY MOET FINALE BESLUIT KAN NEEM

**Jetro sluit af in Ex. 18:23 met:** *"As jy dit doen en God jou dit beveel, kan jy dit uithou en sal ook al hierdie mense tevrede na hulle woonplek gaan."*

*Die Engelse Bybel stel dit so: "and there will be peace and harmony in the camp"*

**As ons vrede in ons gemeentes wil ervaar sal ons hierdie goeie raad van Jetro aan Moses moet uitvoer**

# **"GEEN VEROORDELING"**

**Romeine 8:1** *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie..."*
***Die Boodskap:*** *"Goeie Nuus! God se oordeel is vir altyd verby vir elkeen wat aan Christus Jesus behoort."*

- Iemand wat veroordeel is, is reeds gevonnis!
- Collins Dictionary: *"If you condemn you mean bad and unacceptable"* Sê: "Ek is nie sleg en onaanvaarbaar nie!!!"
- **In Joh. 8:11 sê Jesus vir die owerspelige vrou:** *"Ek veroordeel jou ook nie. Gaan en sondig nie meer nie."*
- Hy het nooit haar sonde goedgekeur nie, maar Sy GENADE was vir haar genoeg! (Tussen hakies: Waar was die man?)
- DIE KERK Sê: *"Gaan en sondig nie meer nie, dan sal ons jou nie veroordeel nie!"* KOM ONS GEE MENSE HOOP!!!

**Baie Christene sê:**
*"God straf my oor my sondige verlede"* Terwyl die Bybel sê in Heb. 8:12 dat Hy nooit weer aan ons sondes eers sal dink nie!
**WEET DAT JY VERGEWE IS EN DAT GOD JOU LIEF HET!!!**

- Dit is die duiwel wat jou aanklae (Open. 12:11)
- Die Heilige Gees kla nie aan nie maar oortuig (Joh. 16:8)
- Moenie jouself onder die wet plaas nie. Want dit word genoem – "die bediening van die dood" (2 Kor. 3:7)

In die Ou Testament het die Priester nie die sondaar ondersoek nie, maar die lam wat hy gebring het! (Dink na hieroor)
Lees 2 Kor. 13:5  Ondersoek jouself. Hier staan nie dat jy jouself moet veroordeel nie!

Jy moet nooit veroordeeld voel as jy siek is en dit toeskryf aan sonde wat jy gedoen het nie.  Dink aan die blinde man in Joh. 9

Wanneer  jy onder GENADE is, sal sonde nie oor jou heers nie.  Rom. 6:14  *"Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade."*

## GOD SE "KAIROS" TYD
## Lukas 19:41-44

Daar is twee Griekse woorde:
**"chronos"** (Gewone tyd)
**"kairos"** (God se gunstige tyd)

**Ons moet die tyd onderskei waarin ons leef.**
**Ef. 5:16** *"koop die tyd uit, omdat die dae boos is"*
ENGELSE BYBEL: *"**redeem** the time because the days are evil"*

## BESPREEK LUKAS 19:41-44

**By die Huttefees het Jesus uitgeroep:**
**Joh. 7:6,8** *"Toe sê Jesus vir hulle: My tyd **(kairos)** is nog nie daar nie. Maar julle tyd **(chronos)** is altyd daar...Gaan julle op na hierdie fees. Ek gaan nie op na hierdie fees nie, omdat my tyd **(kairos-gunstige tyd)** nog nie daar is nie."*

**By Jesus se Hemelvaart het Hy gesê:**
*"Dit kom julle nie toe om die tye **(chronos of kronologie)** of geleenthede **(kairos of seisoene)** te weet wat die Vader deur Sy eie mag bepaal het nie."*
**Hand. 1:7**

**Daar was ''n "kairos" tyd in Moses se lewe**
**Hand. 7:17-36 (Moses se roeping vind ons in Exodus 3)**

- **<u>GOD SE BELOFTES IS GEKOPPEL AAN ‘N TYD</u>**
  **<u>Vers 17</u>** *"En namate **<u>die tyd van die belofte</u>** wat God aan Abraham met 'n eed beloof het, nader kom, het die volk toegeneem en vermeerder in Egipte."*

- **<u>JOU GEBOORTE WAS 'n KAIROS TYD!</u>**

- **<u>JOU ROEPING WAS 'n KAIROS TYD!</u>**

## GOD SE PAD – Hand 8:26-40

Die verhaal wat ons vind vanaf vers 26 tot 40 is waar Filippus deur God gestuur was na die woestyn om met 'n hofdienaar van Ethiopië kontak te maak, en aan hom die Evangelie te verkondig.

**Iets omtrent dié Ethiopiër:**

- Hy was die Minister van Finansies van Ethiopië.
- Hy was besig om 'n deel van Jesaja in Hebreeus te lees.

**Iets oor Filippus:**

- *Filippus is weggeroep van 'n HERLEWING (v. 5-8)*
- *God neem hom vandaar na 'n EENSAME PAD.*
- *God wou Ethiopië bereik met Sy Woord*

**God se pad is 'n EENSAME PAD (vers 26)**
Vind jy jouself vandag op 'n eensame pad?
Daar is baie eensame mense in die Kerk!

**God se pad is 'n ONVERSTAANBARE PAD (v.30-35)**
Die Ethiopiër verstaan nie Jesaja 53 nie.
Ek het altyd gedink jy weet alles as die Gees jou lei?

**God se pad lei uiteindelik na BLYDSKAP (v. 36-39)**
Wat het Blydskap gebring vir die Ethiopiër?
Gehoorsaamheid aan God sal blydskap bring

---

**Bespreek die volgende:**
Wat het blydskap gebring vir die man in Hand. 3

Siekte het droefheid gebring, maar hou moed.
Want deur Sy wonde is jy genees! (1 Pet. 2:24)
Wat het blydskap gebring vir Jeremia? Jer. 15:16
Wat sal blydskap in die hemel bring? Luk. 15:7

***God se pad mag soms EENSAAM en ONVERSTAANBAAR wees, maar dit eindig altyd as 'n PAD VAN BLYDSKAP!***

# KAN GOD ONS WEER ROEP?

## Jesaja 6:1-8

- As jy 'n kind van God is, dan het die Here jou geroep!
- Die vraag is: LEEF JY JOU ROEPING UIT??
- Ons vraag nou is: Kan God ons weer roep?

Kyk wat gebeur met Jesaja toe God hom weer roep!
HOEKOM IS VERS 5 IN DIE BYBEL?

Hoor hoe het hy gepreek! Jesaja 1:4; 3:11; 5:8; 5:20-22
Sy boodskap was vol VEROORDELING!!
Hoor hoe preek hy na Jes. 6!! Jes. 7:14; 9:5 en 11:2

Jesaja is "weer geroep" in die sterfjaar van Koning Ussia

- Ons lees van Ussia in 2 Kronieke 26
- Hy was 16 jaar toe hy koning geword het en het 52 jaar geregeer.
- Vers 5 Toe hy God gesoek het, was hy voorspoedig!
- Vers 16 Maar toe raak hy hoogmoedig!
- Hy doen toe iets wat net 'n Priester kon doen, en word melaats!
- Vers 21 As melaatse bly hy tot sy dood in sy eie huis.

Die groot les wat ons hier leer is:
MOENIE IETS DOEN AS GOD JOU NIE GEROEP HET NIE!

## **Tydens watter konings se Regering was Jesaja 'n Profeet?**

**USSIA JOTAM AGAS en HISKIA**

- 2 Kron. 27 Jotam (Ussia se seun) was 'n goeie koning (MAAR HY HET NET NIE KERKTOE GEGAAN NIE!) Hy was kwaad vir God omdat sy pa melaats geword het!
- 2 Kron. 28 Agas (Jotam se seun) het ook goed gedoen MAAR hy het die gereedskap van God se huis stukkend gebreek EN DIE KERK SE DEURE TOEGESLUIT! Hoe dink jy sluit mense die Kerk se deure vandag?
- 2 Kron. 29 Hiskia het gelukkig alles herstel en die kerk se deure weer oopgemaak!
- HOOFSTUK 31 VERTEL ONS SELFS VAN "HOPE VAN TIENDES" WAT HISKIA INGEBRING HET.

GOD ROEP JOU WEER OM AAN HOM TE GEE!!

**GOD WIL JOU WEER ROEP!**

Hierdie keer wil God spesifiek jou MOND aanraak!
Hy wil ook jou SALF MET SY VUUR!

BID MET ERNS DIE VOLGENDE:
"HERE, ROEP MY DAN WEER, EN RAAK MY AAN MET 'N KOOLVUUR VAN U ALTAAR!!

# **“<u>HERSTEL ONS, O GOD!</u>”**

## **<u>Ps. 85:5-7</u>**

**<u>Ps. 85:7</u>** <u>Die Boodskap</u> “*God verander tog ons omstandighede.”*

*<u>Die woord “herstel” beteken:</u>*

*Terugplaas; terugbring; na oorspronklike toestand; Genees; ongedaan maak*

*<u>In Engels:</u> "Restore means to cause it to exist again as it was”*

**Jy kan alleenlik só bid as jy <u>vers 3</u> ondervind het.**

**<u>Bybelse voorbeelde hoe God kan herstel:</u>**
**<u>Een van die treffendste verhale in die Bybel is waar God Nebukadnesar as koning herstel het (Dan.4)</u>**

- Sy droom van die groot boom in die middel van die aarde. Die hoogte het die hemel bereik en almal bedien met sy skaduwee en vrugte.
- Toe kom die Engel en sê: *"Kap die boom af, maar laat sy penwortel bly.”*
- Vers 16
- Verse 29-36

**<u>‘n Tweede verhaal is die van Job (Job 42:10-12)</u>**

**<u>WAT MOET IN JOU LEWE HERSTEL WORD?</u>**

- <u>IS DIT BLYDSKAP?</u> Vers 7
  Neh. 8:10; Hand. 16; 2 Kron. 20
- <u>KAN DIT JOU HUWELIK WEES?</u>
- <u>MISKIEN IS DIT JOU VERHOUDING MET GOD?</u>

# HOOP – DIE BLOUDRUK VAN GELOOF

**Heb. 11:1** *"Die **Geloof** dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons **Hoop**, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."*

As ek jou sou vra om te verduidelik wat "HOOP" is, wat sal jy antwoord? Die regte antwoord is:
**Hoop is Verwagting!**
**Volgens Rom. 5:5** stel hoop ons nie teleur nie.
Dit lees so: *"die **hoop** beskaam nie."*
Vir hierdie rede sê ons dat hoop ons nie sal teleurstel nie.

**Hoop dien as 'n bloudruk vir Geloof**
Hoop is die beeld wat die Heilige Gees in jou binneste plaas.
Die teenoorgestelde is **wanhoop**, wanneer jy geen hoop het nie.

**Geloof se fondasie is God se Woord.**
Hoop is dus nie **'n wensdenkery nie.** Dit staan vas op op God se Woord. Die Bybel is die **"Vervaardiger" se "werkboek".**
Hoop kan nie iets voortbring sonder geloof nie.

**Jy sal net ontvang as jou hoop deur geloof ondersteun word nie.**

**Hoop is net die bloudruk**
Jy kan nie net 'n bloudruk neem en 'n huis daaruit maak nie. Want 'n bloudruk is net 'n stuk papier.
Maar as jy sekere "<u>substansie</u>" neem, soos sement, sand, bakstene en hout....dan kan jy die "bloudruk" (Hoop) neem, en bou!

**<u>Onthou</u>: Alle werkbare bloudrukke kom van God se Woord!**

**Kol. 1:23** sê: *"...ons moet vas bly in die geloof en ons nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie..."*
**Enige hoop anders as "die hoop van die evangelie" is gevaarlik!**

Indien jou dokter verklaar dat jou kanse vir herstel maar skaars is, dan moet jy seker maak dat jou hoop op herstel gebou is op God se Woord wat sê in **1 Petrus 2:24** *"...deur wie se wonde julle genees is."*

**Rom. 4:18-21 sê:** *"Hy (Abraham) het teen **hoop op hoop** geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: 'So sal jou nageslag wees.' En sonder om te verswak in die geloof het hy, al was hy omtrent honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat reeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie. En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee, en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het."*

Natuurlike kennis het vir Abraham gesê dat daar geen hoop was van 'n nageslag met hom en Sara nie. Maar sy hoop was gebou op die woord wat hy van God ontvang het!

Die Bybel sê hy het **"hoop op hoop geglo"** Met ander woorde hy het bonatuurlike hoop gebruik om natuurlike hoop te oorkom. Hy het sy denke vasgemaak aan wat God beloof het.

**In Rom. 4:20 staan geskrywe: *"maar hy is versterk deur die geloof..."***

**Jy sien, Geloof was die substansie van sy Hoop!**

**God het Abraham se naam verander. Dit was eers Abram.**

Abraham beteken "die vader van 'n menigte". Elke keer as sy vrou hom geroep het was dit op sy nuwe naam, naamlik: *"Vader van 'n menigte....!"*

Glo dat God jou gemaak het as 'n nuwe skepsel in Christus. Glo in 2 Kor. 5:17 en tree op soos iemand wat dit glo!

<u>WAT GEBEUR AS JOU GEESTELIKE BATTERY "PAP" RAAK en JY BEGIN TWYFEL?</u>

Wat met jou gebeur het was nie dat jou geloof gefaal het nie, maar dat jou hoop vervaag het.

**Jy sien, geloof sal nie werk sonder hoop nie!**

*"Want <u>geloof</u> is **<u>'n vaste vertroue</u>** op wat ons <u>hoop</u>"*

Wanneer ons ons hoop verloor, verloor geloof sy doel. Dan het geloof nie meer 'n missie om te bereik nie!

**Ware Bybelse hoop is nie wensdenkery nie! Hoop is ook nie om ‛n kans te vat nie!**

**Hoop kom wanneer ons God se beloftes neem en dit gedurig oordink in ons harte.** Hoop kom wanneer jy jouself sien met dit wat God jou beloof het. Wanneer hoop lewendig word in jou, word jy vasgevat met God se Woord, en dan sal niks jou kan laat afsien van wat jy wil bereik nie. Dit maak nie saak of mense jou gesprek in ‛n ander rigting wou stuur nie, want elke keer sal jy net weer wil praat oor die hoop wat in jou is.

**Besluit om jou hoop en geloof nie te verloor nie. Praat wat geskrywe staan in jou Bybel – God se Woord!**

## ONS HET 'N INGRYPING VAN GOD NODIG!

### Die eerste voorbeeld waarna ons kyk is: Exodus 3:1-7 Waar God Moses roep om Israel te bevry uit slawerny!

- Israel was slawe in Egipte vir 430 jaar.
- Op 80 was Moses besig om skape in Midian op te pas.
- Dit was 'n gewone dag – Bonatuurlike dinge gebeur soms op doodgewone dae.
- Moses het hierdie bos gesien grootword in die woestyn.
- Vandag is daar 'n vuur in die bos – maar dit brand nie uit nie!
- Moses kom nuuskierig nader.
- God praat met hom en sê hy moet sy skoene uittrek want die grond waarop hy staan is heilig. God veroorsaak 'n kragveld.
- Die dikte van Moses se skoensool het gekeer dat hy kontak maak met God se heiligheid! WAT KEER JOU OM KONTAK TE MAAK MET GOD?
- Op 80 word Moses geroep deur God – En jy dink jy is te oud?

### Die tweede voorbeeld waarna ons kyk is: Hand. 10 waar Petrus preek vir Cornelius en sy mense.

**Ons lees in Hand. 10:44** *"En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te preek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het"*

**<u>Die Heilige Gees het ingegryp terwyl Petrus gepreek het.</u>**

- Ek bid dat God sal ingryp in Gemeente Programme!

Normaalweg val jy nie iemand in die rede as hy nog besig is om te praat nie. Die Heilige Gees het besluit dat Petrus nou genoeg gepraat het, en gesien dat sy gehoor hulle harte oopgemaak het vir die Woord. <u>Die vraag is</u>: "Was Petrus kwaad dat hy nie kon voortgaan om te preek nie?"

**<u>Jare gelede was ek die prediker in Grabouw se "Rooi Saal"</u>**

Daar was seker dertig gemeentes se jongmense bymekaar. Voordat die diens begin het was al die leiers bymekaar om te bid. Die organiseerder het my daarop gewys dat daar baie items was en gesê: *"Dit is die program voordat jy moet preek, mits die Heilige Gees anders lei"* Ek moes hom reghelp deur te sê: *"Jy moes vir my eerder gesê het: Ons verwag dat die Heilige Gees sal ingryp in hierdie diens – maar as dit nie gebeur nie het ek die volgende items gereël."*

Daardie aand, terwyl ek nog besig was om te preek, het jongmense van agter af begin vorentoe hardloop om hulself aan God te gee! Ek kon nie klaar preek nie. Na die diens het van hulle my vertel dat hulle iets gehoor het wat aangerol gekom het en die Saal agter getref het. Op daardie oomblik het hulle vorentoe begin hardloop!

**<u>BEGEER JY 'N INGRYPING VAN GOD?</u>**

# **"NEEM DIE LAND IN BESIT"**

**Vir Moses sê God:** ***Deut. 1:8*** *"Kyk, Ek gee die land aan julle oor; gaan in en neem die land in besit."*
**Vir Josua sê God:** ***Josua 1:3*** *"Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle."*

**JY KAN NET IN BESIT NEEM WAT GOD Sê JY KAN**

- Israel kon nie Seir in besit neem nie **(Deut. 2:5,6)**
- Ook nie Moab nie **(Deut. 2:9-11)**
- Die Amoriete wel
  - Koning Sihon van Hesbon **(Deut. 2:27-30)**
  - Koning Og van Basan **(Deut. 3:1-4)**

Og was 'n reus **(Deut. 3:11)**
NEEM JOU "REUSE" IN BESIT!!

**OUD en JONK IS NODIG OM DIE LAND IN BESIT TE NEEM – Die "Moses" asook die "Josua" geslag**

- Dit begin by ons AANBIDDING
- Dit sluit ook ons GEESTELIKE WAARDES in
- Kom ons wees soos KALEB (**Josua 14:10-12)**

**WANNEER JY IN BESIT NEEM, LEER OM TE GEE**

- Israel moes van die 60 stede weggee **(Deut. 3:12-17)**
- Eers aan hul eie mense **(Hand. 4:32-35 Gal. 6:10)**
- **Bespreek 2 Kor. 9:8,11**

**<u>WAT MOET ONS IN BESIT NEEM VIR DIE HERE?</u>**

- **Ons Huwelike en Gesinne** (Die samelewing begin hier)
- **Die Besigheidswêreld** (Christen Manne/Vroue is nodig)
- **Kuns en Kultuur**
- **Media en Vermaak**
- **Politiek**
- **Sport**
- **Onderwys** (Nie net die Bybel terug in die klaskamer nie, maar dat ons kinders geestelike waardes geleer sal word!)

**<u>MAAR JY SAL ALLEENLIK IN BESIT KAN NEEM AS JY JOUSELF KAN OORWIN</u>**

Dawid het eers homself oorwin voordat hy Goliat kon oorwin. Lees 1 Sam. 17:28,29 en sien hoe mooi was sy gesindheid toe sy oudste broer hom weggejaag het uit die oorlog.

**<u>WAT MOET JY IN BESIT NEEM?</u>**

(1) Jou Gesondheid?
(2) Jou Verlossing?
(3) Jou Finansies?

## WAKKER DIE GAWES AAN

**2 Tim. 1:6,7**

*"Om hierdie rede herinner ek jou om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande. Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van KRAG en LIEFDE en SELFBEHEERSING."*

**Nuwe Vertaling:** *"die genadegawes moet soos 'n vuur aangeblaas word."*
**Amplified:** *"stir up – rekindle the embers (die kole) fan the flame and keep burning the gift of God...that is in you..."*

**WAT JY NODIG HET OM TE OORWIN IS IN JOU**
**Joh. 7:38** *"Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: Strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."*
**1 Joh. 4:4** *"Hy wat in julle is, is groter as Hy wat in die wêreld is."*

**DANK GOD VIR DIE GEES WAT HY ONS GEGEE HET**
**Joh. 15:26 (Amplified)** *"But when the Comforter (Counselor; Helper; Advocate; Intercessor; Strengthener; the Standby) comes..."*

**DIE HEILIGE GEES IS MEER AS NET 'N ONDERVINDING**
*Die Heilige Gees is die 3de Persoon in die Godheid wat van jou besit neem!*

**DIE HEILIGE GEES IS NIE 'N GEES VAN VREES NIE**
Ja, daar is "GEWONE VREES" maar daar is 'n "GEES VAN VREES" God se Gees is nie 'n Gees van "vrees" nie.

**DIE HEILIGE GEES IS "dunamis" KRAG! Hand. 1:8**

- Dit is die krag wat in Simson gewerk het toe die leeu hom wou verskeur het. **(Rigters 14:6)**
- Dit is die krag wat in Paulus gewerk het toe die slang hom gebyt het op die eiland van Melite **(Hand. 28)**

**DIE HEILIGE GEES IS 'N GEES VAN LIEFDE**

**Rom. 5:5** *"Die liefde van God word in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is."*

- Hoe meer ons van God se Gees in ons het, hoe meer liefde het ons!
- "Wys my jou liefde, dan sal ek weet hoeveel van God se Gees is in jou!"

**WAT MOET IN JOU AANGEWAKKER WORD?**

**(1) JOU GETUIENIS Open. 12:11**

**(2) PROFESIE 1 Kor. 14:1 en 3** "Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes, MAAR VERAL OM TE PROFETEER… Hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van STIGTING en TROOS en BEMOEDIGING."

**(3) JOU ROEPING** Jy sal alleenlik vervulling vind in jou lewe as jy doen waarvoor God jou geroep het om te doen!

**(4) WAKKER DIE GAWE VAN GENESING AAN**

Ons leef in 'n siek wêreld en ons moet vir hulle kan bid!

**HOE WAKKER JY GOD SE GAWES AAN IN JOU LEWE?**

- Deur te ontdek wat in jou is.
- Bekom alle kennis rakende jou gawe.
- Moenie net bid oor jou gawe nie – Gebruik dit.
- Indien nodig: Laat 'n Gesalfde hande op jou plaas!

## WAT BRING GELUK?

**Psalm 32:1,2 (Ou vertaling)** *"Welgeluksalig is hy wie se oortredinge vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die Here die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."*

**Die Boodskap vertaal dit soos volg:** *"Jy is baie gelukkig as die Here jou al jou verkeerde dade vergewe. Jy is gelukkig as Hy nie meer aan jou slegte dade dink nie. Jy is baie gelukkig as die Here jou nie laat betaal vir jou skuld nie. Jy is ook gelukkig as jy nie skelm is of ander mense probeer te kort doen met geld nie."*

**Die Lewende Bybel:** *"'n Mens kan werklik gelukkig wees as sy sonde weggeneem is en sy misdade vergewe is. 'n Mens kan werklik gelukkig wees as die Here hom nie meer verantwoordelik hou vir sy oortredinge nie, en hy geen bedrog in sy hart het nie."*

**Die Ou Afrikaanse vertaling gebruik die woord**
"Welgeluksalig"
Dit beteken: "in die hoogste mate gelukkig, geseënd"
Om gelukkig te wees meen dat jy vreugde het en dat jy tevrede is.
"Vergenoegdheid" kan ook 'n goeie beskrywing hiervoor wees.

C.J. Langenhoven het gesê: *"Ek sê nie alle suur mense is Fariseërs nie, ek sê net alle Fariseërs is suur mense."*

**Hoe gelukkig is jy? Gee jouself 'n punt tussen 1-10**

*"Happiness is not having what you want, but wanting what you have."*
*"Laughter is to life what shock absorbers are to cars. Shock absorbers won't take the potholes out of the road, but it sure makes the ride smoother."* ***Kan jy nog lag?***

**WAT LEER ONS UIT ONS SKRIFGEDEELTE?**
**Jy is gelukkig as jy vergewe is!**
KAN JY WAARLIK VERKLAAR DAT JY VERGEWE IS?

**Volkome Vergifnis werk soos volg!**
Kry eers vergifnis by God (1 Joh. 1:7-9)
Vergewe jouself (Doen dit sommer voor 'n spieël)
Vergewe jou medemens (Matt. 18)

**Jy is gelukkig as jy nie betaal vir jou skuld nie.**
**Martin Luther** was besig om in die regte te studeer toe hy tydens 'n hewige storm gedink het dat hy sou vergaan, en met erns uitgeroep het: *"Here, as U my red, sal ek 'n priester word!"* Die Here het hom gered en hy het 'n priester geword.
**Luther het geluk probeer verdien.** Hy het drie keer per week gevas en in yskoue weer sonder 'n kombers geslaap – alles pogings om die Here gelukkig te maak. Luther het geglo dat die Here goed is, en die mens sleg. Eendag, terwyl hy weer die Bybel gelees het, was dit asof hy vir die eerste keer Romeine 1:17 raaksien, wat soos volg lees: *"...die regverdige sal uit die geloof lewe."*

**<u>Die Boodskap vertaal dit:</u>** *"Daar staan immers in die Bybel geskryf: Almal wat deur God van hulle sondes vrygespreek is omdat hulle glo, sal die ware lewe ken."* Luther het skielik besef dat hy nie hoef te probeer om God se guns te wen nie. <u>God het hom reeds vergewe, en daaroor kan hy gelukkig wees!</u>

**<u>Wat kan ons nog leer, wat ons geluk sal bring?</u>**

- Jy is gelukkig as jy weet wat jou **<u>doel</u>** is.

  Die boek "<u>Purpose Driven Life</u>" het baie mense gehelp om God se doel vir hul lewe te ontdek. Van hierdie boek is miljoene verkoop!
- Het jy geluk in jou **<u>werk</u>?** Gaan jy miskien elke dag na die verkeerde werk, hoe verwag jy om gelukkig te wees?
- Het jy geluk in jou **<u>studies</u>?**
- Het jy geluk in jou **<u>huwelik</u>?**

  Die beste preek hiervoor is: "*<u>A happy wife is a happy life!</u>*"
- Het jy geluk waar jy **<u>woon</u>?**

**<u>JY HET GELUK IN JOU OF JY HET DIT NIE</u>**
Soos jy dink, so is jy! (Spreuke 23:7)
Verander jou denke dan verander jy jou toekoms.

## **WAT HET EFESE LAAT GROEI?**
## **Hand. 19:1-20**

- Wanneer ek hierdie gedeelte lees, gee dit my altyd moed. Want as Efese kon groei (as 'n afgod stad) kan enige gemeente op enige plek op aarde groei!
- In **vers 35** lees ons wat die stadsklerk van Efese gesê het, naamlik: *"Efesiërs, watter mens is daar tog wat nie weet dat die stad van die Efesiërs die tempel bewaarder is van die groot godin Diana en van die beeld wat uit die hemel geval het nie?"*

**DIE EERSTE WAT EFESE GEESTELIK LAAT GROEI HET WAS DAT DIE HEILIGE GEES OP HUL GEKOM HET. Verse 1-6**

- As God se Gees op jou gees kom:
    - Dan verander jy in 'n ander mens **(1 Sam. 10:6)**
    - Dan verbreek die Here jou laste **(Jes. 10:27)**
    - Dan gebeur met jou wat met Bileam gebeur het in **Num. 24:2-5**

**TEN TWEEDE: PAULUS HET EFESE VIR TWEE JAAR DIE WOORD VAN GOD GELEER! Verse 8-10**

- Die 3 maande "Spesiale dienste" was nie genoeg nie.
- Die 2 jaar van Woordskool wel.
- Sonder dat Efese TV of Radio gehad het; of preke op CD en DVD's; of Boeke kon versprei; of motors gehad het...**Hulle het Asië bereik in net twee jaar!**

**TEN DERDE: DAAR WAS TEKENS EN WONDERS Verse11,12**

- Die eerste Kerk het só gegroei. **Hand. 5:12,15**
- Die wêreld soek nie mooi preke nie. Hulle soek God in aksie!
- Wat het gebeur in **vers 12?**
- **Weet dat God se krag oordraagbaar is!**

**TEN VIERDE: HULLE HET HUL SONDES BELY Verse 18-20**

- Onthou dat **1 Joh. 1:7 en 9** was geskryf vir die gelowiges. Lees 1 Joh. 1 en tel hoeveel keer kom die woord "ons" voor.
- **Spreuke 28:13** *"Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind."*

# WAT VERSEKER GOD SE HEERLIKHEID?

**Heb. 9:1-5** *"So het dan die eerste verbond (die Ou Testament) sowel verordeninge (reëls) vir die erediens asook sy aardse heiligdom gehad. Want die tabernakel is so ingerig: die eerste (verwysende na die eerste vertrek) waarin die kandelaar was en die tafel en die toonbrode, wat die Heilige genoem word; en agter die tweede voorhangsel die tabernakel wat genoem word die Allerheiligste, waarin 'n goue wierookbak was en die ark van die verbond, rondom heeltemal met goud oortrek, waarin die goue kruik met die manna was en die staf van Aäron wat gebloei het, en die tafels van die verbond; en daar bo-op die gérubs van die heerlikheid wat die versoendeksel oorskadu het, waaroor nie nou afsonderlik gespreek kan word nie."*

Volgens wat ons lees in **Levitikus 16:2** het God se heerlikheid gerus op die verbondsark en vandaar het God met Sy volk gepraat. Die verbondsark was dus baie heilig.

**Waar die verbondsark geneem was, daar was God se teenwoordigheid!**

Geen wonder dat Pinehas se vrou, by die geboorte van haar seun, die volgende uitgeroep het toe sy gehoor het dat die Filistyne die verbondsark in die oorlog met Israel geneem het: *"Ikabod – weg is God se heerlikheid." (1 Sam. 4:19-22)*

**Wat was in die verbondsark?**

Indien jy en ek kan verstaan wat in die verbondsark was, en wat deur God se heerlikheid beskerm was, sal ons ook verstaan dat daar sekere dinge is wat in ons lewens teenwoordig moet wees om te verseker dat God se heerlikheid ook op ons sal rus.

## DIE EERSTE WAT IN DIE VERBONDSARK WAS: "Die goue kruik met die manna"

Ons lees die eerste keer van "Manna" in **Exodus 16**
Jy sal ook hier vind dat wanneer die Bybel praat van manna dan praat dit ook van God se heerlikheid. Kom ons kyk hoe word ons vertel van die manna in Ex. 16.
*Vers 4 "Toe sê die Here vir Moses: Kyk, Ek sal vir julle brood uit die hemel laat reën; dan kan die volk uitgaan en die dagmaat van elke dag insamel, sodat Ek hulle kan beproef, of hulle in my wet sal wandel of nie."*

Verwysende na die manna sê die Here: *"En môre vroeg, dan sal julle die heerlikheid van die Here sien."(vers 7)*
M.a.w. deur die voorsiening van die manna sal Israel ook God se heerlikheid ervaar.

Vers 10 is net so treffend om te lees, naamlik:
*"En onderwyl Aäron die hele vergadering van die kinders van Israel toespreek, draai hulle na die woestyn toe en meteens verskyn die heerlikheid van die Here in die wolk."*

Verse 14,15 beskryf aan ons die manna. *"En nadat die doulaag opgetrek het, het daar oor die woestyn iets gelê wat fyn en korrelrig was, fyn soos ryp op die grond. Toe*

*die kinders van Israel dit sien, sê hulle vir mekaar: Wat is dit?*
Volgens Exodus 16:33,34 het Israel daardie eerste dag van die manna in 'n kruik gehou wat 40 jaar gehou het. Hierdie kruik met manna was bewaar in die verbondsark as 'n getuienis van God se voorsiening in al die jare wat Israel getrek het deur die woestyn. Elke dag se manna het net gehou tot die volgende dag voordat dit vol wurms geraak het. Net elke sesde dag s'n het gehou tot na die Sabbat.

**DIE TWEEDE WAT ONS VIND IN DIE VERBONDSARK WAS:**
**"Die staf van Aaron"**

'n Staf in die Bybel spreek van GESAG.
Indien jy begeer na God se heerlikheid sal jy moet seker maak dat jy geestelike gesag in jou lewe het.

Met die leierskap stryd wat ons vind in Numeri 16 waar Korag, Datan en Abiram in opstand teen Moses se leierskap gekom het, het Aaron se staf getoon wie die gesag in Israel dra.

Hulle het van elke stam 'n staf geneem en dit vir 'n nag in die tabernakel geplaas. Die volgende oggend was daar bloeisels aan Aaron se staf. (Numeri 17:1-10)
Die volk het dus geweet wie was deur God uitgesoek om die leier van Israel te wees. Die tragiese en onnatuurlike dood van Korag; Datan; Abiram en al hul mense was

skokkend. Lees dit gerus self in bogenoemde hoofstuk. Voorwaar, God laat Hom nie bespot nie.

## **DAN WAS DAAR OOK IN DIE VERBONDSARK: "Die kliptafels van die verbond"**

Bewaar die Here se wette in jou hart en die Here se heerlikheid sal op jou rus. Dit geld natuurlik ook vir jou huis.
Dawid het eenmaal in Psalm 118:11 die volgende uitgeroep, naamlik: *"Ek het U woord in my hart gebêre dat ek nie teen U sou sondig nie."*

Jy kan nie leef soos jy wil en dan verwag dat God Sy heerlikheid aan jou sal gee nie. Maar as jy bereid is om Sy woord in jou lewe te bewaar sodat dit vir jou 'n lig op jou pad sal wees, dan sal God Sy teenwoordigheid met jou deel.

# WIL JY 'N WARE LEIER WEES?

RAAK ONTSLAE VAN JOU NEGATIEWE VERLEDE
Paulus moes dit doen. Ons lees in **Filippense 3:14** *"Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."*

Jy sal alleen jou doel in die lewe kan "najaag" as jy die negatiewe verlede vergeet. En jy sal vergeet as jy van harte kan vergewe!

MAAK SEKER WAT JY IN CHRISTUS IS
**In Efesiërs hoofstuk een leer ons wat ons in Christus is**
Daar lees ons:
Dat ek geseën is met alle geestelike seëninge (vers 3)
Dat ek vir God uitverkies is (vers 4)
Dat ek verlos en vergewe is (vers 7)
Dat ek 'n erfgenaam is (vers 11)
Dat ek verseël is met die Heilige Gees (vers 13)
Dat alle probleme onder my voete is (verse 20-23)

WERK PERSOONLIK AAN JOU KARAKTER
Jou karakter is jou persoonlikheid – hoe betroubaar en eerlik jy is.

KRY SEKERHEID WAT JY IN JOU LEWE MOET DOEN
As jy onseker is probeer 'n paar dinge en uiteindelik sal jy dit doen wat vervulling in jou lewe bring. Moet nie "niks" doen nie!

# DIE GEMEENTE en BEDIENINGE
# 1 Kor. 12:1,4-6 en 27,28

- Reg deur die wêreld is God besig om Bedieninge in Sy Kerk te herstel. GOD WIL DIE LIDMAAT GEBRUIK!!
- Baie lidmate weet nie wat hul bediening is nie!
- Om in die regte bediening te staan gee vervulling!
  Die Kerk het baie "onvervulde" lidmate!

**Bespreek die volgende Skrifgedeeltes:**
**Vers 1** Weet waarvoor God jou wil gebruik!
**Verse 4-6** Genadegawes / Bedieninge / Werk
**Verse 27,28**

**Daar is baie "Bedieninge" in die Kerk, maar ek wil fokus op sekere Bedieninge wat dringend nodig is in elke Gemeente.**

## (1) VOORBIDDERS

WIE IS HULLE?

Dit is hulle wat:

- ❖ Tussen God en mens intree in Gebed!
- ❖ Mense wat bid vir die nood van die dag!
- ❖ Nie net aan hulself dink nie!
- ❖ Soos Moses wat kan intree vir Israel toe God hulle wou uitwis! Kyk hoe het hy gebid vir Miriam! (Num. 12)

## (2) SIELE WENNERS! (Of "Dissipel makers")

WIE IS HULLE?

- ❖ Dit is hulle wat 'n "Passie" vir siele het.
- ❖ Ja, wat nog kan ween oor verlore mense.

## (3) <u>DIE HERDERLIKE BEDIENING</u>

- Ons kan nie net mense byvoeg by die gemeente as lidmate nie! (Baie val af van die "Evangelie wa")
- Israel was hieroor aangespreek. <u>Eseg. 34:1-4</u>
- HET JY 'N HART VIR MENSE? DAN KWALIFISEER JY HIERVOOR.

## (4) <u>GENESINGS BEDIENING!</u>

- Ons leef in 'n siek wêreld.
- Wat maak ons met <u>Jakobus 5:13-16?</u>

**As jy gewaar die Here wil jou gebruik om vir siekes te bid, meld jouself aan om daarvoor toegerus te kan word. God wil ons lidmate meer gebruik!**

**<u>Meld jouself vandag aan</u>:**

- **<u>As 'n Voorbidder</u>**
- **<u>As 'n Sielewenner</u>**
- **<u>Om mense te versorg</u>**
- **<u>Om vir Siekes te bid</u>**

## "SO Sê DIE HERE AAN SY GESALFDE" JESAJA 45:1-3

**Neem hierdie Profesie vir jouself!**
***"So sê die Here oor jou, Sy GESALFDE"***

***(1) Ek het jou regterhand gevat!***
***(2) Ek gaan voor jou uit om hoogtes gelyk te maak!***
***(3) Alle deure wat vir jou moet oopgaan sal Ek oopmaak, al moet Ek hulle oopbreek!***
***(4) Ek gaan vir jou "Geestelike" Rykdomme gee!***
***(5) Maar ek gaan ook vir jou voorsien in Finansies!***
***(6) WANT EK IS DIE HERE WAT JOU BY JOU NAAM GEROEP HET...EN JY IS MYNE!***
***(7) Ook sê die Here: "As iemand dit waag om jou seer te maak, dan raak Hy my oogappel aan!" (Sag. 2:8)***

**WIE WAS KORES?**
Hy was 'n Persiese Koning wat Babilon verower het.

**WAAROM HET GOD ISRAEL NA BABILON GENEEM?**
**2 Kronieke 36:20,21** *"En die wat van die swaard oorgebly het (in Jerusalem in die tyd toe Nebukadneser die stad verower het) het hy na Babel in ballingskap weggevoer, en hulle het vir hom en sy seuns slawe geword, totdat die koninkryk van Persië tot heerskappy gekom het, sodat die woord van die Here deur die mond van Jeremia vervul sou word: totdat die land vir sy sabbatte vergoeding gekry het; al die dae van die verwoesting het dit gerus om sewentig jaar vol te maak."*

**<u>Die land moes elke 7 jaar gerus het Lev. 25:3,4</u>**
Maar vir 490 jaar het Israel geen sabbatsjaar gehou nie. Hulle het in totaal dié tyd die land 70 jaar van rus geskuld. Om hul skuld teenoor die land te kon betaal, was Israel weggeneem na Ballingskap.

**<u>WAAROM HET GOD KONING KORES GESALF?</u>**
OM ISRAEL TE HELP OM HUL TEMPEL TE HERBOU.
GOD SALF ALTYD MET 'N DOEL. **<u>Luk. 4:18,19</u>**
*"Die Gees van die Here is op My, omdat Hy (Sy Vader) My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig."*

**<u>WAT BETEKEN "SALWING"?</u>**
<u>Wanneer God se Gees op jou gees kom!</u>
<u>Jy moet 'n dors daarvoor hê.</u> **<u>Joh. 7:37</u>**

**<u>BEGEER JY GOD SE "SALWING"?</u>**

- GOD KAN ENIGE MENS SALF WAT HY WIL GEBRUIK!
- GOD KAN OOK MENSE "<u>BUITE DIE KERK</u>" SALF!
- JY SIEN "<u>DOR BENE</u>" – GOD SIEN '<u>N LEËRMAG</u>!
- MAG GOD JOU <u>HUWELIK</u> SALF!
- MAG GOD JOU <u>BESIGHEID</u> SALF!
- MAG GOD JOU <u>WERK</u> SALF!
- MAG GOD JOU <u>STUDIES</u> SALF!
- MAG GOD JOU <u>FINANSIES</u> SALF! **<u>2 Kor. 9:8</u>**

# STREK JOU UIT NA WAT VOOR IS

**Filippense 3:14** *"Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."*
Die Lewende Bybel: *"Ek haal alles uit om by die eindpunt aan te kom en die prys te wen – die nuwe lewe in die hemel waarvoor God ons geroep het deur alles wat Jesus Christus gedoen het."*

***Ons begeer 'n "Dieper" lewe met die Heilige Gees! Daarom kom die boodskap: "Strek jou uit na wat voor is"***

**Moenie vashaak by die negatiewe dinge wat jy ondervind het nie, soos: siekte; hartseer; pyn en teleurstellings.**
Dit sal jou verhinder om 'n lewe van oorwinning te leef.

**Vergeet die verkeerde verlede!** God dink nie meer aan jou sondes, wat jy bely het nie!
***As jy nie die negatiewe verlede kan vergeet nie, sal jy nie kan oorwin nie!!***
Droom sterker oor die begeertes wat jy het. *"If you can dream it, you can do it".* God is instaat om jou drome te vervul.

**Doen wat geskrywe staan in Psalm 37:4** *"Verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart."*

**<u>Hoe doen ons dit?</u>** In die Woord en in gebed asook om te getuig wat God al vir jou gedoen het!!

<u>Paulus moes vergeet hoe hy die gemeentes vervolg het.</u>
Om te dink Paulus het die klere opgepas van die manne wat Stefanus met klippe gestenig het. (Hand. 7:58,59)
Dit was negatiewe dinge wat Paulus moes vergeet en agter sy rug geplaas het sodat hy kon uitreik na sy nuwe lewe in Christus.

**<u>Nog 'n voorbeeld is Hiskia (2 Kon. 20:1-6)</u>**
Hy was tot die dood toe siek en kry die boodskap dat hy sou sterwe. Hy draai sy rug op sy probleem en roep tot God om genade. Hy leef nog vyftien jaar.
Draai vandag jou rug op jou probleem en op jou negatiewe verlede!

**<u>WAT MOET JY VERGEET?</u>**

- Vergeet die siekte waardeur jy gekom het. Moenie net gedurig daaroor praat nie. Jou getuienis van herstel moet groter wees as jou siekte.
- Vergeet jou finansiële verlies en glo **<u>Fil. 4:19</u>**
- Vergeet dat iemand onder jou uitgeloop het.
- Vergeet die opinies van mense.

**<u>Neem kennis: Jou motor het 'n voorruit maar ook 'n tru-spieël</u>**
Die rede waarom jou motor se voorruit groter is as jou tru-spieël is omdat dit belangriker is dat jy kan sien waarheen jy op pad is as wat agter jou is. Moenie fokus op gister se teleurstellings, pyne en mislukkings nie.

**<u>JY MOET ALTYD ONTHOU:</u>**

- Daar is 'n verskil tussen <u>Werklikheid en Waarheid</u>!
  Die <u>Werklikheid</u> mag wees dat jy ernstig siek is – maar die <u>Waarheid</u> is dat jy genees is deur Jesus se wonde.
  **<u>1 Pet. 2:24</u>**

- Jy is 'n nuwe skepsel! **<u>2 Kor. 5:17</u>** *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*
  Die Griekse woord wat hier vir "nuwe" gebruik word is "kainos" en dit beteken: "Nog ongebruik" asook "vars"
  Voel jy dat jy "misbruik" was? God wil jou "Splinternuut" maak!! **Jy is wat Ef. 1 sê jy is:**
  Geseënd – Uitverkies – Vergewe – Erfgenaam – Verseël

**<u>Bid die Gebed in Ef. 3:16-18 oor jou Groep:</u>**

*"Ek bid dat God, wat so wonderlik en sterk is, deur Sy Gees vir julle die krag sal gee wat julle nodig het om geestelik julle man te kan staan...Deur ander met liefde te behandel sal julle lewens die vastigheid kry wat julle nodig het. Ek bid ook dat julle...sal kan ervaar hoe lief Christus ons regtig het. Sy liefde kan ons nie met woorde beskryf nie, dit is te groot. Maar ek bid tog dat julle so 'n ietsie daarvan sal snap. Mag God julle lewens met Sy teenwoordigheid oorspoel...Hy verdien daarom al die eer wat die kerk het om te gee, veral as ons dink aan wat Christus Jesus vir ons gedoen het.*
*Almal moet Hom so eer, nou, môre en tot in ewigheid. Mag dit so wees." (Die Boodskap)*

## "<u>GOD HET MY LAAT VERGEET</u> "
## <u>Gen. 41:46-52</u>

**HOE HET GOD JOSEF GEHELP OM TE VERGEET?**
**DEUR DIE GEBOORTE VAN MANASSE! V.51**

**DANK GOD VIR GEESTELIKE GEBOORTES**

- ***Joh.3:6*** *"Wat uit die vlees gebore is, is vlees en wat uit die Gees gebore is, is gees."* HET JY DIT AL ONDERVIND?
- **Geboortes het TREKKRAG.** Dit trek mense na jou huis.
- **'n Geboorte het nie 'n VERLEDE nie, maar net 'n TOEKOMS.**

*Nuwe Skepsel, jou lelike verlede is uitgewis!*

**WAT MOES JOSEF VERGEET?**

- Dat hy sy DROME te vroeg bekend gemaak het.
- Dat sy broers nie sy drome aanvaar het nie.

**Leer van Nehemia. Ons lees in Neh.2:12** *"...maar ek het aan geen mens meegedeel wat my God in my hart gegee het om vir Jerusalem te doen nie."*

- Dat hy in 'n put gegooi was en as slaaf verkoop was.
- Dat hy onskuldig in die tronk beland het.

**GOD SAL JOU HELP OM TE VERGEET:**
**As jy maak soos Paulus! Fil.3:14**
**As jy Vergifnis boodskap in Matt.18 kan verstaan!**

- Jy vergewe nie net hulle wat jou vra nie
- Jy vergewe omdat God jou vergewe het
- Jy het die sleutel om jou traliedeure oop te maak!

# GOD HET 'N PLAN VIR JOU LEWE

***Lees: Jer. 29:1 en 5-11***

**VERS 11:** *"Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee."*

- ISRAEL WAS IN BALLINGSKAP IN BABILON
- KYK TOG WAT VERWAG GOD VAN HULLE (verse 5-7)
  Moenie ophou lewe as dinge verkeerd gaan nie.
  Selfs met die toestand in ons land vandag.
- God se volmaakte plan vir Israel was nie Babilon nie.
- God was nie onkant gevang met Israel in Ballingskap nie.
- God wil dat jy Vry sal wees en nie Gebind nie.
- Het jy geweet? God gee sonder om te verwyt (Jak. 1:5)
- God se roeping in onberoulik (Rom. 11:29)

DANK GOD VIR SY VOLMAAKTE PLAN VIR ONS

**(1)** Dat almal gered word. **1 Tim.2:3,4**
**(2)** Dat ons gesond moet wees. **3 Joh.1:2**
**(3)** Dat jy God se geseënde is. **Ef. 1:3,4**
**(4)** Dat jou huwelik geseënd sal wees. **(Mark. 3:25)**
**(5)** Dat jy finansieël voorspoedig sal wees. **(2 Kor.9:8)**

DIE HEBREEUSE WOORD WAT VIR "PLAN" GEBRUIK WORD IS "Machechabed" (Dit is 'n gewysigde plan)
GOD HET EINTLIK NIE 'N PLAN "B" NIE

HET JY GOD SE EERSTE PLAN GEMIS?
GOD GEE JOU 'N TWEEDE KANS!

# <u>DIE SALWING MET DIE HEILIGE GEES</u>

- Salwing is meer as net die noem van sekere tekste.
- Soos wat olie gepers word van olywe, so sal jy ondervind dat God se "Heilige Gees olie" sal vloei wanneer jy deur moeilike tye in jou lewe gaan. Want dit is dan dat jy God meer soek.
- God se salwing word nie gegee vir die kanaal waardeur dit moet vloei nie, maar vir die persoon na wie dit vloei!
- "Salwing" is 'n Bybelse woord, en jy ondervind dit wanneer God se Gees op jou gees kom!

Die mees uitstaande teks oor salwing vind ons in **Luk. 4:18,19** waar ons lees: *"Die Gees van die Here is op My, **omdat Hy My gesalf het** om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan die gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig."*

Ook lees ons in **Hand. 10:38** *"met betrekking tot Jesus van Nasaret, hoe God Hom **gesalf het met die Heilige Gees** en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was."*

En in **1 Joh. 2:20,27** lees ons: *"En julle het **die salwing van die Heilige**, en weet alles... En **die salwing** wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie;..."*

Wat hier geskrywe staan beteken nie dat ons niks meer by ander kan leer nie. Maar dat die Heilige Gees ons lei in al die waarheid.

**AS DAAR EEN DING IS WAT ONS VANDAG IN DIE KERK NODIG HET. DAN IS DIT 'N VARS SALWING MET DIE HEILIGE GEES!**

EERS 'N VRAAG: Is die salwing van die Heilige Gees iets wat fisies waargeneem kan word?
Persoonlik ervaar ek die salwing van die Heilige Gees baie maal deur 'n besondere bonatuurlike krag wat van my liggaam besit neem, gepaardgaande met "hoendervleis" op my liggaam. Moontlik kan jy ook hiermee identifiseer?

Het Job nie ook 'n soortgelyke ondervinding gehad nie? Ons lees daarvan in **Job 4:12-15.** Dit lees: "siddering het my hele gebeente laat bewe. Toe skuif daar 'n gees voor my verby; die hare van my vlees het opgerys." Lees ook gerus van Daniël se ondervinding in **Dan. 10:10-17.**

**OM DIE BOODSKAP OOR DIE SALWING BETER TE VERSTAAN MOET ONS IN DIE OU TESTAMENT GAAN KYK NA TWEE DINGE:**

1. Watter waarde geheg was aan die salf met olie
2. Ons sal ook sien dat wanneer mense (en ook dit wat aan God geheilig was) gesalf was met olie, het God se salwing en heerlikheid daarop neergedaal.

**<u>IN DIE OU TESTAMENT WAS SEWE MATERIëLE DINGE VIR GOD GESALF:</u>**

1. Die Tabernakel – **<u>Ex. 40</u>** (Die hele hoofstuk) Ex 30:26-29 (lees vers 30 in die Lewende Bybel)
2. Die Altaar – Ex 29:36, 40:10, Lev 8:11
3. Die Waskom – Ex 40:11
4. Al die gereedskap in die Tabernakel – Ex 40:9-15
5. Brood – Ex 29:2, Lev 2:4, 7:12
6. Skilde – Jes 21:5, 2 Sam 1:21
7. Pilare – Gen. 31:13

MET ANDER WOORDE ALLES WAT GEBRUIK WAS OM GOD TE AANBID, WAS DEUR SALWING AFGESONDER VIR DIE HERE.

**<u>DIE PRIESTERS WAS OOK DEUR SALWING MET OLIE AFGESONDER VIR DIE HERE</u>**
**Ex 29:7,29 40:13**

**Ps 133:2** vertel ons hoe hierdie salwing was: "Dit is soos die kosbare olie op die hoof, wat afloop op die baard, die baard van Aaron, wat afloop op die soom van sy klere".

**<u>EK HET UITGEVIND DAT GOD MENSE SALF MET SY GEES WANNEER HULLE GESALF WORD MET OLIE IN SY NAAM!</u>**
Een van die mooiste voorbeelde in die Bybel, rakende hierdie stelling, vind ons in **1 Sam. 16:13** waar Samuel vir Dawid gesalf het as koning in die plek van Saul.

## <u>Iemand vra:</u> Maar salf ons nie net siekes met olie nie?

**In Jakobus 5:14** word ons vertel dat die ouderlinge hulle wat siek is moet salf met olie.
Ek sal nooit vergeet hoe ek in 1957, as 'n jong prediker, 'n omie op die plotte in Klerksdorp besoek het. Hy was siek en ek moes vir hom gaan bid het. My motor was stukkend en met my breë-wiel fiets het ek na hom gereis, so deur die dik sanderige paaie. Toe ek egter vir hom wou bid het hy my gevra waar my salfbotteltjie is?
Tot daardie oomblik het ek nog niks daarvan gehoor nie. Op Bybelskool het niemand ons daarvan vertel nie. Sy woorde aan my was: *"Jongman, moet nooit vir iemand bid sonder om hulle met olie te salf nie."*
Deur die jare het ek meer genesings gesien wanneer ek mense met olie gesalf het terwyl ek vir hulle gebid het.

Ons probleem vandag is: Indien iets nie inpas by ons filosofie nie, dan plaas ons dit onder die Ou Testament. So maak baie ook met die gee van tiende. **Tog hou ons almal van Psalm 23 asook Deut. 28!!**

**<u>Kom ek vertel jou die volgende:</u>**

✓ <u>Ek besoek die destydse "Noord Transvaal" met spesiale dienste</u>

In Nylstroom hou ek 'n naweek dienste. Terwyl ek die Saterdagoggend in die kerk bid vir die aand se diens, het die Gees van die Here dit sterk op my hart gelê om dadelik (voor die Apteek toemaak) 'n botteltjie met olyfolie

te gaan koop om mense te salf met olie. Daardie aand het ons 'n deurbraak ervaar! Na diens het 'n hele klomp mense die pastorie, wat langs die kerk was, besoek vir tee. Daar was baie krag van die Here teenwoordig. Ongeveer 23h30 het ek opgestaan en verskoning gevra, aangesien ek nog 'n besige dag die Sondag gehad het om die Woord te verkondig. 'n Vrou, wat nie 'n lidmaat was nie, het opgestaan om my te groet. Toe ek haar hand neem het sy van oorkant die koffietafel geval, en jy kon net koppies sien trek deur die lug! Ek het verder niemand gegroet nie en is na my kamer.
Die volgende dag het ek verneem dat die pastoor baie besig was dwarsdeur die nag met die mense wat daar was en om vier uur die oggend het hy van hulle gedoop!

✓ Na drie weke van dienste in hierdie streek het ek my weer bevind naby Nylstroom by Pastoors bidure van die streek. Ek was hul hoofspreker.

Die laaste aand het ons afgesluit waar ek elke pastoor gesalf het met olie. Toe ek die streekvoorsitter salf, kon hy nie bly staan vanweë die krag van die Heilige Gees nie. 'n Paar van ons moes hom help om in sy bed te kom vir die nag. Ons was nog twee pastore wat saam met hom gebly het in 'n kamer.
Die volgende oggend het hy beswaarlik in sy motor gekom om terug te ry na sy dorp.

## WAT GEBEUR MET ONS WANNEER GOD ONS SALF MET DIE HEILIGE GEES?

**Ons word verander in 'n ander mens.**
Lees gerus wat met Saul gebeur het in **1 Sam 10:6.**
Jy kan jouself nie verander nie, maar as jy toelaat dat God se Gees besit neem van jou lewe sal daar 'n dramatiese verandering, tot eer van God, in jou lew plaasvind!

**Die salwing open ons oë. In Num 24:1-4** lees ons van Bileam en hoe die Gees van God op hom gekom het. In die 3de vers kon hy van homself praat as die man met die geopende oog, omdat die Gees op hom gerus het.

In **Open. 3:17,18** praat Jesus ook van salf wat ons kan kry om ons oë te salf. Hoekom het die gemeente van Laodicea hierdie salwing nodig gehad? Omdat hulle "lou" was en dit nie eers geweet het nie! Het jy miskien jou vurigheid in God verloor? Bid dan vir 'n nuwe salwing van die Heilige gees!

In **2 Kon 6** lees ons van Elisa en sy kneg Gehasi. Dit is duidelik in hierdie verhaal dat Elisa se geestelike oë oop was, terwyl dit nie die geval met Gehasi was nie. Elisa kon meer as net die vyand gesien het. Elisa was gesalf met die Heilige Gees terwyl Gehasi dit nie kon sê nie. GOD SOEK MANNE EN VROUE WAT HY KAN SALF MET SY GEES, SODAT HULLE MEER KAN SIEN AS DIE GEWONE MENS!

**Die salwing gee ons krag.**
Net voordat Jesus opgevaar het na die hemel het Hy die volgende uitgeroep in **Hand. 1:8:** "Maar julle sal krag (dunamis) ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle sal kom, en julle sal My getuies wees." ('dunamis' is Grieks en beteken 'inwonende krag')

Voorwaar die Heilige Gees gee ons "dinamiese" krag om vir Christus te getuig. Baie keer het ons nie 'n vakansie nodig nie, maar eerder 'n vars salwing met die Heilige Gees! Geen wonder dat Simson die leeu kon verskeur het wat hom aangeval het, want God se salwing het hom daartoe instaat gestel. Ons lees daarvan in Rig. 14:6 – DIE WêRELD MOET NOG SIEN WAT GOD KAN DOEN DEUR IEMAND WAT DEUR GOD GESALF IS!

**Die salwing plaas jou onder beheer van God se wil.**

| | |
|---|---|
| Simson | Rig 13:25 |
| Jesus | Mark 1:12,13 |
| Paulus | Hand 20:22-24 |

**Die salwing laat jou geestelik groei.**
Het jy gegroei in jou gebedslewe, kennis in God se Woord asook jou bruikbaarheid vir die Here? Want 'n gesalfde stagneer nooit!

***Tussen hakies: As jy iets doen vir God sonder 'n salwing dan was jy nooit daarvoor geroep nie. Want die salwing van die Heilige Gees bevestig jou roeping vir 'n saak.***

**Lees met aandag Ps 92:11-15.**
Wanneer God 'n mens salf met Sy Gees dan groei jy soos 'n palmboom en word jy geplant in die huis van die Here! Met ander woorde jy is vasgemaak in God se kerk, want jy is soos 'n steen wat ingemessel is. Los stene kan weggedra word, maar nie ingemesselde stene nie! Daar is te veel "los stene" in God se kerk vandag!

<u>En die nuwe vertaling stel vers 15 soos volg</u>: *"Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag, Hulle sal fris en lewenskragtig wees."*
Anna, die profetes, was 84 jaar oud maar beslis lewenskragtig (sy kon nog selfs vas) omdat sy vol was van God se Gees! Ons lees daarvan in Lukas 2.

**God se salwing op my kan ander mense vir God beïnvloed.**
Daarom vind ons in die Bybel dat die salwing wat op iemand was selfs oorgedra was aan ander.

<u>Een van die mees uitstaande voorbeelde in God se Woord hiervan vind ons in **Num 11:25.**</u>
God neem van die Gees wat op Moses gerus het en plaas dit op 70 oudstes, sodat hulle geprofeteer het.

**Die salwing breek die jukke.**
Die Engelse vertaling van **Jes. 10:27** stel dit so pragtig: "And the yoke shall be destroyed because of the anointing"

# DIE DOPING MET DIE HEILIGE GEES

**Hand. 2:1-12**
Op Pinksterdag is die eerste gelowiges gedoop met die Heilige Gees en hulle het in ander tale gepraat, soos wat die Gees aan hulle gegee het.
Wie was daardie dag daar? **Hand. 1:13,14**

- Die "ongelowige" Thomas was daar
- 'n Aantal vroue
- Simon die "fanatikus" was daar (Nuwe/Vert.)
- 16 erkende tale was gepraat (Hand. 2:9-11)
- Daardie tyd was daar ook spotters (v. 12,13)

**Twee persone in die groep moet vertel hoe hulle gedoop is met die Heilige Gees**

**Hand. 10:34-38 en 44-48**
Hierdie gedeelte vertel ons hoe "Nie-Jode" gedoop is met die Heilige Gees en ook in tale gepraat het.
Wat beteken dit dat die Heilige Gees op hulle "geval" het? In Grieks meen dit "omhels"

**1 Kor. 14:26-28**
Tale praat in die gemeente en die uitleg (Alles moet ordelik wees)

**Bespreek dié gedeelte**

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**<u>Hoe kom die uitleg van 'n taal?</u>**

(1) Iemand praat in tale en iemand anders kry die uitleg deur 'n gesig wat hy sien.

(2) Die uitleg kan ook kom deur iemand wat kort gedagtes (of duidelike woorde) van die Here ontvang.

(3) Die uitleg kan ook kom deur 'n drang om in 'n taal wat die gemeente verstaan te praat wat die Here op jou hart gee om te praat.

**<u>Indien iemand gevul wil word met die Heilige Gees, moet daar 'n dors in sy hart wees!</u>**
**<u>In Joh. 7:37-39 staan geskrywe:</u>**
*"En op die laaste dag, die groot dag van die fees, (die Huttefees) het Jesus gestaan en uitgeroep (let op!) en gesê: <u>As iemand dors het</u>, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie omdat Jesus nog nie verheerlik was nie."*

<u>'n Getuienis van 'n matriek dogter (Klerksdorp)</u>
Ná 'n biduur het ons voor die kerk gestaan en gesels. Haar ouers en sy wat nuwe lidmate was, was baie teleurgestel dat hulle nie gedoop is met die Heilige Gees nie. Hulle het weggery maar was kort daarna terug. Agter in die motor was hul dogter, met haar hande in die lug, besig om in tale te praat. Die ouers vra ons toe wat dit is? Ek verduidelik dat die Here haar gedoop het met Sy Gees. In trane het hulle uitgeroep: *"Maar ons wil dit ook hê."*

**<u>Hoe dors is jy?</u>**

# WEES ENTOESIASTIES

**Die Skrifgedeelte om te lees is: Rom. 12:9-18**
Die teks wat uitstaan is: v.11: *"Wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here."*
'The Message' vertaal dit met: *"Don't burn out; keep yourself fuelled and aflame."*

'Collins Dictionary' says:
*"Enthusiasm is great eagerness to be involved in a particular activity which you like and enjoy or which you think is important"*

Die Griekse woord wat hier gebruik word is "en-theos" verwysende na God! Hoe meer Jy van God het hoe meer entoesiasties sal jy wees.

- Sonder Entoesiasme word die hoogste sporte in die lewe nie bereik nie.
- Wanneer iemand Entoesiasme toepas in wat hul doen, dan verhoog hul energie.
- Entoesiasme is soos suurdeeg wat die brood laat meer word.
- Entoesiasme is dit wat ander se emosies inspireer sodat hulle jou sal ondersteun.
- Entoesiasme wek kragte in jou op, maak jou vrymoedig en gee jou moed.
- Ouderdom mag jou vel vol plooie maak, maar as jy jou Entoesiasme verloor sal daar "plooie" in jou siel ontstaan.

**<u>Bybelse Voorbeelde</u>**
Deur Entoesiasme het Dawid Goliat verslaan (1 Sam. 17)
Deur Entoesiasme van Paulus is die bemanning van 'n boot gered (Hand. 27:25**)**
<u>Geen wonder dat Paulus kon uitroep in **Fil. 4:13**</u>
*"I have strength for all things in Christ who empowers me. I am ready for anything and equal to anything through Him who infuses inner strength into me" (Amplified Bible)*
Deur Entoesiasme kon Jeremia volhou met sy bediening.
**Jer. 20:9** *"En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dink nie en in Sy Naam nie meer spreek nie, dan word dit in my hart soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente."*

Het jy, soos Israel, jou Entoesiasme verloor? Vir 16 jaar het hulle opgehou bou aan die Tempel, totdat God hul gees weer "<u>opgewek</u>" het! **Haggai 1:14**
Het ons nie gedurig 'n opwekking van ons gees nodig nie?

**<u>Wat sal Entoesiasme terugbring in jou lewe?</u>**

- As Jesus met jou ontmoet! **Luk.24:32** (Dink aan die Emmaus-gangers)
- As jy God se Gawes aanwakker in jou lewe! **2 Tim.1:6**
- As jy 'n <u>besluit geneem het</u> om 'n wenner te wees! **1 Kor.9:24**
- As jy die verkeerde verlede sal vergeet! **Fil.3:13,14**

***<u>Jy sal die krag wat jou dryf verloor as jy nie kan vergewe nie</u> !***

# DIT IS VOLBRING!

Hierdie is verkorte notas van Alan Platt se boek wat aan my sy toestemming gegee het om dit te mag gebruik.

Ek beveel aan dat jy sy volledige boek bekom, naamlik:
***"Volbring – Dit is waar ons begin."***
*Verkrygbaar by: Faith Story Publishing*
*Posbus 20288, Noordbrug. 2522*

**Die doel van hierdie studie is, dat jy sal ontdek:**

- Dat die Evangelie waarlik goeie nuus is. En goeie nuus is net goeie nuus as dit goeie nuus is!
- Dat Christus aan die kruis die prys namens jou betaal het.
- Dat jy nie meer 'n sondaar is nie, omdat jy nou 'n nuwe identiteit in Christus ontvang het.
- Dat die afstand tussen jou en God vir ewig gekanseleer is, omdat God naby gekom het.
- Dat jy nie meer hoef te presteer om God se aandag te kry nie. Jy is aanvaar deur Hom.
- Dat jy nie meer 'n slaaf van skuld en skaamte hoef te wees nie, want Hy het jou kom verlos.
- Dat jy bekwaam gemaak is om in dié lewe te heers.
- Dat jy aan die ontvangkant staan van sy genade.
- Dat jy in 'n intieme, persoonlike verhouding met God kan leef – sonder enige veroordeling.
- Dat jy 'n erfgenaam van die Nuwe Testament is – elke belofte in die Skrif is 'n realiteit.
- Dat jy in die rus van God kan ingaan omdat Sy woord kan doen wat Hy beloof het.

## Jesus se laaste woorde aan die kruis was: 'Dit is volbring'

Toe Jesus dit gesê het, het Hy 'n oorwinning aangeteken en die vyand se wettige aanspraak op die mens verbreek. Want deur die sonde van Adam het die duiwel wettiglik aanspraak gekry op die mens. **Rom. 5:19**

Jesus alleen kwalifiseer om die mens vry te maak omdat Hy uit 'n maagd gebore is en dus nie deur die bloedlyn van Adam verwek is nie. Jesus is totaal sondevry.

Die prys was betaal – ons is nuwe skepsels in Hom!
**2 Kor. 5:17** *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk dit het alles nuut geword."*

**Die vertrekpunt is 'Dit is Volbring'**
Ons leef baie maal soos die speletjie wat ons speel met "Snakes & Ladders" Jy klim die een leertjie net om te ervaar dat 'n slang jou weer insluk. Ons speel hierdie speletjie om die eindpunt te bereik, naamlik: "Finish"
*"In Christus leef jy klaar heel bo in die "Finish" blokkie en geen slang hoef jou ooit weer onkant te vang nie!"*

Maar ons moet kennis neem dat ons nie werk na 'n einddoel nie. Ons geestelike geboorte (toe ons 'n nuwe skepsel in Christus geword het) het begin by "Finish" want Jesus het die volle prys betaal met Sy kruisdood. Moenie bang wees vir die "slangetjies" wat jou wil insluk nie. Jy is meer as oorwinnaar deur Jesus wat jou die krag gee om dit te wees!

**<u>Treffende verklarings wat Alan Platt in sy boek maak:</u>**

- Toe Jesus aan die kruis sê 'Dit is volbring' het dit beteken dat Hy wettelik aan al die vereistes van ons verlossing voldoen het.
- Jesus Christus het die mensdom eens en vir altyd volkome vrygemaak van enige skuld en ons almal kom kwalifiseer vir 'n lewe van oorwinning en oorvloed!
- Christus se oorwinning sluit ons persoonlik in en ons het nodig om dit te ontdek.
- Geloof is nie 'n passiewe belydenis nie, dit is 'n oortuiging van die hart wat tot aksie lei.
- Skuld is soos 'n las wat op jou skouers rus nadat jy iets gedoen het wat jy weet verkeerd is.
- Skaamte bring 'n vernedering waarin die individu beroof word van sy waardigheid.
- Die kruisdood was 'n sukses – daar was nou niks meer nodig om die mensdom te verlos nie; die prys was ten volle betaal!
- Geregtigheid beteken om deur God onskuldig verklaar te word en om volkome deur Hom goedgekeur en aanvaar te word.
- Die woord 'Redding' in Grieks is 'soteria' en beteken "heelheid – restourasie en volkomenheid"
- Jy het 'n splinternuwe identiteit ontvang – jy is nie meer 'n sondaar nie! **(2 Kor. 5:17)**

- Ons beloning is dus nie slegs die hemel nie, maar ons voorreg om toegang te hê tot die teenwoordigheid van God.
- Jesus se bloed het nie net ons sondes bedek nie, maar het dit finaal weggewas – om ons gewete te reinig.
- In Christus is ek heeltemal en vir altyd vrygesteld van enige poging om die wet te onderhou om sodoende God se guns te verkry!
- Die oomblik toe Jesus sterf, is Sy Testament geldig verklaar en ons is nou die wettige erfgename van alles wat Hy daarin vir ons nagelaat het.
- As jy die waarde besef wat Hy in jou plaas omdat Christus in jou is, verander dit jou denkpatrone radikaal.
- Genade is nie 'n konsep of leerstelling nie – dit is 'n persoon, Jesus Christus!
- Jy hoef nie 'n poging aan te wend om soos Christus te word nie; jy moet net in die spieël kyk en sien dat jy klaar soos Hy lyk!
- God nooi ons na 'n verhouding sonder grense, onbeperk, onbelemmerd, en ononderbroke.
- Die nuwe lewe in Christus is 'n lewe van oorvloed en rus vir elke gelowige.
- Christus het namens ons alles gedoen sodat ons 'n oorwinningslewe kan leef.

**<u>Daar is drie “W” ’s in jou lewe!</u>**
Wilskrag = Van nou af gaan ek my beste doen.
Wisselvallig = Jy probeer jou eie verlossing te bewerk.
“Worry” = Gee God nog om vir my? Ek ken nie my identiteit in Christus nie.

**<u>Bespreek die volgende vrae</u>:**

1. Die krag van identifikasie word duidelik in mense se reaksie op die oorwinning van ‘n sportspan gesien. Hoe sou dit wees as jy werklik sou identifiseer met die oorwinning van Jesus aan die kruis?
2. Wat is gesê of gedoen wat jou weerhou van God se doel in jou lewe?
3. Het jy al volkome ontdek dat jy ingesluit is in die oorwinning wat Jesus vir jou betaal het?
   Die realiteit is dat ons verlossing reeds afgehandel is. Alle skaamte en skuld is weggeneem.

In **Gal. 1:13** lees ons hoe Paulus self melding maak hoe hy voorheen die Christene vervolg het. *"Want julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in die Jodedom, dat ek die gemeente van God uitermate vervolg en dit verwoes het;...”*
Op die Damaskuspad het hy met Jesus kennis gemaak en is sy lewe volkome verander.

## God se Groot Geheim

Om die Evangelie te verstaan is om te ontdek wie Jesus Christus is en om te besef dat Hy nie slegs vir jou 'n voorbeeld is nie, maar dat Hy 'n voorbeeld van jou is. Omdat Hy tot die dood toe gehoorsaam was, het Hy jou bevry van jou identiteit in Adam en kan jy nou jou ware identiteit in Hom ontdek.

Die Evangelie is vir almal, maar nie almal verstaan dit nie. Dit is soos 'n berg wat deur digte mis verberg is. Jy het openbaringskennis nodig om die volheid van die Evangelie te verstaan.

Petrus het hierdie openbaringskenis nodig gehad voordat hy kon erken wie Jesus werklik is! **Matt. 16:17,18**

**Vrae:** Wat kan ons doen om die gevoel van skuld en skaamte te oorwin? Waarom bepaal die antwoord op Jesus se vraag: *"Wie sê jy is Ek?"* die identiteit van die mens? (Gesels daaroor)

## Die mens se reaksie

Baie probeer nog steeds die Ou Testamentiese wet hou deur goeie werke te doen met die hoop om God se guns te wen.

## Glo: Jy is nie meer 'n sondaar nie!

In die Ou Testament kry ons die woord *"heerlikheid"* wat kom van die Hebreeuse woord *"kabod"* wat *"gewig"* beteken.

Adam sondig en verloor God se heerlikhied, die "gewig" van Sy teenwoordigheid.

Daar was tye wat mense in die Ou Testament naby God gekom het en Sy teenwoordigheid beleef het. Maar dit was net vir 'n kort tyd. In die Nuwe Testament woon Sy heerlikheid in ons.

**Bespreek die volgende vrae:**

- Die Ou Testamentiese Wet is 'n spieël en Jesus is 'n spieël. Wat sien jy as jy in hierdie spieël kyk?
- In watter opsig verander jy om meer gelykvormig aan Jesus te wees?

*__Nota: Daar is ook 'n DvD reeks beskikbaar van Alan Platt se "Dit is Volbring"__*